GELOOFSHELDE ONDER DIE OU VERBOND

A. VAN SELMS

GELOOFSHELDE ONDER DIE OU VERBOND

DEUR

PROF. DR. A. VAN SELMS

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT SEMITIESE TALE,
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

H.A.U.M.
KAAPSTAD - PRETORIA
1960

'N WOORD VOORAF

Die opdrag wat aan die skrywer gegee is, was om 'n boek oor die geloofshelde uit die Ou Testament te skrywe. Toe met die uitwerking daarvan 'n begin gemaak is, het dit al spoedig geblyk dat daar twee moeilikhede in die pad lê. Die eerste is opgesluit in die woord „geloofsheld". Die Bybel ken daardie woord nie; daar is nòg in die Ou, nòg in die Nuwe Testament iets wat op daardie woord of begrip lyk. Die woord stam uit Lutherse, en meer bepaaldelik Duits-Lutherse kring; op Calvinistiese bodem kan so 'n plant nie so gemaklik opskiet nie. Dit is trouens heel goed moontlik dat Luther self teen die woord beswaar sou gemaak het of altans sou opgemerk het dat daar maar een geloofsheld is, naamlik onse Here Jesus Christus. Die gevaar dreig ongetwyfeld dat ons by die behandeling van die geloofshelde die nadruk meer op die heldhaftigheid as op die geloof sou lê; as ons daardie klip sou vermy, sou ons ook nog gevaar kon loop om die gelowige as mens in die middelpunt van die aandag te skuif in plaas van die oë op Hom, in wie die gelowiges geglo het, te rig.

As ons dan tog in die titel van die werk die woord geloofsheld gebruik, dan doen ons dit omdat dit nou eenmaal 'n sekere burgerreg gekry het, maar nie sonder dat ons daarby die nadruk lê op die feit dat heldhaftigheid nog geen geloof is nie, en dat die Bybelse geloof nie die voorreg van heldhaftige nature is nie. Dis een van die bevrydende dinge in die Heilige Skrif dat die gelowiges daar nie as volmaakte mense geteken word nie, maar as sondaars wat met menigvuldige swakhede behep is. 'n Geloofsheld is dus vir ons 'n man of 'n vrou in wie se lewe die geloof 'n beslissende rol gespeel het. Die verhaal van hulle lewe is vir die leser dikwels nie 'n navolgenswaardige voorbeeld nie, maar veeleer 'n troos: die geloof kon 'n lewe red wat sonder daardie geloof 'n mislukking sou gebly het.

Die tweede moeilikheid lê in die keuse: wie moet ons as geloofshelde aanmerk? In elke keuse lê 'n willekeurigheid opgesluit, en willekeurigheid moet ten aansien van die Heilige Skrif soveel as moontlik vermy word. By 'n eerste voorlopige opstelling van 'n lys van groot gelowiges — ook al weer so 'n bedenklike term! — het dit spoedig geblyk dat dit nie goed moontlik is om objektiewe maatstawwe te vind nie. Waarom sou ons die een gestalte opneem en die ander uitsluit?

In hierdie moeilikheid het ons die Heilige Skrif self te hulp geroep. Ons het onthou dat daar in die Nuwe Testament 'n gedeelte staan waarin 'n reeks van geloofshelde uit die Ou Testament opgesom is: die elfde hoofstuk van die Brief aan die Hebreërs. Ons het besluit om daardie Bybelse aanwysing te volg en dié figure te behandel wat in daardie hoofstuk genoem is of waarop daar gesinspeel word. Dit het ons taak nie gemakliker gemaak nie. Ons sou sekerlik nie uit onsself daartoe kom om bv. as eerste in die reeks van geloofshelde Abel te noem nie. Dikwels moes ons ons afvra waarom die skrywer van die Brief aan die Hebreërs 'n bepaalde gestalte voor ons oë oproep; sy keuse is sekerlik heeltemal anders as wat ons s'n sou wees. Ons moes dikwels worstel met die stof, en die spore van daardie worstelinge is sekerlik hier en daar nog wel merkbaar. Maar juis daardeur is ons verryk met insigte en uitsigte wat ons anders sou ontgaan het.

Hierdie boek sou dus beskryf kon word as 'n uitleg, aan die hand van die Ou Testament, van Hebreërs 11. Heeltemal korrek is dit nie, want teen die einde van die hoofstuk word ook gesinspeel op gebeurtenisse waaroor ons nie in die Ou Testament self lees nie, maar wel in die apokriewe boeke en min of meer gelyktydige literatuur. Daarom spreek ons ook in ons titel oor „Ou Verbond" in plaas van „Ou Testament"; die Ou Testament strek in tydmaat effens korter as die Ou Verbond. Maar in hoofsaak is tog die geskiedenis wat in die Ou Testament beskrywe is, ons bron by die uitleg van Hebreërs 11. Aan die ander kant is dit natuurlik ook waar dat die Ou Verbond feitlik eers met Moses en Israel begin het; maar die boek Genesis kan as

'n beskrywing van die voorbereiding van die Ou Verbond beskou word.

Daar moet nog teen een misverstand gewaarsku word: hierdie boek is nie 'n bundel preke nie. Daarom het ons nie geskroom om hier en daar 'n geskiedkundige uiteensetting te gee wat in 'n preek nouliks of heeltemal nie op sy plek sou wees nie. 'n Preek is uitleg en toepassing; die toepassing ontbreek hier gewoonlik. Nietemin spreek ons hier die bede uit dat die leser dit wat hier gebied word, op homself mag toepas en so in sy eie lewe mag ondervind dat die geloof „'n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."

Pretoria, 31 Julie 1958 DIE SKRYWER.

I. ABEL

Gen. 4 : 1–16
Hebr. 11 : 4. Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde *geloof* spreek hy nog nadat hy dood is.

Die elfde hoofstuk van die brief aan die Hebreërs stel aan die spits van die geloofshelde uit die Ou Verbond die gestalte van Abel. Hy staan daar 'n bietjie ongemaklik, want hy was nooit gewoond om voorop te gaan nie. Gewoonlik het hy maar weggeskuil agter sy ouer broer Kain wat veel sterker en moediger was as hy. Abel het altyd veel bewondering vir sy ouer broer gehad en hy sou liewer gesien het dat hier, aan die begin van die lange reeks van aartsvaders, rigters en profete, Kain sou gestaan het. Hy sou daar 'n mooi figuur gewees het: fris gebou, sterk van ledemate, homself bewus van sy betekenis. Maar Kain is nie hier nie, en nou staan Abel hier alleen, 'n bietjie verlore.

Dis wel duidelik dat die Heilige Skrif 'n heel ander voorstelling van geloofshelde het as ons. By die mense is die helde gewoonlik dié wat die meeste van hul medemense doodgeslaan het; maar van Abel weet ons dat hy doodgeslaan is. Ons ontdek min heldhaftigs in Abel, en waarskynlik sou ons hom ook nie as voorbeeld van geloof gestel het as die skrywer van die brief aan die Hebreërs sy opsomming nie met hom begin het nie. Ons kom dus voor die vraag te staan: Waarin lê eintlik die geloof van Abel? Ons moet probeer om die gedagtes van die Bybelskrywer na te dink. Waarom sê hy dat Abel deur die geloof 'n beter offer aan God gebring het as Kain?

Een ding is seker: die geloof van Abel lê nie spesiaal daarin dat hy 'n offer gebring het nie. Want dit het Kain ook gedoen. Ons moet ons seker nie voorstel dat Kain 'n ongodsdienstige mens was nie. Uit die bewoordings van die geskiedenis in Gen. 4 kan ons selfs wel die gevolgtrekking maak dat Kain die eerste was wat op die gedagte ge-

kom het om 'n offer aan God te bring. Godsdiens is so oud as die mensheid. Daar was geen tyd en daar is geen land waarin mense, hoe onbeskaaf en amper dierlik hulle ook mag wees, nie die drang gevoel het om die hoof vir 'n hoëre mag te buig nie. Altyd en orals het die mense met vrees en verlange probeer om in aanraking te kom met die hoëre magte, van wie seën oor lewe en werk verwag is. En van die oudste tye af was in die verkeer met die hoëre magte die offer die vernaamste handeling. Lofsang en gebed is slegs voorbereiding en begeleiding van wat in die middelpunt van die menslike vroomheid staan: die offer, die gawe van die eie aan die Allerhoogste.

Daarby moet ons nog rekening hou met die ou opvattings omtrent die gee van gawes. As ons aan iemand 'n present wil gee, gaan ons na die winkel en koop iets, wat ons dan later aan die ander oorhandig. Dit sou vir die mense uit die ou wêreld nie die gee van 'n gawe wees nie. In daardie tye kon jy alleen gee wat lankal in jou besit was, en daardie besit was nie 'n willekeurige ding nie, maar as 't ware 'n deel van jou persoonlikheid. Deur iets te gee bring jy dus 'n deel van jou persoonlikheid aan die ander, en deur dit te aanvaar neem die ander jou as persoonlikheid in sy gemeenskap op. In die antieke samelewing word gewer en gawe nie van mekaar onderskei nie. Deur 'n offergawe kom gemeenskap tussen die offeraar en sy God tot stand.

Kain was die eerste om 'n offergawe te bring. Soos Gen. 4 : 3 dit uitdruk: „Na verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE 'n offer gebring." En daarop volg dan: „En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet." Die woord „ook" is van betekenis in hierdie verband. Die inisiatief tot die bring van offergawes het van Kain uitgegaan. Toe hy eenmaal daarmee begin, het Abel die voorbeeld van sy broer gevolg. Hy was die jongere en het die leiding van sy ouere broer aanvaar. Kain was in elke opsig sy meerdere. Toe Kain gebore was, het sy moeder uitgejubel: „Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE." Die woord wat ons vertalers met „verkry" weergegee het,

stem in klank enigermate ooreen met die naam Kain. Daardie naam het dus iets van die blye juigtoon van die moeder bewaar. Maar die tweede seun het by sy geboorte die naam Abel gekry. „Abel" is dieselfde woord wat die boek Prediker telkens herhaal: „Tevergeefs". Die eerste kind is deur sy moeder as 'n man, 'n held begroet; die tweede kind was nie welkom nie: Vergeefse pyn, vergeefse sorg. Wie met so 'n naam die lewe moet ingaan, die sal altyd tweede kom; hy skuil weg agter die eerste, hy vind homself geen aandag werd nie, hy is by al wat hy doen deurdring van die besef van sy eie nietigheid.

So gaan daardie twee dan na die offerplek. Kain stap vooraan, die hoof omhoog, die bors vooruit. Hy ken geen aarseling nie en is bewus van die belang van wat hy gaan maak. Hy het 'n greep uit sy oes gedoen. Dit was vir hom nie nodig om iets spesiaals uit te soek nie; wat hy ook maar kon neem, was goed. Dit was goue koring of goue gars, deur onverdrote arbeid en waaksame beleid op die akker gekweek, gemaai, gedors, gewan, gesif. Die graan is die trots van die boer en die sinnebeeld van menslike kultuur. Die woord kultuur beteken oorspronklik ook niks anders as landbou nie. As Kain van die vrugte van die land na die heiligdom bring, dan toon hy dat hy nie stil gesit het nie, dan gee hy 'n blyk van sy prestasie. Uit die rykdom, wat sy arbeid vir hom opgelewer het, doen hy 'n willekeurige greep: dis altyd reg, want die resultaat van sy arbeid is goed. Hy kan gee van sy rykdom.

Agter hom, soos gewoonlik maar, kom Abel aangesukkel. Hy het geen rykdom om daaruit 'n willekeurige greep te doen nie. Aan die landbou het hy nie toegekom nie. Hy het in 'n ouere stadium van menslike bedryf bly steek: in die veeboerdery, en dan nog in die eenvoudigere soort daarvan, die boerdery met skape en bokke. Dit was die minder ontwikkeldes wat hulle daarmee in die oudheid besig gehou het. Abel het agtergebly en kon homself nie met sy broer vergelyk nie. Sy werk het veel minder kennis vereis en die opbrings daarvan was dan ook na verhouding minder. Abel wis dit self ook heel goed. Hy kon

van sy eie werk amper „abel", „tevergeefs, sonder resultaat" gesê het. En as daar nou tog ook deur hom 'n offergawe aan die Allerhoogste gebring moes word, was hy daarvan diep bewus dat sy gawe nie die moeite werd kon wees om aan te sien nie. Daarom soek hy in die diepe besef van sy eie waardeloosheid na die waardevolste wat hy besit: die eersgeborenes van sy trop, en van daardie eersgeborenes weer wat in die oudheid as die waardevolste gegeld het: die vetste.

Ons sien die verskil tussen die twee broers: Kain is ryk en gee van sy rykdom 'n willekeurige deel; Abel is arm en soek uit sy armoede wat nog die meeste waarde kan hê. Na menslike, uiterlike maatstawwe is 'n willekeurige greep uit die rykdom beter as 'n uitgesoekte stukkie armoede. So het die broers dit vermoedelik altwee ook gevoel. Kain het sy offergawe veel belangriker gevind as die van sy broer, en Abel het maar aarselend agter sy broer aangekom met die vraag in sy hart: sal die Here my armsalige gawe wel aansien?

Die brief aan die Hebreërs sê: Abel het 'n beter offer gebring as Kain. Beter: nie volgens uiterlike maatstawwe, volgens waardebepaling in geld nie, maar volgens die innerlike beskouing wat by God geld. Die woord herinner aan wat die Here Jesus Christus gesê het, toe Hy by die offerblok op die tempelplein gestaan het. Die rykes trek daarlangs en laat die goue en silwermuntstukke rinkelend daarin val; na hulle kom 'n arm weduwee wat twee koperstukkies ingooi. Toe sê die Here: „Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het. Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe." Die twee gevalle is nie in elke opsig gelyk nie, maar wel hierin dat Kain en die rykes uit hul rykdom iets willekeurigs afstaan, terwyl Abel en die weduwee uit hulle armoede die beste wat hulle kan gee aan God skenk.

Dis miskien hierom dat ons in Genesis lees: „Die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien, maar Kain en sy

offer nie aangesien nie." Dit staan daar nie by waarom die Here die offer van Kain nie aangesien het nie; ons moet ook erken dat ons die Here geen rekenskap kan afvra nie. Dit staan Hom vry om ons huldebetoon te aanvaar of af te wys. Hy hoef sy eie handelinge nie teenoor ons te regverdig nie. Maar die feit dat die brief aan die Hebreërs sê dat die offer van Abel beter was as die van Kain, en die feit dat die geskiedenis in Genesis die verskil toon tussen 'n willekeurige greep uit die rykdom en 'n sorgvuldige keuse uit die armoede, daardie twee feite maak dit tog wel baie waarskynlik dat die Here ook hier reeds Hom aan die kant van die arme en geminagte geskaar het. Dit is 'n deurgaande lyn in die Skrif sowel van die Ou as van die Nuwe Verbond. Later sal Hanna, die moeder van Samuel, self ook een van die vernederdes en beledigdes, daarvan sing: „Die boog van die helde is verbreek; maar die wat gestruikel het, is met krag omgord . . . Die HERE rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige." En die moeder van die Here Jesus neem daardie toon oor as sy jubel: „Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog. Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur."

Ons lees nog 'n keer daardie uitspraak: „Die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien, maar Kain en sy offer nie aangesien nie." Let wel, daar staan: Abel en sy offer. Dit gaan nie maar net om wat gegee word nie, maar ook en vooral om wat die gewer is. Daarom word eers die naam genoem: Abel, en eers daarna van die offer gepraat. Ons het trouens al gesien dat die ou wêreld geen skeiding tussen persoon en gawe gemaak het nie, maar die besit as 'n deel van die persoonlikheid opgevat het. Deur die offergawe te aanvaar, laat God die offeraar in sy gemeenskap toe. God laat Abel, die arme sukkelaar, toe tot sy gemeenskap: Abel wat niks het om hom op te beroem nie, het die troos van Gods gemeenskap nodig. Maar Kain is ryk in homself en daarom het hy in feite God nie nodig nie. God neem dan ook nie die moeite om hom aan te sien nie.

Die vraag is dikwels gestel, hoe die twee broers geweet het, dat die een se gawe wel, die ander se gawe nie aange-

neem is nie. Daarop kan geen antwoord gegee word nie. Die Bybel sê daar niks van nie. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs sê dat Abel getuienis ontvang het, dat God oor sy gawes getuienis gegee het. Met daardie mededeling moet ons ons tevrede stel; hoe daardie getuienis gegee is, word ons nie vertel nie. Dit kan wees dat daar 'n uiterlike getuienis deur God gegee is, en dat daardie teken deur altwee die broers gesien is, deur die een met dankbare verrassing, deur die ander met jaloerse wrok. Dit kan ook wees dat die getuienis van innerlike aard was: 'n inwendige sekerheid van verhoring in die hart, en dat Abel goedvertroulik daaroor met sy broer gepraat het. Onwillekeurig dink ons aan die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar, 'n gelykenis wat baie punte van ooreenstemming met die geskiedenis van Kain en Abel het. Soos Kain het die Fariseër vol selfversekerdheid die heiligdom betree, terwyl die tollenaar ver weg gestaan het en sy eie nikswaardigheid bely het met die woorde: o God, wees my, sondaar, genadig! Nadat hy die geskiedenis sover verhaal het, sluit die Here af met die woorde: „Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een."

Hoe het die tollenaar geweet dat hy deur God geregverdig, dit wil sê deur God in genade aangeneem en in sy gemeenskap ingelyf is? Die Here sê ons dit nie, maar dit kan aangeneem word dat vrede in die siel van die berouvolle sondaar gedaal het, en dat daardie vrede vir hom 'n aanwysing was dat God sy gebed verhoor het. So kan dit ook wees dat Abel die vrede van God, wat volgens die woord van die Apostel alle verstand te bowe gaan, as 'n teken van sy genadige ontferming gesmaak het.

Ons stel nou nog 'n keer die vraag: Waarin lê eintlik die geloof van Abel? Ons kan die antwoord nou gemaklik gee: dit lê voor en bo alles hierin dat hy sy eie onwaardigheid en nietigheid teenoor God besef het. Die geloof begin daar, waar 'n mens geen steun meer by homself vind nie. Solank as ons nog die gevoel het dat ons ryk is, is ons aan die begin van die geloof nog nie toe nie. Die geloof

word in armoede gebore: daar waar 'n mens ontdek dat hy uit homself niks vermag nie. Want die keersy van menslike onmag is die almag van die goddelike genade; sodra 'n mens weet dat hy niks is voor God nie, kan God alles vir hom word.

Die vuishoue van Kain kon daardie geloof nie die swye oplê nie. Na die dood van Abel roep sy bloed tot God in die hemel, netsoos in Openbaring 6 die siele van die martelaars tot God met 'n groot stem uitgeroep en gesê het: „Hoelank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?" Ook in die dood laat God sy gelowiges nie los nie: hulle lyding is van meer belang in die wêreldgeskiedenis as die uiterlike triomfe van Kain en die maghebbers van die aarde. „Deur dieselfde geloof", so sê Hebreërs 11, „spreek hy (Abel) nog nadat hy dood is". Al die onskuldige bloed wat van Abel af tot ons dae toe vergiet is, is nie vergeefs gestort nie. God hou dit in gedagtenis, en Kain en al die maghebbers, al die rykes en al die selfversekerdes, sal nog leer om daarvoor te sidder — sodat hulle miskien ook nog hul armoede en onmag sal besef en uitkom „by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel" (Hebr. 12 : 24).

II. HENOG

Gen. 5 : 1–24
Hebr. 11 : 5, 6. Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het. En sonder geloof is dit onmoontlik om *God* te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Die geweldige leeftye van die menslike geslagte van voor die sondvloed, soos in Gen. 5 opgesom, het die Bybelleser altyd weer in verbasing gebring. Daar is dikwels ge-

probeer om op die een of ander manier 'n vir die verstand aanneemlike verklaring vir die hoë getalle te vind. Partymaal word betoog dat in die vroeë dae van die menslike geskiedenis die kennis van die tydrekenkunde nog maar gering was; dit vereis baie noukeurige waarneming van die daelikse opgang van die son om presies te weet, wanneer 'n jaar verby is. Veel gemakliker is dit om die tyd met behulp van die maan te bepaal: dit vereis geen besondere kennis om die nuwe maan se verskyning waar te neem nie. Ons vind dan ook dat baie van die min beskaafde volke met maande in plaas van met jare reken. Is dit miskien ook die geval, so is gevra, in Gen. 5, sodat ons al die getalle deur twaalf moet deel om tot die werklike getal jare van die ou vaders te kom? Aangesien in hierdie hoofstuk die gemiddelde leeftyd van die opeenvolgende stamvaders omtrent 900 jaar is, sou 'n deling deur twaalf 'n besonder aanneemlike getal van werklike lewensjare oplewer.

Maar hierdie poging tot verklaring is in werklikheid onaanneemlik. Want dan moet ons dit ook gaan toepas op die leeftye van die vaders by die geboorte van hul eerste seuns. En dit sou beteken dat hulle elf, nege, agt jaar oud was toe hulle hul eerste seuns verwek het. Wat ons skynbaar, deur „jare" te vervang deur „maande", gewen het, verloor ons aan die ander kant weer. Ons het geen ander kennis van die ou figure wat hier genoem word nie, van Adam, Set, Enos en wat verder hul name ook mag wees, as net deur hierdie Bybelboek; geskiedenis en oudheidkunde kan ons hierby nie help nie. Ons sal dus wel moet afsien van pogings tot verklaring en eenvoudig moet aanneem wat ons hier meegedeel word. As dit vir ons verstand moeilik is, kan dit nog enigermate vir ons 'n troos wees dat die ou oorlewerings van die Babiloniërs en hul voorgangers in die vlakte van die Eufraat nog veel groter getalle vir die leeftye van die geslagte voor die sondvloed noem; en daardie getalle versink nog in die niet as ons hulle vergelyk by die geweldige syfers waarmee die aanhangers van die evolusieteorie goël. Daarby vergeleke is die getalle van Gen. 5 nog heel redelik.

Maar wanneer ons oor lang leeftye praat, gaan ons aan die belangrikste in Gen. 5 verby. Alhoewel die leeftye van die stamvaders van die mensheid veel langer is as ons s'n, eindig elke afsonderlike lewe toe soos nou met die dood. Agt keer hoor ons in hierdie hoofstuk dieselfde woorde: „En hy het gesterwe." Dit is die refrein wat die lied van die lang leeftye elke keer weer verander in die lied van die dood. Die lewe van die ou vaders verskil alleen kwantitatief van ons lewens, nie kwalitatief nie: want lank of kort kom dit altyd weer uit op die ene, onvermydelike: op die sterwensuur. Wat help dit ten slotte of 'n mens soos Metusalag negehonderd-nege-en-sestig jaar oud word, as die einde tog is: „En hy het gesterwe"? Ook van die gryse gestaltes van voor die sondvloed geld die lied wat Ps. 49 gesing het: „Soos skape word hulle bestem vir die doderyk; die dood is hulle herder". Dis 'n grootse en grillerige beeld: die mensheid onder die herderstaf van die dood. Van die geboorte af lei hy met sy ontvleesde hand ons na die doel wat hom bekend is, en al die vreugdes van die lewe blyk uiteindelik 'n pad te wees wat ons na sy doel bring. Die skape word na die slagpale gedrywe en die mense na die sterwensuur; die verskil is net dat die skape dit nie weet nie, en die mense wel; daardie verskil is egter net in ons nadeel.

Daar is een onreelmatigheid in die lied van die dood, wat Gen. 5 vir ons sing. As dit by die sewende generasie van Adam af kom, by Henog, vind 'n klein onderbreking plaas. Hier, maar dan ook net hier, ontbreek die refrein „En hy het gesterwe"; in plaas daarvan lees ons twee keer: „Henog het met God gewandel" en vervolgens: „Hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem".

Op die eerste aanblik lyk dit of die skrywer maar net 'n ander uitdrukking gebruik; in ons spraakgebruik is „God het hom weggeneem" dikwels nie veel anders as 'n omskrywing van „hy het gesterwe" nie. Maar in die Heilige Skrif is 'n verandering van woorde gewoonlik tegelyk 'n verandering van die saak; „weggeneem word" en „sterwe" beteken nie dieselfde nie. Die uitdrukking „wegneem"

kom in hierdie verband maar net 'n paar keer voor, en het 'n eie, volle betekenis.

Dit word ook gebruik om die heengaan van Elia te beskrywe. Twee keer, sowel in Bet-el as in Jerigo, vra die profete-seuns vir Elisa: „Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem?" Twee keer maak Elia self ook gebruik van daardie uitdrukking. Hy sê vir sy leerling: „Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word" en as Elisa dan sy wens uitgespreek het, belowe Elia hom dat sy bede vervul sal word, „as jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word". Uit die beskrywing van wat verder volg is dit duidelik dat Elia van die aarde weggeneem is sonder dat hy die dood ondergaan het: „En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elia het in die storm na die hemel opgevaar". Elia het dus nie gesterwe nie; wat hier beskrywe word is 'n hemelvaart.

Natuurlik mag ons daaruit nie die gevolgtrekking maak dat Elia deur die lugruim gevoer is tot hy êrens in die hoogte die hemel, die verblyfplek van God en die salige geeste, bereik het nie. Die hemel is nie 'n plek wat ons presies kan bepaal nie, maar 'n toestand, 'n ander manier van wees, 'n geestelike werklikheid buitekant hierdie tydruimtelike wêreld waarin ons lewe. Die opvaar in die hoogte is net 'n uitbeelding vir daardie oorplasing na, daardie verandering in 'n ander manier van wees. In die geval van Elia het God daardie sigbare uitbeelding gewil, sodat Elisa sou verstaan wat gebeur het: Elia het nie die dood gesterf nie, maar is deur God tot Hom geneem, in die Goddelike lewenstaat opgeneem.

Dit het met hom gegaan soos met die Here Jesus Christus by sy hemelvaart. Ook daarby het God 'n sigbare uitbeelding gegee van wat werklik gebeur het: voor die oë van sy dissipels is Hy opgeneem; vervolgens onttrek 'n wolk Hom aan hulle gesig. Hy het oorgegaan na die geestelike werklikheid; Hy het in die teenwoordigheid van sy Goddelike Vader ingegaan; Hy het aan die regterhand van sy hemelse Vader gaan sit. Hy is nou nie meer gebind aan

die beperkings wat die aardse liggaam aan 'n mens stel nie; sy liggaam is 'n geestelike liggaam wat volkome aan die mag van die gees onderwerp is, en daarom in die Goddelike lewenswyse kon ingaan.

Van daardie verandering spreek die Apostel as hy verklaar (I Kor. 15 : 44): „Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam . . . Soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra . . . Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word." In dieselfde lyn lê ook wat hy in I Thess. 4 : 16, 17 skrywe: „Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

Die apostel kan met groot sekerheid oor hierdie dinge skrywe, omdat die hemelvaart van Christus die onderpand is van wat eenmaal met sy gelowiges sal gebeur. In sy eenvoudigste vorm vind ons dit in die woord van Jesus (Joh. 12 : 26): „Waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees". Of ook in hierdie belofte: „En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is".

Onder die Ou Verbond was daar nog nie die sterk sekerheid wat die heilsgeskiedenis ons in Christus gegee het nie. Tog breek hier en daar wel iets van hierdie lig deur die donkerheid wat vir die meeste Ou-Testamentiese gelowiges oor die dood gelê het. Dieselfde Ps. 49 wat ons die beeld van die mensheid onder die herderstaf van die dood gegee het, getuig effens verder: „Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem". Ons hoor hier dieselfde woord „opneem" as wat ons in die geskiedenis van Henog en in die van Elia aangetref het. Net so sing Ps. 73: „U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem". Ja selfs by die heidene was 'n vae vermoede van so 'n moontlikheid nie geheel afwesig nie. Die Babiloniese sondvloedverhaal vertel dat Utnapisjtim,

die Babiloniese Noag, en sy vrou na hul offer op die herbore aarde deur die gode weggeneem is na 'n verre land, en daar onsterflik voortlewe, vry van alle moeite en verdriet.

In al die gevalle wat ons opgesom het, word vir „wegneem" of „opneem" dieselfde werkwoord gebruik. Dis 'n heel gewone woord in die Hebreeus, so gewoon dat daar maar selde oor sy betekenis nagedink word. Maar tog is dit die moeite werd. Wanneer ons nagaan hoe die woord gebruik word, ontdek ons dat nie elke handeling waardeur 'n mens iets tot hom neem, deur hierdie „neem" uitgedruk word nie. Dis eintlik die woord waardeur uitgedruk word dat jy iets neem wat aan jou behoort en jou eiendom is. So word daar byvoorbeeld gesê dat 'n man 'n vrou neem: in sy huis ontvang, nadat hy volgens ou Israelitiese sede die bruidsprys aan haar vader betaal het, en dus regte op haar kan laat geld. Op dieselfde manier word ook gesê dat iemand iets in ontvangs neem, nadat hy daarvoor die koopprys betaal het. As die patriarge van die een plek na die ander trek, dan word telkens gesê dat hulle hul kinders, vroue, slawe, vee en ander besittings geneem het: alles wat aan hulle behoort het, alles wat hulle wettige eiendom was.

Dit is van belang as ons die geskiedenis van Henog lees. Want as daar nou staan dat God hom weggeneem het, dan is daarmee uitgedruk dat God tot Hom geneem het wat sy eiendom was. God het nie willekeurig een uit die tien ouvaders gekies om aan hom te bewys dat Hy in staat is om iemand aan die mag van die dood te ontruk nie, maar God het eenvoudig die konsekwensie getrek uit wat reeds tydens die aardse lewe van Henog 'n feit was: naamlik dat hierdie Henog die eiendom van God was, 'n mens wat in sy hele lewe telkens getoon het dat hy homself geheel en al aan God oorgegee het. Dit word ook uitgedruk met wat tweemaal in die kort reëls oor Henog vermeld word: dat hy „met God gewandel" het. „Met God wandel" wil sê: so leef, dat telkens duidelik blyk dat jy nie alleen lewe nie; voortdurend rekening hou met jou onsigbare Metgesel op die lewenspad; by elke splitsing van die weg, waar tussen

goed en kwaad gekies moet word, jou laat lei deur Hom wat langs jou gaan.

Dit is die geloof van Henog, dat hy rekening hou met die onsigbare Metgesel. Dit veronderstel by hom twee dinge: in die eerste plek dat hy daarvan oortuig is dat so 'n onsigbare Metgesel bestaan; en in die tweede plek dat dit die moeite werd is om na daardie onsigbare Metgesel te luister. Soos die brief aan die Hebreërs dit uitdruk: „Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek". Vir die geloof is God altyd langs ons, en vir die geloof is niks van meer waarde as daardie nabyheid van God nie. Die gelowige sal liewer alles opoffer as dat hy daardie gemeenskap sou moet ontbeer. Al wat op aarde mag blink en straal, verdof by die geestelike glans van die verborge omgang met God. As ons by ons wandel deur die lewe by 'n uitdraaipad kom wat vir ons aanloklik lyk, wat ons rykdom en luste en skoonheid belowe, dan wil ons voete vanself daardie aantreklike rigting uit; maar meteens voel ons: hier wyk ons af van die onsigbare Metgesel; Hy gaan nie met ons die uitdraaipad in nie, maar gaan reguit, die opdraende op wat na die hoogtes voer. Dan verloor die lieflikste landskap sy bekoring en ons haas ons om weer by Hom te wees, ook al gaan Hy die pad wat moeilik is, wat deur woestyne lei. Want dis beter om met God in die woestyn te wees as om sonder Hom in 'n aardse paradys te vertoef. Met Hom bloei die wildernis soos 'n narsing; sonder Hom verdor die lushof en word tot 'n buit vir die vuur.

So was Henog in sy lewenswandel reeds hier op aarde die eiendom van God. So was Elia inderdaad 'n man van God, 'n man wat in al sy lewensuitinge bewys het dat God sy Meester was. Toe die aardse taak volbring was, het God eenvoudig sy eiendom tot Hom geneem. Dit spreek vanself dat God die synes nie loslaat nie. Net so vanselfsprekend as die vereniging van Christus, na die voltooiing van die heilswerk op aarde, met sy hemelse Vader was, net so vanselfsprekend is ook die vereniging van die Christen met sy Heer. Christus sou geen koning wees as Hy sy

onderdane en dienare nie uit die mag van die dood kon verlos nie.

Vir die gelowige wat met sy God gewandel het, is daar dus geen dood nie. Wat ander mense sterwe noem, is vir hom 'n opgeneem word in heerlikheid. Aan die einde van die aardse pad, waarlangs sy onsigbare Metgesel hom gelei het, sien hy reeds van ver die stralende hemelstad, die poorte wat pêrels is en die strate van goud. As dit die tyd is, lei sy Meester hom daar binne. Dan sê die mense op aarde: Hy is nie meer daar nie. Maar die hemelinge sê: Hier is hy.

III. NOAG

Gen. 6 : 9–22

Hebr. 11 : 7. Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereedgemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Teen die einde van die vorige eeu het 'n Duitse wysgeer 'n boek geskrywe wat die sonderlinge titel dra: „Hoe 'n mens met die hamer kan filosofeer". In daardie boek word alles wat tot daardie tyd as vaste waardes onder die mense gegeld het, stuk geslaan. Die filosoof met die hamer het daar 'n helse welbehae in om af te breek en te vernietig. Die hamerslae van die wysgeer het veral op kerk, godsdiens en moraal hard neergekom. Dit was 'n eerste simptoom van wat die twintigste eeu op groot skaal sou belewe: die wellus in vernietiging, in afbrekende kritiek sonder opbou, in mokerslae en meedoënlose vergruiseling.

Aan daardie wysgeer en sy boek moet ons 'n oomblik dink as die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons die gestalte van Noag teken en ons voor die gees roep hoe hier-

die man deur die bou van die ark „die wêreld veroordeel het". Ook hier sien ons 'n man met die hamer in die hand, en ook hier word met die hamer kritiek uitgeoefen. Maar Noag gebruik sy hamer nie om af te breek en te vernietig nie, maar om op te bou en te behou. Hy is die profeet met die hamer en sy hamerslae sal nog klink as al die boeke van die Duitse wysgeer lankal vergeet is.

In II Petrus 2 : 5 word Noag 'n „prediker van geregtigheid" genoem. In die boek Genesis, die hoofstukke 6 tot 8, word ons niks oor die prediking van Noag voor die sondvloed vertel nie. Dit kan aangeneem word dat hy, toe hy die eerste waarskuwing van God ontvang het, daaroor met sy tydgenote gepraat het. Maar dit word nêrens met soveel woorde gesê nie. Ons hoor wel dat Noag „'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote" was, en dat hy „met God gewandel" het; maar geen woord van vermaning of waarskuwing wat hy uitgespreek mag hê, het tot ons gekom nie.

Sy woorde was seker nie die belangrikste in sy lewe nie. Hy was veeleer 'n man van die daad. Hy het sy tydgenote nie met redevoerings bestook nie, maar het sy hamerslae ver in die rondte laat klink. Elkeen wat wou, kon hoor en sien dat hy besig was om 'n ark, 'n soort van woonskip, te bou, en die bou daarvan was op sigself reeds 'n duidelike aankondiging van wat binnekort op die aarde sou plaasvind. Noag staan en spyker die dik houtplanke teen die ribbe van sy skip vas. Elke slag van die hamer teen die koper naels is 'n woord van waarskuwing vir sy tydgenote. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die hamer aan die tydgenote sê!

En wat maak die tydgenote? Hulle het nie sonder om ag te gee aan Noag en sy seuns verbygegaan nie. Seker nie! Hulle het daeliks in troppe toegestroom om te sien wat hy maak. Dit was inderdaad 'n besienswaardigheid: 'n skip van afmetings soos daar in die ou dae nog nooit een was nie. Noag moes met die hulp van sy seuns daar jare aan gebou het. Dit was vir die burgers van sy stad altyd weer 'n aangename wandeling na die plek buitekant die stadsmure waar rusteloos aan die bou van die monstervaar-

tuig gewerk is. Dis altyd 'n aangename verposing om te kyk na ywerige en vakkundige werk.

En dan was dit telkens ook weer 'n plesier om die werkers te vra, waarom hulle die skip bou. Vra jy dit aan Gam, dan haal hy sy skouers op; vra jy dit aan Jafet of Sem, dan antwoord hulle: „Vader wil dit so". Vra jy dit aan die oubaas self, dan roep hy: „Ek het dit lankal vir julle vertel, maar julle wil na my nie luister nie. Luister maar liewer na die hamer en verstaan die boodskap, wat sy klop vir julle bring!"

Die boodskap van die hamer — dit is die groot pret vir die toeskouers. Hulle onthou nog die dag toe Noag opgestaan het in die volksvergadering en om aandag gevra het. Hy het 'n boodskap, 'n boodskap wat van God kom: God gaan die mensheid verdelg. Daar sal 'n watervloed oor die aarde kom waarin al wat lewe sal verdrink. Daarom gaan Noag die ark bou: 'n skip midde in die land. 'n Skip so groot dat dit nooit op een van die riviere sal kan vaar nie, 'n seeskip terwyl die see honderde myle ver weg is. Eenmaal sal al wat nou land is onder die see wees; dan sal die waters die skip optel en dit sal drywe, 'n veilige toevlugsoord as die geweldige vloedgolf deur die mure van die stad breek en die huise laat val.

Daar was nooit soveel gelag in die volksvergadering as daardie dag nie. Ou eerwaardige manne het opgestaan en getuig dat so 'n watervloed in hul lewenstyd nooit voorgekom het, en dat ook die vorige geslagte nog nooit van so iets gehoor het nie. Manne van wetenskap het met noukeurige besyferings aangetoon dat 'n derglike ramp ook in die toekoms nooit verwag kan word nie. Priesters het verseker dat die hemelse magte so iets nooit sal doen nie: hulle is maar te bly as hulle offers kry, en wat sou van die offerdiens tereg kom as die mensheid verdelg sou word? Dis nie seker of die hoender in daardie tyd al 'n huisdier was nie; maar as dit toe reeds bekend was het hulle seker verklaar dat die hemelse magte nooit die hoender wat die goue eiers lê, sou slag nie. So het elkeen dit op sy eie manier beter geweet as Noag en aan die einde van die vergadering het hy met sy seuns alleen gestaan.

Die volgende dag het hy met die voorbereiding van die ark se bou begin. Die brief aan die Hebreërs sê dat hy deur die geloof die ark gereedgemaak het, en inderdaad was daar geloof nodig om hierdie onderneming aan te vang en deur te voer. Want volgens die mening van die tydgenote het Noag homself daardeur by almal belaglik gemaak. Daar bestaan geen skerper wapen as die spot nie, en spot in al sy vorme het op Noag neergekom. Daar is geweldig veel geloof nodig om belaglik te durf wees. Vir menige man is dit veel gemakliker om sy lewe in die waagskaal te werp as om die hoon van sy omgewing te trotseer.

Dit is dus die geloof van Noag: nie dat hy 'n Goddelike waarskuwing ontvang het nie, maar dat hy daardie waarskuwing opgevolg het en dit aangedurf het om hom deur die hele wêreld te laat uitlag. En dit dag na dag, maand na maand, vermoedelik wel meer as 'n jaar lank. Het hy gedurende daardie lange tyd geen oomblikke van twyfel geken nie? Hy was geen mens gewees as die twyfel nooit in sy siel opgekom het nie. Natuurlik het hy homself ook wel afgevra of hy hom nie vergis het nie; of die stem wat in die verborgenheid tot hom geklink het wel regtig die stem van God was; of dit inderdaad moontlik kon wees dat net hy die gevaar sien, en die hele wêreld daarvan onbewus gebly het. Dit is geen kleinigheid om van die hele wêreld van opinie te verskil nie. Onwillekeurig kom dan tog die vreeslike vraag in die siel op of die mense nie gelyk het as hulle jou vir 'n ongevaarlike gek hou nie. Maar elke twyfel laat Noag die hamer vaster omklem en die vraende stemme in sy binneste word oorstem deur die geluid van die hamer, wat met elke slag herhaal: Dit kom! Die watervloed kom! Die groot oordeel is onvermydelik!

Waarom was die groot oordeel onvermydelik? Ons weet nie veel van die lewe van die mense in die dae van Noag nie. Die Heilige Skrif sê: „Die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld". Dieselfde woorde word nog 'n keer herhaal; besonderhede oor die verdorwenheid word nie gegee nie. Die enigste wat ons hieroor nader kan sê, moet ons aflei van die woord „geweld". Daaronder verstaan die Skrif elke handeling,

waardeur mag bo reg gestel word. Geweld is daar waar die sterkere sy wil aan die swakkere oplê. Sodra as 'n mens of 'n gemeenskap van mense die majesteit van die reg nie meer erken nie, word geweld oppermagtig. As nie langer erken word dat die swakkeres ook hul reg het en dat vir daardie reg ook die sterkeres moet buig, is daardie toestand geskape wat die Bybel met die woord „geweld" aandui. Dan het die mense reeds afgedaal tot die peil van die diere, en die staat word dan die dier van Openbaring 13. Waar die samelewing die reg nie meer as hoogste gesag erken nie, het dit tyd vir die groot oordeel geword.

So was dit in die dae van Noag. Die Bybel sê dat in daardie tyd die regsverkragting algemene reël geword het. „Alle vlees" — dit wil sê iedere mens — „het sy wandel op die aarde verderwe." Ons sou miskien kan dink dat as die sterkes die swakkes verdruk, die swakkes dan tog die onskuldige groep gevorm het. Maar die werklikheid is anders. Die swakkes vind altyd nog wel swakkeres aan wie hulle die vernederinge, wat hulle self onder die hand van die sterkes gely het, kan wreek. En die allerswakstes kan nog probeer om deur verraderlike oorvalle geweld met geweld te beantwoord. Ons moet liewer ook nie na die jong kinders verwys as mense wat tog persoonlik onskuldig aan die onreg staan nie. Want dieselfde neigings wat in volwasse geweldenaars en tiranne openbaar word, is ook reeds in die jongste kinders aanwesig. So bly dit dus daarby dat die hele mensheid in die dae van Noag skuldig gestaan het aan verkragting van die heilige regsorde wat God vir die menslike samelewing verorden het.

Net Noag was 'n uitsondering. Hy was, sê die boek Genesis, „'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote". Dit beteken nie dat Noag volmaak was nie. Die geskiedenis van sy dronkenskap bewys wel die teendeel. Maar hy was 'n man wat in sy verhouding tot sy tydgenote die reëls van die reg laat geld het, een wat telkens weer as sy begeertes hom wil voortdrywe, halt hou by die onsigbare grens waar die reg ophou en die magsuitlewing begin. In sy lewe het die onsigbare betekenis gehad. Vandaar ook dat die skrywer van Genesis daar op laat volg:

„Noag het met God gewandel". Hy wat eensaam was onder sy tydgenote, het God as sy Metgesel geken. Daarom kon hy dit ook, nieteenstaande alle twyfel in sy eie hart, uithou onder die spot van sy omgewing. Want hoe meer die mense teenoor hom te staan kom, des te meer voel hy God langs hom. God was met hom by elke slag van sy hamer. Met eerbiedige vrees het hy die ark gereedgemaak: wie God vrees, hoef vir geen mens bevrees te wees nie.

So staan hy daar dan, die profeet met die hamer. Elke hou is 'n herinnering aan die waarskuwing, wat hy van God ontvang het. Met elke hou het hy ook, soos Hebreërs 11 sê, „die wêreld veroordeel". Menslik gesien was dit ook na sy aankondiging van die groot vloed moontlik, dat die wêreld nie deur die oordeel getref sou word nie. As die tydgenote na sy waarskuwing geluister en die taal van die hamer verstaan het, sou God sekerlik vir hulle bekering nie ontoeganklik gewees het nie. Die geskiedenis van Jona bewys dat God nie skroom om sy aangekondigde oordeel op te skort as die sondaars hulle bekeer nie. Die waarskuwings van die profete is geen voorspellings wat moet uitkom ten spyte van wat die mense ook mag probeer nie; die heerlikste vervulling van 'n onheilsprofesie is die bekering van die gewaarskude sondaars, sodat die aangekondigde onheil nie hoef plaas te vind nie.

Maar die tydgenote het hulle nie laat waarsku nie. Hulle het in die sondvloed omgekom, nie so seer omdat hulle geweldenaars en regsverkragters was nie, maar omdat hulle hulle nie van hul geweld en regsverkragting wou bekeer nie. Hulle wou geen skuld erken nie. Wat teen hulle getuig het by God was nie in die eerste plek die feit van hulle sondes nie, maar hulle ongeloof aan die woord wat van Gods weë deur die hamerslae van Noag tot hulle gekom het. In dié sin is dit bedoel as die Skrif sê dat Noag deur die bou van die ark die wêreld veroordeel het. Net soos Noag gered is deur sy geloof, sy gehoorsaamheid aan die onsigbare, net so het die tydgenote ondergegaan

deur hul ongeloof. God bied aan elke misdadiger genade aan; maar as die misdadiger daardie genade nie wil aanneem nie, kan ons God dit nie verkwalik nie.

Noag het „'n erfgenaam geword van die geregtigheid wat volgens die geloof is". Ons het dit reeds gesê en ons herhaal dit hier: Noag was geen volmaakte mens nie. As Noag die waarskuwing van God nie opgevolg het nie, geen ark gebou het nie, sou hy met sy tydgenote in die sondvloed ondergegaan het, ook al was hy dan ook wel beter in sy lewenswandel as die ander. Dit is dus nie sy eie geregtigheid nie, dis sy geloof wat hom gered het. Geregtigheid sonder geloof red 'n mens nie. Daarom heet dit in ons tekswoord dat Noag 'n erfgenaam van die geloofsgeregtigheid geword het. Sy geloof is hom deur God as geregtigheid toegereken, en hy het daardie toerekening ontvang soos 'n seun 'n erfenis ontvang: sonder eie verdienste of toedoen, net deur die liefderyke beskikking van die Vader.

Natuurlik is dit waar dat die geloof van Noag hom in dade openbaar het. Alle waaragtige geloof openbaar homself in dade; maar dis nie die dade wat die geloof bepaal nie, dis die geloof wat die dade bepaal. Sonder geloof sou Noag nooit die hamer ter hand geneem het nie. Die geloof het hom sy spykers vas laat slaan. Volgens die boek Prediker (12 : 11) is die versamelde spreuke „soos spykers, diep ingeslaan". In Noag se geval kan ons dit omdraai: Sy spykers, diep ingeslaan, was spreuke, vir tydgenoot en nageslag, van die prediker van geregtigheid.

IV. ABRAHAM SE TREK

Gen. 11 : 27–12 : 10
Hebr. 11 : 8–10. Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Die wetenskaplike ondersoek van die ou-oosterse geskiedenis het ons oor Abraham niks geleer nie, maar des te meer oor sy agtergrond. Die Skrif vertel ons dat hy gebore is in Ur van die Chaldeërs, en daardie stad aan die benedeloop van die Eufraat is deur die graaf van die oudheidkundiges weer aan die lig gebring. Dit was 'n oeroue stad, wat reeds duisend jaar voor Abraham een van sy groot bloeitydperke beleef het. Die skatte aan goud en juwele wat in die koningsgraftes gevind is, oortref alles wat elders in die vlakte van Eufraat en Tigris ontdek is.

In Abraham se dae was die vorste van Ur miskien minder ryk, maar die algemene welvaart van die burgers was veel groter as duisend jaar vroeër. Hul huis word deur een van die opgrawers as volg beskrywe: „Die mense het gewoon in huise waarvan die mure onder uit baksteen, bo uit in die son gedroogde klei bestaan het. Pleisterwerk en witkalk het die verandering in boumateriaal vir die oog verberg. Dit was tweeverdiepinghuise wat dikwels tot dertien of veertien verskillende kamers gehad het. Die kamers was gerangskik rondom 'n geplaveide binneplaas wat lig en lug aan die huis verskaf het . . .

Deur die ingang van 'n huis het die besoeker eers in 'n klein voorkamer gekom, waar hy sy hande en voete kon was, en vandaar op die binneplaas; aan die een kant het hy die trap gesien wat na die tweede verdieping gelei het; agter die trap was die toiletkamer met afvoerbuise van erdewerk. Aan die ander kant van die binneplaas was die

kombuis met sy vuurmaakplek; weer aan 'n ander kant die ontvangkamer. Verder was daar ook 'n kamer vir die slawe, en een waar die huisgodsdiens gehou is." Die slaapvertrekke was op die tweede verdieping.

Ons haal die beskrywing so uitvoerig aan om dit goed duidelik te maak dat Abraham in sy jeug 'n stadbewoner was, gewoon aan al die gemakke wat die verblyf in 'n stad in daardie dae kon bied. In vergelyking met die aansienlike huise van Ur was die tent, waarin hy die tweede helfte van sy lewe deurgebring het, 'n armsalige en ongemaklike verblyf. Ons teks sê: „Hy het in tente gewoon met Isak en Jakob". Selfs al het hy deur die jare heen aan die tent gewoon geraak, moet tog by die aanblik van sy seun, later ook van sy kleinseuns, die gedagte wel by hom opgekom het dat hyself in sy jeug dit heelwat gemakliker gehad het as sy nageslag.

Wat het hom eintlik beweeg om weg te gaan uit sy vaderland na 'n vreemde gebied; uit die veilige stad na die onherbergsame woesteny; uit 'n gerieflike huis na 'n tent?

Was dit eenvoudig swerfsug?

Daar is mense wat die swerfsug as 'n ingebore drang met hul saamdra. Ons weet nie hoe hul daardie drang gekry het nie, maar ons weet dat dit by party mense 'n onweerstaanbare neiging is. In 'n ekstreme vorm tref ons dit aan by party boemelaars, wat altyd op pad is, sonder dat hulle self in staat is om uit te lê wat hulle eintlik soek. By ander neem dit minder radikale vorme aan, maar die gemak waarmee party mense sonder duidelike redes van woonplek of werkkring verander, wys tog wel op 'n derglike geaardheid. Daar is hele bevolkingsgroepe wat deur die swerflus beheers is. Europa het eeue lank die Sigeuners geken, wat vermoedelik uit Indië afkomstig is, maar deur al die lande getrek het sonder dat hulle hulle êrens blywend wou vestig. Op kleiner skaal was in die Ou-Testamentiese tyd die Keniete, rondtrekkende smede soos die Sigeuners, ook iets dergeliks; van hulle het gegeld wat van Kain gesê is: „'n Swerwer en vlugteling sal jy op die aarde wees".

Ons kan hierdie swerfdrang by mense nie vergelyk met die togte van die trekvoëls nie. Die trekvoëls het hul reëlmatige tye om te trek, soos Jeremia al geweet het: „Selfs 'n groot sprinkaanvoël aan die hemel ken sy bepaalde tye, en 'n tortelduif en 'n swaeltjie en 'n kraanvoël neem die tyd van hulle koms in ag". Hulle volg ook altyd dieselfde paaie en kom op dieselfde plekke terug. Hulle trek is bepaal deur die wisseling van die seisoene, en is dus nie so onredelik soos die dwaaltogte van mense nie. Die swerfdrang lyk 'n suiwer menslike verskynsel. Dit word nie soseer veroorsaak, al sê digters dit dikwels, deur die behoefte om nuwe streke en nuwe mense te leer ken nie, as wel deur die afkeer van wat vir 'n tydlank die eie omgewing was. Dis nie soseer verlange nie as wel onlus wat die mense daartoe bring om weg te trek. Miskien word hulle gedryf deur die vrees om te veel gebind te word, dieselfde vrees wat party mense afkerig maak van die huwelik en van 'n reëlmatige werkkring.

Maar van daardie vrees merk ons by Abraham niks nie. Inteendeel, toe hy eenmaal in Kanaän aangekom het, het hy telkens pogings gedoen om hom êrens blywend te vestig. Hy het dit geprobeer by Sigem en by Bet-el, maar dit het misluk. Vermoedelik het die Kanaäniete, argwanend geword deur sy altaarbou, hom gedwing om verder te trek. Daarna was dit die hongersnood wat hom uit die Suidland na Egipte gedryf het. Later het hy, danksy 'n verbond met Aner, Eskol en Mamre, hom blywend in die omgewing van Hebron gevestig en daardie streek nie meer verlaat nie. Ten slotte het hy daarin geslaag om by Hebron 'n stuk land in eiendom te verwerf. So handel geen mens wat 'n gebore swerwer is nie.

Waarom het die stedeling Abraham die oop veld gesoek?

Was dit uit afkeer van die stadslewe, uit liefde vir die vrye natuur?

Dergelike moderne gevoelens mag ons aan die patriarg nie toedig nie. Ons gedweep met die natuur is 'n betreklik jonge verskynsel in die geskiedenis van die mensheid.

Dit tree eers op as 'n samelewing deur al te groot verfyning uitgeleef raak. En dit kan eers dan optree as die natuur reeds makgemaak is. Solank as die mens nog moet veg vir sy bestaan, as hy voortdurend bedreig word deur wilde diere, honger of dors, dweep hy nie met die natuur nie. Die wilde natuur is vir hom 'n bedreiging wat hy vrees. Eers as hy hom, danksy die werk van sy medemense, sonder vrees daar buite kan beweeg, begin hy die eensaamheid te verheerlik.

Ons hele natuurliefde berus op 'n onsuiwere grondslag. Ons soek die natuur op met behulp van 'n motorkar, en ons neem ons radio saam. As ons die blikoopmaker vergeet, misluk die piekniek. Ons soek vrede in die natuur, maar in werklikheid heers daar onverbiddelike stryd. Die liefde vir die natuur is by baie mense die keersy van hul mensehaat of mensevrees.

In die oudheid het die mense heeltemal anders teenoor die natuur gestaan as ons teenswoordig. Die natuur was vir hulle die gevaarlike en vyandige element; die stad het vir hulle veiligheid beteken. In die stad was geordende toestande; daar het die sedewet geheers; daarbuite het net die reg van die sterkste gegeld. 'n Behoorlike lewenswyse was net in die stad moontlik. Buitekant die menslike samelewing word geen regverdigheid of barmhartigheid gevind nie. Die stad was vir die mense van die oudheid die draer van die sedelike waardes. Hy wat van die stad wegtrek, trek weg van alles wat die mens werklik mens laat wees.

Toe Abraham dus wegtrek, eers uit Ur van die Chaldeërs, later van Haran, toe het hy dus nie in 'n lieflike wêreld van vrede en rus gekom nie, maar inteendeel in die gevaarlike wildernis, waar die hoëre en fynere uitinge van die menslike gees nie erken is nie. Hy het gekom in 'n omgewing waar die vuisreg oppermagtig was. Ons mag ons nie voorstel dat Abraham gedweep het met sonsondergange of nagtelike stilte nie. Die komende duisternis was vir hom 'n bedreiging en die stilte van die nag vol onbekende gevare. Ons sien dan ook in die geskiedenisse van Genesis dat hy sy tent by voorkeur in die nabyheid van bestaande stede opge-

slaan het. Daar het hy hom altans effens veiliger gevoel as midde in die woesteny. Sy hart het altyd weer getrek na die samelewing van die mense soos hy dit in sy jeug geken het. Die brief aan die Hebreërs het beter as ons gewoonlik gevoel wat 'n moeilike lewe Abraham buite sy vaderstad gelei het: 'n vreemdeling in 'n vreemde land, een wat wegtrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Vir die derde keer vra ons dus: Waarom het Abraham op trek gegaan?

Die antwoord kan net wees: uit gehoorsaamheid. 'n Stem het tot hom gekom; hoe dit gekom het, weet ons nie, maar hy het daardie stem as die stem van God geken. God het tot hom gespreek en hom gebied om sy vaderstad te verlaat. God het van hom 'n ontsaglike offer gevra, en hy het die offer gebring: hy het alles verlaat wat vir die mens van sy dae waarde en betekenis kon hê: gemeenskap met die medemense, en gemeenskap met God. Want orals in die ou wêreld heers die oortuiging dat God net in die tempel ontmoet kan word, en die tempels het in die stede gestaan. Daarbuite, in die woestyn, ontmoet 'n mens net die demone, die bose geeste.

Dit was gehoorsaamheid, so sê die brief aan die Hebreërs, wat Abraham laat wegtrek het. Gehoorsaamheid aan 'n stem, wat eenmaal in sy ore geklink het, maar dan maande lank swyg. Dit was blinde gehoorsaamheid, want Abraham het nie geweet waar hy sou kom en wat hom daar sou wag nie. Wel kon hy weet dat sy lewe moeilik sou word, dat hy tallose gevare moes deurstaan, dat sy lewe een groot beproewing sou word. Van die oomblik af dat hy die stem gehoorsaam, sou van hom ook geld wat Christus eenmaal sou sê: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar hierdie mensekind het geen plek waar hy sy hoof kan neerlê nie. Dit was 'n lydensweg van die begin af tot die einde toe.

Dit is besonder fynsinnig dat die brief aan die Hebreërs aan die einde van ons teksgedeelte sê: „Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is". Anders as ons het die skrywer

van die brief aan die Hebreërs nog verstaan dat die hele lewe van Abraham beheers is deur die verlange na die stad. Hy het nie geswelg in verering vir die bome en blomme nie; sy heimwee het uitgegaan na 'n menslike samelewing waarin God aanbid en verheerlik word. Soos op die laaste bladsye van die Heilige Skrif die saligheid van die herbore mensheid geteken word as 'n heilige stad met mure en poorte en strate, so het ook hierdie vroeë figuur uit die eerste Bybelboek op al sy togte uitgesien na die stad wat God hom sou wys. Elke keer weer as hy oor 'n bergrug klim, het hy uitgesien of die Godsstad nie aan die horison verrys nie. Hierdie verwagting het in hom gelewe, ook as sy voete moeg word, ook as sy oë verblind word deur die stof van die woestyn.

Tussen gehoorsaamheid en verwagting staan die belofte. Die gebod van God is nooit sonder 'n belofte, want God speel nie met sy mense nie. As Hy hulle iets beveel, dan doen Hy dit omdat Hy aan hulle lewe sin en betekenis wil gee. Iemand het gesê dat geloof in die eerste en tweede en derde plek gehoorsaamheid is. Geheel juis is dit nie, want die gehoorsaamheid van die geloof is wel 'n blinde gehoorsaamheid, maar tegelyk 'n gehoorsaamheid wat gepaard gaan met die sekerheid dat dit nie sinloos is om gehoorsaam te wees nie. Gehoorsaamheid aan 'n mens kan sinloos wees as daardie mens 'n dwaas of 'n tiran is. Maar God is goed en wys, en daarom is in die gehoorsaamheid aan God altyd die sekerheid opgesluit dat daardie gehoorsaamheid uiteindelik, ook al weet ons nie hoe nie, geseën sal wees.

So is dit dan ook nie toevallig nie dat in ons teksgedeelte tweemaal die woord belofte voorkom. Toe Abraham die poort van Haran verlaat, het hy nie vir sy mense gesê: „Dit moet nou eenmaal; God wil dat ek hiervandaan gaan"; maar: „God wil dat ek soontoe gaan; Hy het vir my daarginds iets beters voorberei". En so gaan hy dan, agter hom die gebod, voor hom die belofte. So gaan hy dan, in gehoorsaamheid èn in vertroue. So het hy die vader van al die gelowiges geword, en is aan hom bewaarheid wat Christus later sou sê: „Daar is niemand wat huis of ouers of

broers of vrou of kinders verlaat het ter wille van die koninkryk van God, wat nie baiemaal soveel in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die eeu wat kom". Maar laat ons nie dink dat dit beteken dat die gelowige dit in hierdie lewe gemaklik sal hê nie. Dit het baie en bittere jare geduur voordat Abraham 'n mede-erfgenaam van die belofte in Isak gekry het; en van die vervulling van daardie belofte by sy aankoms in Kanaän: „Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee" — daarvan het hy net die grafspelonk van Magpela aanskou. Maar by die oordenking van Abraham se geskiedenis kom telkens woorde uit die Nuwe Testament by ons op, en so skrywe ons ook in gedagte bo die ingang van die grafspelonk van Magpela die woord van die Apostel: „Ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid".

V. ABRAHAM SE FAMILIELEWE

> Gen. 15 : 1–6; 17 : 15–22
> Hebr. 11 : 11, 12. Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het. Daarom is daar ook gebore uit een *vader*, en dit 'n verstorwene, *kinders* soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.

In die teks uit Hebreërs 11, wat ons hierbo laat druk het, staan die woord vader met skuins letters as 'n teken daarvoor dat dit nie in die oorspronklike Grieks voorkom nie, maar deur die vertalers net vir die duidelikheid ingevoeg is. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs het Abraham aangedui met die woord „een"; ons sou dit ook kon weergee met „'n eenling". Want „eenling" is 'n aanduiding vir Abraham wat ons 'n paar maal in die Ou Testament aan-

tref. In Jes. 51 : 2 lees ons: „Aanskou Abraham, julle vader, en Sara, wat julle gebaar het; want as eenling het Ek hom geroep en hom geseën en hom vermenigvuldig". En in Eseg. 33 : 24 hoor die profeet dat die skaarse bevolking wat na die val van Jerusalem in Juda agtergelaat is, gewoon was om te sê: „Abraham was 'n eenling, en tog het hy die land as besitting ontvang; maar ons is baie; aan ons is die land as besitting gegee!"

Abraham was 'n eenling. Dit was nie 'n erenaam nie. Daarmee word iemand aangedui wat nie in die midde van sy familie en geslag woon nie, iemand wat geen ander manlike bloedverwante het wat hom by kan staan in die dag van gevaar nie. Dit geld in die besonder van 'n man wat geen seuns het nie. Ps. 127 sê: „Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie." As 'n man omring deur sy seuns en bloedverwante in die raadsvergadering verskyn, dwing hy respek af. Die inwoners van Sodom het Lot, wat net dogters gehad het, gehoon met die woorde: „Hierdie een ('n beter vertaling sou wees: „Hierdie eenling") het gekom om *hier* as vreemdeling te vertoef en wil tog gedurig die baas speel". En die Prediker beklaag die lot van die eenling (Pred. 4 : 8—12): „Daar is een allenig sonder 'n tweede, ook het hy geen seun of broer nie; tog is daar geen einde aan al sy moeitevolle arbeid nie . . . Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid . . . Wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel."

Die grootste deel van hulle lewe het Abraham en Sara, langs al die gevare en moeilikhede wat hulle in die vreemde land ondervind het, ook die smart van die kinderloosheid gedra. As 'n eenling het Abraham weggetrek uit Haran, as 'n eenling in Kanaän gekom, as 'n eenling na Egipte verhuis, as 'n eenling weer na Kanaän teruggegaan.

Hy en sy vrou het die belofte ontvang dat hulle 'n groot nageslag sou hê, maar hulle kon nie sien hoe daardie belofte ooit werklikheid kon word nie. Hulle het die belofte geglo, maar toe daar deur die jare niks van 'n verwesenliking gekom het nie, het hulle geloof stadigaan gesterf.

Abraham was in al die eeue die voorbeeld van geloof; maar ons moet nie dink dat daardie geloof nooit gewankel het nie. Ook die grootste gelowiges moes deur baie beproewings heen leer om te glo, en die geloof ken soos die see sy eb en vloed. Daar was jare dat Abraham die belofte van God nie in sy volle letterlike betekenis wou aanneem nie. Ons sien tot drie keer toe dat hy probeer om langs 'n omweg tot omtrent dieselfde resultaat te kom as wat God in sy belofte hom in die vooruitsig gestel het. Dit is 'n vorm van ongeloof om die beloftes van God nie in hul volle waarde te aanvaar nie; en dis ook 'n vorm van ongeloof om vroegtydig te probeer om 'n handjie by te sit by die werk wat God op sy tyd sal doen.

Toe Abraham en Sara uit Haran wegtrek, het hulle Lot, die broerskind van Abraham, saamgeneem. Ons sou miskien dink dat dit 'n daad van barmhartigheid van hulle kant jeens die kind van Abraham se jong gestorwe broer was; maar dis waarskynliker dat Lot in daardie dae al 'n jongeling was. Nie so lank daarna vind ons Lot as 'n selfstandige man met eie veebesit, en vier en twintig jaar na die vertrek uit Haran het Lot twee verloofde dogters gehad. Waarskynlik het Abraham dus Lot nie saamgeneem omdat Lot sonder hom hulpeloos was nie, maar veeleer omdat Abraham in sy broerskind 'n erfgenaam en aangenome seun gesien het. Abraham het Lot meer nodig gehad as Lot Abraham. Daarom was dit ook so 'n bittere teleurstelling vir Abraham dat Lot hom van hom losgemaak het. Daarmee het 'n einde gekom aan die eerste poging om die belofte van God langs 'n ompad verwerklik te sien.

Die tweede poging word effens duideliker in die Skrif aangegee. Toe Lot, na sy bevryding uit die mag van die vyande, hom opnuut in Sodom gevestig het, het Abraham eensamer as ooit agtergebly. Op daardie oomblik het God sy belofte aan hom hernu. Maar Abraham voel geen

vreugde oor die hernuwing van die belofte nie; hy antwoord met die mismoedige vraag: „Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskener Eliëser is?" Die volgende vers maak sy bedoeling effens duideliker; hy sê vir God: „Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees". Ons maak uit hierdie uitsprake op dat Abraham na die definitiewe skeiding van sy broerskind Lot besluit het dat een van sy slawe maar as sy erfgenaam en aangenome seun aangewys moet word; hy het die oog laat val op Eliëser, 'n slaaf wat hy blykbaar op die deurreis in Damaskus gekoop het en wat hy aan die hoof van sy persoonlike huishouding geplaas het. Maar God wys ook hierdie poging van die mens om Hom 'n bietjie te help af: „Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees".

Op daardie Godswoord volg dan weldra die derde poging van die ongeloof om langs 'n ompad die bedoelings van God te verwerklik; die geskiedenis met Hagar, waarin Abraham en Sara altwee hul ongeloof bewys, is so bekend dat ons dit hier nie hoef te herhaal nie. Nog 'n keer word, nou deur die verwekking van Ismael, menslike moontlikheid in die plek van die goddelike wonder geskuif. En nog 'n keer wys God dit af. Hierdie soort menslike listighede is net steurende elemente in die verwerkliking van God se plan. Uit die verbintenis van Abraham met Hagar het net verdriet en ellende, sowel vir hom en Sara, as ook vir Hagar, voortgevloei; en in sekere sin is die moeilikhede van die teenswoordige staat Israel met die Arabiere, die afstammelinge van Ismael, nog altyd 'n gevolg van die daad van ongeloof wat Abraham op aansporing van Sara gepleeg het.

So word, deur die mislukking van die een menslike plan na die ander, die ruimte geskep vir die wonder van God. Toe die ouers geen kans meer gesien het om God te help nie, toe het God sy wondermag bewys. Die geboorte van Isak bewys vir die Ou Testament, soos die geboorte van

Johannes die Doper vir die Nuwe, dat „geen ding by God onmoontlik sal wees nie". In sekere sin is elke geboorte 'n wonder, want sonder die wil van God kom geen lewe, en geen afsonderlike mensesiel, tot bestaan nie. Maar aan die ander kant is die vermoë tot voortplanting daardie vermoë van die mens wat die digste by die skeppingsmag van God kom. Daar is in Hebreeus 'n woord wat in Gen. 4 : 1 gebruik word in verband met die kry van 'n seun, en in Gen. 14 : 19 in verband met die skepping van hemel en aarde deur God. In Ps. 90 : 2 word die skepping van die berge as 'n geboorte beskrywe. In die vaderskap het ons 'n beeld van die verhouding tussen God en mens. In dit alles lê die gevaar dat die mens hom op sy ouerskap gaan verhovaardig; dat hy die geboorte van sy nageslag nie soseer as 'n weldaad uit die hand van God aanvaar nie as wel as 'n prestasie van homself gaan beskou.

By die geboorte van Isak was dit wel heeltemal duidelik, sowel vir die vader as vir die moeder, dat hulle geen rede gehad het om hulle te verhovaardig nie, maar inteendeel alle aanleiding om in dankbare eerbied voor God neer te buig. Hulle het ondervind dat hulle ook in hierdie saak volkome afhanklik van God was. Dit was sy wil om hulle eers oud te laat word, sodat alle menslike hoop op 'n nageslag sou vergaan, en om dan aan hulle te gee wat hulle nie meer durf hoop het nie: 'n eie seun, een wat 'n einde sou maak aan hul eensaamheid. Die brief aan die Hebreërs sê dat Abraham toe sy seun gebore is, reeds 'n verstorwene was; daarmee word bedoel dat in die oordeel van mense Abraham nie meer in staat was om lewenskrag aan 'n volgende generasie oor te dra nie. Die geboorte van Isak was dus 'n sinnebeeld van die opstanding uit die dode. Soos die opstanding uit die dode die wonder is waardeur God sy ewige vrederyk stig, so staan die geboorte van Isak aan die begin van die geskiedenis van die Godsvolk Israel.

Talryk soos die sterre van die hemel en die sandkorrels aan die strand van die see, sou die nakomelingskap van Abraham wees. Self het hy daar maar net die eerste begin van gesien. As ons die getalle in die boek Genesis met mekaar vergelyk, kom ons tot die gevolgtrekking dat hy

nog in die lewe was toe Jakob en Esau gebore is en dat hy hulle tot hul vyftiende jaar sien opgroei het. Van die talloses het hy dus maar net drie gesien. Maar die geloof het slegs 'n eerste beginsel van vervulling, slegs eersteling en onderpand nodig om dankbaar en nederig te bely dat God getrou is en dat al sy beloftes vervul word. In die drie het Abraham die miljoene gesien wat later sou kom. Dit was vir hom geen rede tot selfverheffing nie, maar tot nederige dankbaarheid. Net so behoort die nakomelinge ook geen ydele trots op hul voorvader te koester nie, maar moet hulle saam met hom die God wat alleen wonders doen, aanbid. Vyftien eeue later sou 'n nasaat van Abraham die ander nasate van Abraham toeroep: „Moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek".

Boeke met titels soos „Verstandige Ouerskap" is teenswoordig nogal verbreid onder ons mense. Dit handel nie soseer oor die opvoeding nie as wel oor die verwekking van kinders. Ons wil die belang van verstandige oorleg in die opbou van die jong gesin nie ontken nie. Die kerk handel seker nie verstandig om amptelik die staf te breek oor sake wat by sy lede, en daaronder nie in die laaste plek sy ampsdraers nie, wyd versprei is en waaroor ons nie 'n stellige uitspraak in die Skrif aantref nie. Daar is inderdaad 'n hele reeks van redelike argumente wat daarvoor pleit om nie maar in die wilde weg die kindertal uit te brei nie. Maar ons wil tog graag langs die pleidooi vir „verstandige ouerskap" 'n pleidooi vir „gelowige ouerskap" laat hoor. Die redelike argumente het nie altyd die hoogste waarde in die lewe nie. Dit is nie altyd verstandig om altyd die verstand die botoon te laat voer nie. 'n Waarskuwing teen te veel berekening in die lewe, veral ook in die huwelikslewe, is seker teenswoordig op sy plek. Want berekening hou maar net rekening met dié faktore in die lewe wat bereken kan word, en daar is baie wat hulle daaraan onttrek. Bo alles moet ons erken dat God en sy dade hulle nie laat bereken nie, en juis in verband met die geboorte van kin-

ders voel ons diep in ons eie hart dat die jonge lewe 'n geskenk van God is.

Te veel berekening in die lewe vloei dikwels uit lafhartigheid voort, en lafhartigheid is weer 'n gevolg van gebrek aan vertroue. Daarom is gelowige ouerskap in baie opsigte beter as verstandige ouerskap en sal dit ook meer lewensvreugde bring. Deur gelowige ouerskap laat ons in ons lewe ruimte vir die wonder van God, en dis die wonder van God wat die ware blydskap in die hart bring. In hierdie verband is dit van belang om op te merk dat die naam Isak saamhang met 'n Hebreeuse werkwoord wat „om te lag" beteken. Voor sy geboorte het Abraham sowel as Sara een keer uitgebars in 'n bittere lag van ongeloof en spot; maar na sy geboorte klink die blye lag van verwonderde dankbaarheid: „'n Gelag het God my berei: elkeen wat dit hoor, sal oor my lag".

Dit mag miskien ons verwondering wek dat Abraham, wat deur sy gehoorsaamheid aan die trekbevel van God so 'n indrukwekkende voorbeeld van geloof gegee het, so lank ten aansien van sy gesinslewe in feitlike ongeloof volhard het. Een jaar voor die geboorte van Isak het hy nog gelag oor die belofte van God. Maar dit is nou juis wat ons so dikwels by mense opmerk: dit kan lank duur voor die geloof, wat ten aansien van een lewensaspek ontwaak het, al die terreine van die lewe deurdring het. Die opgroei in die geloof, waar die Skrif op verskillende plekke van spreek, beteken veral dat ons leer om steeds meer gebiede van die lewe daarin te betrek, totdat ten slotte die hele lewe in al sy verskeidenheid daardeur beheers word. Dit is 'n lewenstaak om steeds meer aspekte van ons menslike bestaan onder die beslag van die geloof te bring, en hierdie lewenstaak gaan voort tot op die hoogste ouderdom. So leer ons om nie maar net die opgang van die lewe nie, maar ook sy neergang en uiteindelik selfs die dood onder die lig van die ewige liefde van God te sien.

VI. DIE OFFER VAN ABRAHAM

Gen. 22 : 1–19
Hebr. 11 : 17–19. Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, tot wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word – want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.

Abraham het Isak geoffer, sê ons teks. Ons is miskien geneig om daar 'n verbetering op aan te bring: Abraham was bereid om Isak te offer. Want elke kind weet dat God op die laaste oomblik deur sy engel belet het dat die offer werklik gebring sou word.

Tog sê die skrywer van die brief aan die Hebreërs: Abraham het Isak geoffer. Vir sover dit in Abraham se mag was, het hy dit inderdaad gedoen. Hy het die hele ontsettende reeks van gevoelens deurloop: van die eerste skrik oor die onbegryplike bevel wat tot hom gekom het: „Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys" — deur dae en nagte van vertwyfeling en wanhoop, in stilte deurgeworstel sonder dat sy vrou en kind daar iets van mog merk — tot daardie vreeslike vasberadenheid, met die dood in die hart, toe hy op die derde dag die plek van ver af sien, en met agterlating van sy dienaars saam met Isak die berg beklim. Honderdmaal het hy reeds in sy gedagtes sy hand uitgestrek om die dodelike steek toe te bring. Die brief aan die Hebreërs sê die waarheid, as dit vertel dat hy sy seun geoffer het: voor die aangesig van God het hy afstand gedoen van wat hom bo alles lief was. Sy gehoorsaamheid aan die bevel van God het dit van sy vaderliefde gewen.

Wat dit beteken het, kan ons nie deurgrond nie. Dit is eintlik onmoontlik vir ons om oor die offer van Abraham te praat; so 'n offer het ons nooit gebring nie. Dis waar dat in die lewe van menige vader of moeder die oomblik kom dat hulle afstand van hul kind moet doen; dat hulle gaan

verstaan dat die Here hul kind uit hierdie lewe gaan wegneem; maar dit is nog heel iets anders as om met eie hand die doodsteek te moet toebring. En dit word nou juis van Abraham gevra, van die aartsvader wat sy lewe lank uitgesien het na 'n seun wat die belofte van God sou erf as Abraham self die weg van alle vlees sou gaan. Hoe meer en hoe langer Abraham na 'n seun verlang het, des te swaarder was die eis wat God aan hom gestel het.

Ons vra: waarom? In die hoofstuk uit Genesis waarin hierdie geskiedenis beskrywe is, word geen rede vir die gebod van God aangegee nie. Solank as wat daar nog redes vir die gebooie aangegee kan word, is die gehoorsaamheid nie volmaak, die geloof geen werklike vertroue nie. Egte geloof moet altyd blinde geloof wees; die werklike gehoorsaamheid is eers daar waar 'n mens hom buig onder die onbegrepe wil van God. Die egte toets van die gehoorsaamheid is daar, waar 'n mens self nie insien waarom God hierdie ding van hom eis nie. Solank as wat ons nog insien watter redes God beweeg om 'n bepaalde eis aan ons te stel, word ons gehoorsaamheid nog altans vir 'n deel deur ons insig bepaal; dan deel God sy gesag met ons redelike denke. Dog waar God geen redes vir sy gebooie gee nie, daar is gehoorsaamheid eers werklik en volkome gehoorsaamheid. So het God sy eis aan Abraham gestel: sonder motivering.

Ons kan natuurlik agterna na 'n motief gaan soek. Ons kan vra of Abraham miskien te seker van sy saak geword het. Noudat die kind van die belofte gebore was, noudat hy elke dag die kind in die skaduwee van die tent kon sien speel, nou kon hy wellig gedink het dat die belofte geen belofte meer was nie, maar 'n besit waarvan hy seker was. Miskien het Abraham gedink dat geen onheil hom meer kon tref nie, dat hy nou buite die bereik van beproewing en teleurstelling was. Dit kon amper lyk of hy God nou nie meer nodig gehad het nie. God het sy belofte vervul; nou kon God maar in vrede heengaan, want Abraham had sy kind en erfgenaam. Het Abraham miskien ook gaan

dink dat die geboorte van Isak sy beloning was vir die jare van afwag en vertrou? Dan was Isak sy regmatige besit waar God geen regte op kon laat geld nie.

Dit is alles net veronderstellings; die Bybel gee ons op hierdie punt geen houvas nie. Dit is wel waar dat dit vir die geloofslewe van 'n mens dikwels 'n gevaarlike tyd word as eindelik die aardse doelstellings bereik is. Die geloof groei beter onder verdrukkings as onder seëninge; dit openbaar hom gewoonlik sterker in die verlange as in die dankbaarheid. Maar die skrywer van die boek Genesis swyg oor dit alles. Hy verdiep hom nie in die sielelewe van Abraham nie. Of Abraham na die geboorte van Isak digter by God gelewe het as voor die tyd, of dat hy juis nou verder van Hom af geraak het, word nie aan ons geopenbaar nie.

Daar word net een ding gesê: „Na hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel". Daarmee kom ooreen dat God op die beslissende oomblik vir Abraham roep: „Moenie jou hand na die seun uitstrek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie". Vir ons is egter juis hierdie uitdrukkings: God het Abraham op die proef gestel — en: Nou weet Ek — 'n bron van baie raaisels. Was dit vir God nodig om so 'n proef met sy dienskneg te neem? Het God dan nie te vore geweet dat Abraham die proef sou deurstaan nie? Het God eers toe Abraham die mes in sy hand neem om sy seun te slag, geweet dat hy werklik gehoorsaam was? Hoe rym ons dit met die leerstuk van die alwetendheid van God, en, nog dieper, met die leer van Gods alwerksaamheid? Geld dan van Abraham nie wat die apostel later sou uitspreek: „Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" nie?

Dit is vrae waarin ons verstrik raak as ons nie insien dat die Bybel oor God op menslike manier spreek nie. As die Bybel oor God op goddelike manier sou spreek, sou ons dit nie kon verstaan nie. Want ons is mense en verstaan net — tot op sekere hoogte altans — wat aan ons gelyk is. Daarom behaag dit God om, as Hy tot die mens spreek, dit op menslike manier te doen. Hy verneder Homself

sodat die mens altans iets van Hom sal verstaan. Elke woord wat God tot die mens gerig het is 'n voorafskaduwing van die vleeswording van die Woord, die menswording van Christus. En so is dit ook 'n menslike manier van praat as die Skrif sê dat God Abraham beproef het, en as God tot Abraham roep: „Want nou weet Ek dat jy God vrees".

As ons dit insien, gaan ons nie verder redeneer en vra of God dit dan van te vore nie geweet het nie. Dit is veel eerder so dat God die mens beproef, nie om te weet of hy die proef sal deurstaan nie, maar omdat Hy weet dat die mens die proef sal deurstaan, of miskien nog juister, omdat Hy saam met die beproewing aan die mens ook die vermoë gee om dit te deurstaan. Dit is die diepere sin van wat Paulus in I Kor. 10 : 13 skrywe: „Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra". En daar kom nog 'n tweede by: God het daar geen belang by om die mens te beproef nie, maar dis in die eiebelang van die mens dat hy deur God beproef word. Daarom skrywe Jakobus: „Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk."

God het geweet, van ewigheid af, dat Abraham gehoorsaam sou wees; maar dit was vir Abraham nodig om te leer dat sy gehoorsaamheid inderdaad so ver sou strek dat hy bereid was om wat hom die liefste was, aan God af te staan. Niemand weet vantevore tot watter hoogte hy kan styg en tot watter diepte hy kan val nie. As iemand Abraham, terwyl hy rustig in die skaduwee van die bome by sy tent gesit het, sou gevra het of hy sy seun aan God ten offer wou bring, dan sou Abraham daardie vraag nie kon beantwoord het nie. As iemand die martelare tevore sou gevra het of hulle bereid sou wees om die brandstapel te bestyg, sou hulle waarskynlik in onsekerheid geswyg het. Maar as die tyd daar is, is ook die deur God gegewe kragte daar, en dan juig die martelare tot die vlam hul asems afsny. Deur die beproewing leer God sy kinders watter bomenslike kragte tot hulle beskikking staan.

Ons sou natuurlik, as ons dit alles verstaan, kon sê dat dit tog wel 'n uiters wrede manier was om Abraham tot die besef van die goddelike kragte te bring. Maar ons moet nie vergeet dat God self die offer van sy Seun gebring het, en dat Hy dus van Abraham niks anders vra as wat Hy self gedoen het nie. Die smart van Abraham toe hy sy seun vasbind op die altaar bo-op die hout, was nie groter as die smart van God toe Hy sy Seun deur mensehande aan die hout van die kruis laat nael het nie. God vra van sy kinders niks wat Hy nie self in volkomenheid gedoen het nie. Daarom het die kerk in die geskiedenis van Abraham se offerande 'n voorafskaduwing gesien van die dood van Christus aan die kruis. Die moontlikheid bestaan dat ons die landstreek Moria in die nabyheid van Jerusalem moet soek; dit kan wees dat die oorlewering van die Abessynse kloosterlinge, wat die plek van Abraham se offerande in die gebouekompleks van die kerk bo Golgota en die tuin van Josef van Arimatea aanwys, nie ongegrond is nie.

Hoewel die Nuwe Testament self nie op die ooreenkoms tussen Abraham se offerande en die kruisdood van Christus wys nie, mag ons dit tog wel erken. Ons kom, as ons dit doen, tot die gevolgtrekking dat God aan sy trouste dienare die swaarste eis stel: die eis om aan Hom gelyk te word. So heet dit dan ook in Efesiërs 5 : 1: „Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders"; en in die Bergrede: „Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is". Soos God sy Seun, en in Hom Sigself, oorgegee het ter wille van die mense, so verwag Hy ook dat ons, as ons werklik die naam van gelowiges werd is, onsself en al wat ons lief is, kan oorgee ter wille van Hom. In sy uitsendingsrede tot sy dissipels sê die Here (Matt. 10 : 37): „Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie."

Ons teks uit Hebreërs 11 sê dat Abraham aan hierdie eis voldoen het kragtens sy vertroue op die opstanding uit die dode: „Want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek". Ons hoef dit nie so te verstaan dat Abraham 'n leer oor die opstanding van die dode gehad het

nie; ons kry uit die Ou Testament die indruk dat Israel eers op 'n betreklik late stadium van sy geskiedenis 'n leerstuk oor die opstanding van die dode ontwikkel het. Ons moet die uitspraak van die brief aan die Hebreërs eerder in meer algemene sin verstaan. Abraham het Isak liefgehad, nie in die eerste plek omdat dit been van sy bene en vlees van sy vlees was nie — hierdie natuurlike liefde het hy ook, dertien jaar vroeër, reeds vir Ismael gevoel — maar omdat Isak die kind van die belofte was. In Isak het hy die vervulling van een van Gods beloftes gehad, en so die onderpand vir die vervulling van al die beloftes wat God van die begin van sy swerftog aan hom gegee het. Dit het gelyk of deur die dood van Isak daardie belofte ongedaan gemaak en die onderpand hom ontneem sou word. Sy enigste sekerheid sou hom ontval. Maar omdat dit God was wat hom hierdie gebod gegee het, daarom het hy vertrou dat God die weg vir die vervulling van die beloftes sou vind, ook deur die dood heen.

So goed as wat die Skrif kan sê dat Abraham sy seun geoffer het, al is dan ook die laaste handeling, die doodsteek, deur die roepstem van God weerhou, net so goed kan ook gesê word dat Isak aan Abraham uit die dood teruggegee is: „Daaruit", nl. uit die dode, „het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang". Die woorde wat met „om so te spreek" weergegee is, beteken letterlik: by wyse van gelykenis. Die redding van Isak was 'n gelykenis van die redding uit die dood, van die opstanding en die ewige lewe. Elkeen wat self in sy lewe 'n dierbare moes afstaan aan die dood, mag die geskiedenis van Abraham se offer lees as 'n gelykenis en daaruit hierdie troos put, dat, danksy God, daar geen definitiewe skeiding hoef te wees nie en dat ons mekaar eenmaal terug sal vind. Behalwe soveel ander dinge leer hierdie geskiedenis ons ook dat God daar geen behae in het om van mekaar te skei wat mekaar liefhet nie, maar veel meer om te verenig wat in verlange na mekaar uitsien.

Dit het al dikwels die aandag van lesers van Gen. 22 getrek dat daar by die beskrywing van Abraham se tog na die

offerplek twee maal voorkom „So het hulle twee dan saam geloop". Minder bekend is dit dat dieselfde uitdrukking verderop nog 'n keer voorkom. Die vertalers het daar nie heeltemal dieselfde woorde gebruik nie „en saam na Berseba gegaan", maar in die Hebreeus staan dieselfde woorde as in die beskrywing van die reis na Moria. Daarmee word aangedui dat die eenheid van daardie twee, vader en seun, twee mensekinders wat mekaar liefgehad het, ongebroke gebly het. God is nie jaloers op die liefde waarmee ons mekaar liefhet nie; as Hy tussen ons tree om ons tydelik van mekaar te skei, dan doen Hy dit om ons later vir altyd met mekaar te kan verenig.

VII. ISAK SEËN SY SEUNS

Gen. 27 : 1–40
Hebr. 11 : 20. Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

Jakob en Esau: 'n geliefde verhaal in die Sondagskool. As iemand enigermate die gawe van die vertelkuns het, kan hy die kinders 'n lank tyd boei deur die geskiedenis van daardie twee seuns, tweelinge, en nogtans so verskillend van uiterlik en karakter. Die beskrywing in Genesis hoe Isak aan sy twee seuns sy seën gee is so sprekend dat dit geen moeite kos om die hele verhaal te dramatiseer nie. Die kinders sien voor hulle oë hoe die ou vader sy liefling Esau die opdrag gee om hom nog een keer op 'n stuk wildsvleis te vergas; hoe Rebekka, die moeder, die gesprek afluister en aan haar liefling, Jakob, leer hoe hy sy vader moet bedrieg; hoe Jakob, bang en vasberade, die raad van sy moeder opvolg en die seën steel; hoe Esau terugkom en sy teleurstelling uitskreeu. Alles elemente van 'n storie wat nie maar net vertel word nie, maar ook uitgebeeld en aanskou kan word: 'n sukses op die sondagskool en 'n plesier vir die onderwyser!

Maar — hoe is dit moontlik dat hierdie uiters menslike,

al te menslike geskiedenis aangehaal kan word in Hebreërs 11, die hoofstuk oor die geloofshelde uit die Ou Verbond? Waar skuil in hierdie verhaal van bedrog en dwaling die geloof? By Isak, 'n ou swak vader, wat 'n menslike voorkeur vir Esau gehad het, „want die wildsvleis" van die „ervare jagter" Esau „was na sy smaak"? Ons kan 'n man wat ter wille van 'n bokboud die Godswoord „die oudste sal die jongste dien" vergeet het, tog moeilik 'n geloofsheld noem!

Of moet ons die geloof by Jakob soek? Saam met sy moeder het hy sy vader bedrieg. Dit kan wees dat hulle in dieselfde Godswoord wat hulle vader vergeet het, 'n regverdiging van hulle handelwyse gesoek het, maar dit is juis een van die ergste vorme van ongeloof om te probeer om God 'n handjie by te sit: want dit toon dat hulle nie voldoende vertroue in die wysheid van God gehad het om Hom alleen aan die arbeid te laat nie.

Is Esau dan miskien die gelowige? 'n Man wat sy eersgeboortereg vir 'n kooksel lensies verkwansel? As een ding seker is van die karakter van Esau, dan is dit tog seker wel dit dat hy onvoldoende of geen oog vir die onsigbare dinge in die lewe gehad het nie. En die geloof is volgens dieselfde hoofstuk uit die brief aan die Hebreërs „'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie".

Ons vra dus weer: waar kom in hierdie hele geskiedenis die geloof te pas? Dit sou vir ons seker gemakliker wees as ons van Abraham kon oorspring op Moses: dit is altwee figure waarvan die geloof duidelik geblyk het; maar by Isak is dit nie so duidelik nie.

Nietemin sê ons teks: „Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms". Wat die skrywer daarmee bedoel het, word vir ons heelwat duideliker as ons in hierdie sin die klemtoon op die regte woorde plaas. Dit moet lê op die laaste gedeelte van die sin: „met die oog op die toekoms". In die oorspronklike Grieks volg dit onmiddellik op die begin van die sin, na „deur die geloof", die uitdrukking waarmee elke afsonderlike passasie van hierdie hoofstuk begin. Die woorde „met die oog op

die toekoms" is dus deur die skrywer vooraan gesit, sodat die volle aandag daarop sou val. Ons vertalers het hierdie woorde aan die end van die sin gesit, maar hulle kan tog wel die hoofaandag kry, as ons maar net op die regte manier lees: „Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën — met die oog op die toekoms".

As Isak sy geestesoog nie op die toekoms sou gerig het nie, dog op die hede wat hy self belewe het, dan sou daar vir hom meer rede gewees het om te bestraf as om te seën. Al was hy dan oud en blind, hy was tog nie heeltemal onbekend met wat in sy eie gesin, in sy onmiddellike omgewing, aangegaan het nie. Hy het geweet van die teenstelling en vyandige gevoelens tussen sy twee seuns; hy het die bedrieglike aard van Jakob, die onbedagsame aard van Esau geken; hy het daar onder gely dat sy vrou Rebekka nie sy voorkeur vir Esau gedeel het nie; aan die ander kant het hy saam met Rebekka gely onder die huwelike van Esau met dogters uit die Kanaäniete. Siende op die hede was daar min rede om seënspreuke oor die hoof van sy seuns aan te hef; en as die ou vader 'n oomblik nog sy blinde oë kon gebruik en kon gesien het hoe hy deur sy eie vrou en seun bedrieg word, dan kon 'n mens verwag dat die vrees van Jakob bewaarheid sou word en die ou bewende lippe 'n vloek in plaas van 'n seën oor die skuldige hoof van sy seun sou uitspreek.

Ons teks sê egter dat Isak sy seuns geseën het met die oog op die toekoms. Die liggaamlike oog was blind, maar die geestelike oog het in die toekoms gesien. Isak was die draer van die belofte en by die seën was die wesenlike en belangrikste die oordrag van daardie belofte aan die volgende geslag. Isak het die belofte van meer belang geag as die draer, sowel waar dit homself betref as ook by sy nageslag. Hy het wel geweet dat hy as persoonlikheid nie in die skaduwee van sy vader Abraham kon staan nie en hy het dit ook nie eens geprobeer nie. Dit was vir hom genoeg dat hy 'n skakel kon wees in die ketting van die geslagte wat die belofte aan Abraham verbind met die uiteindelike en volkome vervulling: „In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word." Daarom het Isak homself

geringer geag as die belofte, waarvan hy 'n draer was, en net so het hy ook nie in die eerste plek ag geslaan op die vraag of sy seuns die seën verdien het nie; sy aandag was by die seën wat deurgegee moes word, of die geseëndes dit nou werd was of nie.

Dit is geloof, en 'n baie essensiële trek in die geloof word daardeur belig. Dit behoort tot die wese van die geloof dat ons 'n uitspraak van God oor ons belangriker ag as wat onsself is. Dit is veel belangriker dat God ons regverdig verklaar as dat ons regverdig sou wees. Vir die geloof was Jakob en Esau nie wat hulle was nie: twee jong manne wat elk op sy eie manier onaangenaam en onaantreklik was — maar twee erfgename en draers van die belofte van God, en daarom is hulle geseën, heeltemal afgesien van wat hulle self mog wees. Isak het groot geloof nodig gehad om die belofte van God oor sy eie morele besware te laat seëvier, maar daardie geloof is aan hom geskenk, en van daardie geloof spreek sy seën.

Omdat die seën meer is as die draer, die belofte meer as die erfgenaam daarvan, daarom word Jakob met die hoofseën geseën, al is dit ook per vergissing. Van die bedrog waaraan Jakob en sy moeder hulle skuldig gemaak het, van die vergissing wat Isak begaan het, geld wat Calvyn van die beslissings van een van die ekumeniese kerkvergaderings in die oudheid gesê het: dat daardie besluite tot stand gekom het „deur die verwardheid van mense en die voorsienigheid van God". Die voorsienigheid van God werk ook deur middel van die vergissings en sondes van mensekinders. Soos Jakob op daardie oomblik was, kon hy nie veel met die goddelike belofte begin nie, al het hy dit ook met lis na hom getrek; maar Isak het Jakob geseën met die oog — sy blinde oog! — op die toekoms. Ons is geneig om altyd — bv. ook in verband met die heilige doop — te vra wat die mens met die belofte van God gaan doen; maar eintlik is dit veel belangriker om te sien wat die belofte van God met die mens gaan doen. Dit het van Jakob, die bedrieër, Israel, die worstelaar met God, gemaak.

Wanneer ons die twee groepe van seënspreuke wat Isak oor die hoofde van sy twee seuns uitspreek, nader besien, dan tref dit ons dat in altwee passasies die stoflike 'n groot plek inneem. Aan Jakob word toegebid: „Mag God jou gee van die dou van die hemel en van die vet grond van die aarde en oorvloed van koring en mos". Dit sien op die vrugbaarheid van die dele van Palestina wat later die ryk van Israel sou vorm. Daarna gaan die seën oor na die politieke terrein: „Volke sal jou dien, en nasies voor jou neerbuig. Wees 'n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig". Dit is vervul in die dae van koning Dawid, toe Edom, die land van die nakomelinge van Esau, die opperheerskappy van Israel moes erken.

Hiermee kom die spreuke wat aan Esau saamgegee word, ooreen. Die bergland suid van die Dooie See, waar die nakomelinge van Esau hul woonplek sou vind, is oor die algemeen nie vir landbou geskik nie: „Ver van die vet grond van die aarde sal jou woonplek wees, en ver van die dou van die hemel daarbo". Edom sal 'n rowwe, krygshaftige bevolking vorm, wat egter nie teen Israel in die tyd van sy groot konings opgewasse sal wees nie: „Van jou swaard sal jy lewe, en jou broer sal jy dien". Nietemin sluit hierdie spreuk, wat ons moeilik as 'n seënspreuk kan beskrywe, tog met 'n belofte: „Maar as jy jou kragte inspan, sal jy sy juk van jou nek afruk". Daar sou 'n tyd kom, reeds gedurende die regering van Salomo, dat die vryheid vir Edom weer sou aanbreek; in later tyd het dit weer 'n volkome onafhanklike staat gevorm, en daar was tye waarin Edom 'n groot bedreiging vir Israel was.

Die spreuke oor Jakob en Esau, sover as ons dit tot nou toe aangehaal het, spreek net oor stoflike voorspoed en staatkundige ontwikkeling. Dit is aards, gebind aan tyd en ruimte, aan die politieke geskiedenis van Israel en Edom, en aan die teenstelling tussen die vrugbare grond van Kanaän en die onvrugbare van Edom. Dit hinder ons meer as wat dit die lesers onder die Ou Verbond kon hinder. Want in die Ou Testament word die stoflike en die geestelike, die tydelike en die ewige, nie in so 'n volstrekte

teenstelling gesien nie as wat ons gewoon is om te doen nie. Maar selfs so bevat die twee spreuke 'n belangrike les: Esau het sy lewe lank net vir die stoflike oog gehad, en nou ontvang hy van die stoflike die minste deel. Jakob het by al sy foute tog geweet dat die onstoflike belangrik is, en nou ontvang hy ook van die stoflike die beste deel. Maar die belangrikste in die seën oor Jakob is die laaste deel daarvan, 'n deel waarmee geen ooreenkomstige deel in die spreuk oor Esau vergelyk kan word nie: „Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seën". Dit is 'n duidelike herhaling en voortsetting van wat aan Abraham as eerste en grondleggende belofte van Godsweë gegee is (Gen. 12 : 3): „En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek". Omdat die ooreenkoms so groot is, mag ons daarby ook wel die laaste woorde van die belofte aan Abraham insluit: „. . . en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word".

Selfs al sou ons aanneem, wat waarskynlik onjuis sou wees, dat Isak hierdie laaste woorde opsetlik weggelaat het, en dat hulle dus nie in die seën oor Jakob ingesluit moet word nie, selfs dan is dit duidelik dat hier gepraat word oor die dinge wat nie gesien word nie, en dat ten aansien hiervan die woorde „met die oog op die toekoms" hul volledige betekenis kry. Want hier word gesê dat Israel die toetssteen van die volke van die wêreld sal word: die lot van die nasies van hierdie wêreld word bepaal volgens die verhouding waarin hulle tot Israel staan. Die volk wat Israel seën, dit wil sê wat Israel in dankbare eerbied as die volk van God erken, sal deel hê aan die seën wat God aan sy volk gegee het; die volk wat hom in haat en veragting teen Israel keer, sal God teen hom vind en vergaan. Dit is die essensiële, die deur God gestelde, verskil tussen Esau en Jakob, tussen Edom en Israel: Edom is een onder die nasies van die wêreld, en het sy tydperke van opgang, bloei, agteruitgang en uiteindelike ondergang belewe; Israel staan teenoor al die nasies, en deur al die eeue heen bly dit bestaan, beurtelings geseën en gevloek deur die ander nasies, maar altyd die Godsvolk, ook in ballingskap en verstrooiing, ook onder druk en vervolging, altyd die toetssteen van die

volke, ook wanneer dit aan die volke, en selfs aan Israel, nie bekend is nie.

Hierdie lot van Israel, hierdie seën van God, is aan Israel nie gegee omdat Jakob so 'n verdienstlike seun was nie, want ons het dit lankal gesien: hy was daardie belofte nie werd nie. God het dit hom nogtans gegee, omdat dit die raad van God was dat sy Seun, die Verlosser van die wêreld, in die midde van Israel op die wêreld sou kom. In Christus sien ons die volkome vervulling van die seën wat Jakob ontvang het; want Christus is om so te sê Israel in een persoon beliggaam en Hy is die toetssteen van die volke, soos reeds kort na sy geboorte gesê is: „Hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie". Die ewige lot van elke mens word bepaal volgens die verhouding waarin hy tot Christus staan.

Al wat met Jakob en sy nakomelinge geskied is, die hele geskiedenis van Israel, dien as voorbereiding van die koms van Christus. Die stoflike seën wat Jakob ontvang het, die belofte dat die vrugbare land syne sou wees, en die staatkundige belofte dat sy nakomelinge 'n belangrike rol in die wêreldgeskiedenis sou speel, is nie 'n doel op sigself nie, maar dien slegs om die tyd en die ruimte te skep waarin die Seun van God sy taak sal volbring. Alles wat gebeur, word opgeneem in die groot Godsplan wat op die evangelie uitloop. Daartoe werk saam die onaangename eienskappe van die twee seuns, daartoe werk saam die bedrieglike plan van die moeder, daartoe werk saam die blindheid en verblinding van die vader. God stel die swakhede en sondes van sy skepsele in die diens van sy heilsplan. Dit beteken natuurlik nie dat daardeur ons sondes geregverdig word nie, maar wel dat God Hom in sy heilswerk nie deur ons sondes laat afskrik en keer nie. Sy werk word volbring, die toekoms is syne.

Met die oog op daardie toekoms kan ons teks derhalwe sê dat Isak sy seuns geseën het deur die geloof: met meer vertroue op die leiding van God as op die verdienste van mense.

VIII. JAKOB SEËN DIE SEUNS VAN JOSEF

Gen. 48
Hebr. 11 : 21. Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën; en hy het aanbid *terwyl hy leun* op die knop van sy staf.

Daar is ooreenkoms en daar is verskil tussen die seën waarmee Isak sy seuns, en dié waarmee Jakob die seuns van Josef geseën het. Daar is ooreenkoms: in altwee gevalle het ons te doen met een van die aartsvaders; in altwee gevalle het die seënaar van ouderdom blind geword; in altwee gevalle is dit twee broers, wat die seën ontvang, en daarby kry die jongste die voorkeur bo die eersgeborene.

Maar daar is ook verskil. Isak is die slagoffer van 'n bedrog; Jakob weet wat hy doen, en laat hom selfs nie deur 'n goed bedoelde teregwysing deur sy seun Josef van stryk bring nie. Die verheffing van Jakob bo Esau het tot heftige vyandskap tussen die twee broers gelei; so iets verneem ons nie ten aansien van Efraim en Manasse nie. Hul afstammelinge het nou en dan afgunstig teenoor mekaar gestaan (Jes. 9 : 20, vgl. ook Rigters 8 : 1), maar die twee manne self het hulle altyd soos broers gedra.

Daar is ooreenkoms en daar is verskil ook ten aansien van die geloof van die seënaar. Van altwee, sowel van Isak as van Jakob, sê die brief aan die Hebreërs dat hulle die seënende handeling in die geloof verrig het; maar die aard van die geloof is verskillend. Isak seën vanuit sy droefheid oor twee seuns wat nie veel goeds belowe nie; Jakob seën in dankbare vreugde oor die onverwagte weldade wat God hom in sy laaste lewensdae skenk. Isak reik na die toekoms omdat die hede vir hom geen troos gebied het nie; Jakob vind sy troos in die hede en sien die toekoms net as 'n voortsetting daarvan. En omdat daar geskryf is: „Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word", daarom het die seën van Isak uiteindelik 'n verdere strekking as dié van Jakob.

Jakob het, so sê ons teks, altwee die seuns van Josef geseën. In hierdie geval ontvang elkeen van die broeder-

paar dieselfde woorde. Daar is 'n verskil: die regterhand van die seënaar rus op die hoof van Efraim, die linkerhand op die hoof van Manasse, en daarmee word aangedui dat die sterkste seën die deel van Efraim sal wees. So sê Jakob dit ook vir Josef, as hy pleit vir die hoofseën op Manasse, die eersgeborene: „Sy jongste broer sal groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word". Ons sal daar later nog op terugkom. Maar al mag daar dan verskil gemaak word tussen die twee broers, altwee ontvang tog 'n ryke seën. Dis anders as in die geval van Esau, vir wie die vader eintlik geen seën meer oorgehad het nie en wat sodoende tevrede moes wees met 'n spreuk waarvan drie vierdes eerder 'n vloek as 'n seën genoem kon word.

Jakob het geglo dat die seën van God nie tot een persoon of tot een geslagslyn beperk hoef te wees nie. Hy neem altwee, sowel Efraim as Manasse, in sy seënende beloftes op. Hy het in sy lange en moeilike lewe soveel van die almag en goedheid van die Here ondervind, dat hy ten volle oortuig is dat God altwee sy kleinseuns met sy seënende liefde kan begelei en beskerm. Vir hom hoef die genade van God nie eksklusief te wees nie. Die liefde en mag van God is groot genoeg om sowel Efraim as Manasse te omvang. Ons mag gerus by die lees van ons teksvers 'n taamlik sterke nadruk op die woord „altwee" lê: „Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën". As die een die seën ontvang, hoef dit nie te beteken dat die ander dit nie ontvang nie. Die Here se genade is wyd, en dit behoort tot die geloof om te erken dat die liefde van God nie aan 'n bepaalde persoon of groep of kerklike gemeenskap gebind is nie. En selfs al ontvang die een meer as die ander, dit neem nie weg nie dat die ander tog ook heelwat ontvang. Daar is 'n verskeidenheid van gawes, maar omdat hulle van een Gewer kom, is elke gawe 'n blyk van die veelsydige aandag en liefde van daardie Een.

Die vraag kom by ons op hoe die twee seuns, Manasse en Efraim, die seën van Jakob ontvang het. Die oudheid het veel meer eerbied vir die ouderdom geken as wat ons teens-

woordige samelewing gewoonlik vertoon. Daarby kom dat hulle vader Josef hulle voorgegaan het in eerbied jeens hulle grootvader. Tog moes die hele ontmoeting met die stokoue grysaard vir hulle 'n vreemde ervaring gewees het. Hulle was kinders van 'n Egiptiese moeder en van 'n vader wat jonk in Egipte gekom het en hom heeltemal met die Egiptiese lewenswyse vereenselwig het — waarskynlik met uitsondering net van die Egiptiese godsdiens. Dit is selfs die vraag of hulle iets verstaan het van die seënspreuk wat die ou aartsvader oor hulle hoofde uitgespreek het. Die Egiptenaars het die bewoners van Kanaän as ongepoetste barbare beskou, en nou moes hierdie twee seuns van die onderkoning van Egipte hulle plotseling vir 'n ou barbaar uit Kanaän buig! In 'n vreemde taal word daar woorde oor hulle uitgespreek waarvan hulle die betekenis nie kon deurgrond nie: „Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teenspoed verlos het — mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte".

As hulle met daardie seën, wat hulle vader Josef seker later vir hulle verduidelik het, erns wou maak, sou dit 'n volkome nuwe oriëntasie in hulle lewe bring. Halwe Egiptenaars deur geboorte, vrywel volkome Egiptenaars deur taal en opvoeding, moes hulle plotseling, soos eenmaal Abraham, maar nou in die gees, uit die land van hulle geboorte en opvoeding wegtrek na die land wat vir die Egiptenaar 'n minderwaardige stuk buiteland was, terugkeer na die tradisies en lewenswyse van Abraham, Isak en Jakob, en sodoende vreemdelinge in die land van hulle geboorte word. Van seuns van die magtigste man in Egipte sou hulle moes word tot 'n onderdeel van 'n groep vreemdelinge, tydelik geduld in Egipte, maar nimmer tot vol burgerskap toegelaat nie. Uit maatskappelike oogpunt was hierdie seën van die vreemde man, wat as hulle grootvader plotseling in hulle lewe verskyn het, eerder 'n vloek as iets anders.

Die Bybel vertel ons nie hoe Efraim en Manasse op hierdie vir 'n Egiptenaar hoogs twyfelagtige seën reageer het nie. Dit is vir ons egter wel duidelik dat Jakob veel geloof nodig gehad het om sy aartsvaderlike seën uit te spreek oor hierdie twee jongmanne, geen geharde herders en nomade soos sy eie seuns nie, maar goedgemanierde amptenaarseuns, glad van tong en optrede, selfversekerd en wêreldwys. Dit vereis veel geloof om te vertrou dat die belofte van God sterker sal blyk te wees as al die kultuur van Egipteland. Aan die een kant staan al die wysheid en kennis van Egipte, al sy tegniese vaardigheid en hoë kuns, al sy rykdom en weelderige lewensgenietinge; aan die ander kant net 'n paar woorde wat in die vreemde omgewing glad nie of nouliks verstaan kon word. Maar hierdie paar woorde is die woorde van God, en die geloof van Jakob ag hierdie woorde sterker as alles wat ooit deur Egiptenaars op steen of papirus geskryf is. Inderdaad, deur die geloof het Jakob die seuns van Josef geseën!

En dit „op sy sterfbed": sonder dat hyself iets kon doen deur opvoeding of toesig op die opvoeding waardeur die twee seuns se lewe weer teruggebuig kon word in die rigting van die aartsvaderlike lewenswyse. Die eerste ontmoeting tussen grootvader en kleinseuns was tegelyk die laaste. Die sterwende ou man kon op geen enkele manier iets begin wat in die rigting van 'n vervulling van die belofte kon lyk nie. Die name van Abraham en Isak kon hy een keer voor hulle ore uitspreek, maar sou hulle iets verstaan van wat hulle voorouers, en ook hul grootvader, gedurende hul lange en moeilike lewe staande gehou het? Langs die name van mense klink uit die sterwende lippe ook die name van God, die Herder, die Engel, en aan daardie God vertrou die aartsvader op sy sterfbed sy kleinseuns toe.

Ons het reeds gesê: terwyl altwee die seuns die seën uit die hande van hul grootvader erf, is daar tog verskil. Teen die bedoeling van Josef in, lê die ou vader sy regterhand op die hoof van die jongste, sy linker op die van die oudste. Sodoende lê sy arms oorkruis. Ons wil nie sover gaan as

party stoutmoedige uitleggers wat in daardie houding van die arms 'n voorafskaduwing van die kruis vind nie, maar ons wil wel opmerk dat die voorkeur vir die jongste seun, soos deur Jakob hier getoon, 'n algemene beginsel in die goddelike lyn is. Die algemene reël in die ou Ooste was dat die oudste seun bevoorreg word. Ook in die wetgewing van Israel het hierdie reël sy neerslag gevind. Die eersgeboortereg is erken, en Deut. 21 : 15—17 skrywe uitdruklik voor dat die eersgeborene, selfs al sou hy die seun van 'n minder geliefde vrou wees, tweemaal soveel as sy broers uit die erfenis moet ontvang.

Maar wat die algemene reël is, selfs in die wet van die Here, word deurbreek as dit gaan oor die beloftes van God. Dan geld die eersgeboortereg nie meer nie. Jakob was later gebore as Esau; tog het Jakob die hoofseën ontvang, deur bedrog, maar onder die voorsienigheid van God. Later blyk die selfde ook in die familie van Isai: dis die jongste uit die gesin, wat met voorbygaan van sy sewe ouere broers, op bevel van God deur Samuel tot koning oor Israel gesalf word. En so is dit ook hier: Efraim is die jongste, maar die regterhand van die seënaar rus op sy hoof as 'n teken dat hy die grootste deel van die seën sal ontvang. Hierdie goddelike voorkeur vir die jongste berus nie op besondere kwaliteite wat die jongste bo die oudste sou besit nie, maar moet heeltemal anders verstaan word. Omdat die oudste volgens die bestaande reëls onder die mense die hoogste geëer word, en die jongste dus uit aardse oogpunt minder bevoorreg is, daarom plaas God hom aan die sy van die minder bevoorregte jongste, nie omdat hy beter as die oudste is nie, maar omdat dit die welbehae van God is om die swakke en hulpelose by te staan. Die erbarming van God gaan uit na wat klein en gering is. So sal Maria later sing (Luk. 1 : 52, 53): „Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog; hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur". En die apostel Paulus bevestig dit as hy skrywe (I Kor. 1 : 27—28): „Maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en

wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak".

Ook dit behoort tot die geloof, waardeur Jakob die seuns van Josef geseën het: die eerbiediging van die besluit van God wat op grond van sy erbarming oor die minder bevoorregte die menslike reëls en wette, ook waar dit in die algemeen deur God bekragtig is, kan deurbreek. God gee sekere reëls wat in die algemeen deur mense gevolg moet word, maar die Here is nie deur sy reëls gebind nie. Sy barmhartigheid kan alle reëls opsy sit. Die wet is heilig en goed, maar die genade rys telkens weer bo die wet uit. Dit behoort tot die geloof om dan nie, soos die oudste seun uit die gelykenis, teen die ontferming van die Vader te protesteer nie, maar die hoof te buig in aanbidding vir die soewereiniteit van God wat juis in sy ontferming die heerlikste tot uiting kom.

So lees ons dan ook in ons teks: „en hy het aanbid *terwyl hy leun* op die knop van sy staf". Blykens die kursiewe druk is die woorde „*terwyl hy leun*" deur die vertalers vir die duidelikheid ingevoeg; ons vind hulle nie in die oorspronklike teks van Hebr. 11 nie. Maar as ons in die boek Genesis na Jakob se gebed by hierdie geleentheid soek, vind ons ook die woorde „op die knop van sy staf" nie. Daar in Gen. 47 : 31 lees ons: „Toe het Israel in aanbidding gebuig oor die koppenent van die bed". Die Hebreeuse woorde vir „bed" en vir „staf" is vroeër op dieselfde manier geskrywe, en terwyl ons vertalers, in ooreenstemming met die mening van vrywel alle geleerdes, in Gen. 47 : 31 met „bed" vertaal het, het die skrywer van Hebreërs hier „staf" gelees. Oor hierdie verskil hoef ons ons nie druk te maak nie. Dit bewys net dat ons die leer van die inspirasie van die Heilige Skrif nie so moet verstaan dat elke afsonderlike woord daarin deur die Heilige Gees aan die skrywers ingegee is nie, maar dat die geheel van die boodskap as geïnspireer beskou moet word.

Wat van veel groter belang is, is die gebed van Jakob. Dit is, soos sowel Hebreërs as Genesis sê, aanbidding. Dis nie meer 'n gebed waarin die bidder sy wense voor die

aangesig van God bring nie; dis aanbidding: die oorgawe van die bidder, in bewonderende vertroue, aan die soewereiniteit van God wat in sy ontferming, soos Hanna in I Sam. 2 : 8 sing, „die geringe oprig uit die stof, en uit die ashoop die behoeftige verhef, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n erestoel te laat beërwe". In sy lange, moeilike lewe het Jakob ten slotte geleer dat die lot van sy huis veilig in Gods hande is. Die ondeurgrondelikheid van Gods wil onthul hom vir die geloof as sy barmhartigheid.

IX. JOSEF OP SY STERFBED

Gen. 50 : 14–26
Hebr. 11 : 22. Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente.

Toe Erasmus in die jaar 1536 op sy sterfbed lê, het die vriende van die groot geleerde hom nog in sy doodstryd Latyn hoor praat; by sy versugtings om verlossing uit die pyn en benoudheid gebruik hy die taal waarin hy hom van sy jongelingsjare af uitgedruk het en wat hy beter as een van sy tydgenote beheers het. Maar die laaste woorde wat oor sy sterwende lippe gekom het, kon geeneen van die aanwesiges verstaan nie, hoewel hulle dit wel opgeteken het. Onder die vriende aan sy sterfbed was geen Nederlander nie; anders sou hy hulle kon vertel het dat daardie vreemde klanke niks anders was nie as die Nederlandse woorde: Goede God — 'n dankbare versugting wat getuig het dat die stryd verby en die vrede gevind was.

Op die laaste oomblik van sy lewe het dus eindelik die woorde van sy vroeë jeug teruggekom. Alle geleerdheid en die ryk internasionale kultuur het weggeval, en hy wat oor die hele wêreld as 'n groot Latinis beroemd was, het weer 'n kleine kind geword wat, op die punt om in te

slaap, 'n paar woorde stamel. Aan die einde van sy aardse bestaan het hy teruggekeer na die begin: hy was in sy gedagtes weer in die lae lande, in die klein Hollandse stadjie, in die skamele huis waar sy moeder hom die eerste woorde voorgesê het: Goede God.

So was dit ook min of meer met Josef. As 'n seun van sewentien jaar is hy deur sy broers oorgelewer in die hande van die Midianitiese koopmans wat hom na Egipte gebring het. Die res van sy lewe het hy daar deurgebring. Hy het Egipte net eenmaal verlaat: toe sy vader dood was en hulle die gebalsemde liggaam oorgebring het na die familiegraf by Hebron. Hierdie besoek aan Kanaän het egter maar kort geduur, ten hoogste 'n paar weke. Origens het Josef altyd in Egipte gebly. Hy het hom reeds vroeg die hoëre beskawing van Egipte eie gemaak. Uit die geskiedenis van sy slawerny, gevangenskap en verheffing tot onderkoning van Egipte, kan ons aflei dat hy Egipties soos 'n Egiptenaar gepraat het. Hy het Egiptiese klere gedra, en hoewel hy die taal van sy jeug nie vergeet het nie — hy kon immers verstaan wat sy broers onderling gepraat het toe hulle beef vir die gestrenge woorde van die onderkoning — het hy hom tog amper altyd van die Egiptiese taal bedien. Sy vrou was 'n Egiptiese, Asenat; die dogter van Potifera, die priester van On. Ons weet nie of hy ter wille van sy vrou en posisie ook deelgeneem het aan die Egiptiese plegtighede tot eer van hulle gode nie, maar dis in ieder geval opmerklik dat die Egiptiese polisiedienaars van die beker van Josef, wat in die sak van Benjamin weggesteek was, sê dat die onderkoning altyd daarmee waarneem (Gen. 44 : 5). Dit kan alleen beteken dat Josef daardie beker gebruik het om die toekoms te voorspel. Ons ken daardie metodes uit die oudheid, hoewel nie spesiaal uit Egipte nie: in 'n beker wat met water gevul is, word 'n paar druppels olie gegiet en die figure wat die oliedruppels aanneem, geld as 'n voorsegging van die toekoms. Dit is duidelik dat dit 'n stuk heidendom was wat nie onder die nageslag van Abraham moes voorgekom het nie.

Josef het vrywel heeltemal Egiptenaar geword. By wyse

van sinnebeeld is dit ook uitgedruk deur die nuwe naam wat aan hom deur die Farao toegeken is: Safenat-Paneag (Gen. 41 : 45). Dit is 'n Egiptiese naam wat, volgens ons teenswoordige kennis van die ou Egiptiese taal, weergegee kan word met: „Die god het gespreek en hy het lewend geword". Toe die Egiptiese koning daardie naam aan sy minister skenk, het hy by die aanduiding „die god" sekerlik nie aan die God van Abraham, Isak en Jakob gedink nie, maar veel eerder aan een van die gode van Egipte, of, nog waarskynliker, aan homself; want die Egiptiese koning word deur sy onderdane reëlmatig „die goeie god" genoem. „Die god het gespreek": Farao het bevel gegee om Josef uit die gevangenis na die koninklike hof te bring; „en hy het lewend geword": Josef is uit kerker en boeie bevry en sodoende kon hy 'n nuwe lewe begin. Die naam verheerlik nie die verbondsgod van Josef se voorouers nie, maar die gewaande almag van die Farao. Volgens die antieke opvatting word iemand wat 'n nuwe naam ontvang daardeur 'n nuwe mens: Josef, die verbondskind uit Kanaän, het geword Safenat-Paneag, die Egiptiese howeling.

Hy was 'n gewillige dienaar van sy meester. Gen. 47 verhaal hoe hy van die gebrek aan saaikoring van die boere van Egipte gebruik gemaak het om land vir die koning op te koop en sodoende sy meester tot die besitter van al die saaigrond van Egipte te maak, 'n toestand waaroor die vrye boere van Kanaän sou gegril het. Net die priesters is in die vrye besit van die grond gelaat, en hierdie omsigtige houding teenoor die tempels en hul personeel is ook weer 'n tipies Egiptiese trek. Geen wonder dan ook dat Josef na die koms van sy vader en broers hom nie met hulle in Gosen, aan die buiterand van die eintlike Egipte, gevestig het nie, maar dat hy aan die hof, onder die Egiptenaars, bly woon het. Dit blyk by die siekte en na die begrafnis van Jakob: Josef het nie by sy broers gewoon nie; as hulle hom iets wou meedeel, moes hulle boodskappers stuur. Aan die Egiptiese hof het Josef hom meer tuis gevoel as by sy ongepoetste broers en hulle luidrugtige gesinne.

Maar desnieteenstaande, as die skaduwee van die dood

hom uitsprei oor Safenat-Paneag, die roemryke minister van die wye Egiptiese wêreldryk, dan word hy plotseling weer Josef, die seun uit die kleine berglandjie Kanaän. En dit nie net of in hoofsaak omdat Kanaän die land van sy jeug was nie — soos by ou mense wat, wanneer die geestesvermoë verswak, in hul gedagtes weer na die kinderjare teruggaan nie — maar veral omdat dit die land van die belofte was, die land wat deur die belofte van God aan die voorouers toegesê is. Dan word die broers, miskien nie soseer sy eie broers, wat met uitsondering van Benjamin almal ouer was as hy en hom wellig voorgegaan het in die dood, maar eerder sy neefs en volksgenote, ontbied. Sku en bedremmeld betree hulle na die lang reis uit Gosen die weelderige woning van die minister. Deur koel gange en oor binnehowe met hoë pilare bereik hulle die slaapvertrek van die ou staatsman waar hy lê en sieltoog op sy praalbed. Hierdie keer gebruik hy geen tolk soos vroeër toe sy broers vir die eerste keer na Egipte gekom het nie; in die taal van Kanaän gee hy hulle sy laaste opdrag, sy geestelike testament: „Ek gaan sterwe, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het".

Hoe voordelig die posisie van Israel in Gosen ook mag wees, Gosen is nie die beloofde land nie; op Kanaän moet die oog gerig bly. Josef self sal dit nie belewe nie, maar die sekerheid van die belofte laat hom in die toekoms sien en maak hom in sy laaste lewensuur tot 'n profeet. Miskien was hy ook bekend met wat in Gen. 15 : 13—16 verhaal word: hoe God aan Abraham voorsê het dat sy nageslag 'n lang tyd in 'n vreemde land sal vertoef, maar in die vierde geslag na Kanaän terug sal keer. In ieder geval is dit duidelik dat die geestesoog van Josef die uittog van die Israeliete uit Egipte ontwaar het op die oomblik dat sy liggaamlike oë begin breek. Daarom sê die brief aan die Hebreërs: „Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel".

Deur die geloof. Vir die geloof is voorspoed dikwels

groter beproewing as teenspoed. Onder teenspoed sal die verlange na die vervulling van die belofte nie gemaklik kwyn nie; maar om onder voorspoed vas te hou aan die gedagte: al hierdie rykdom en mag is van geen betekenis in vergelyking met die belofte, wat deur God aan die voorvaders gegee is nie — dit vereis 'n diepe geloofsfondament in die siel — so diep dat dit sekerlik geen eie werk of resultaat van jeugindrukke kan wees nie maar deur God self in die hart gelê moet wees. Josef ontvang wêreldse eer en rykdom soos geeneen van sy voorouers dit besit het nie; maar aan die einde van sy aardse lewe klamp hy hom nie aan hierdie dinge vas nie, maar wend hy hom alleen tot die belofte van God.

Hierdie belofte van God vertolk hy vir die komende geslagte met die woorde: „God sal gewis op julle ag gee". „Ag gee" is 'n Bybelse uitdrukking wat 'n afsonderlike studie werd is. Dit kan ten goede en dit kan ten kwade verstaan word. As die hongersnood in Betlehem ten einde is, hoor Naomi in die veld van Moab „dat die HERE op sy volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee". Hier is „ag gee" gelyk aan: „gunsbewyse gee". Maar dieselfde werkwoord word in ons Afrikaanse vertaling ook weergegee met „besoeking doen". In Amos 3 : 2 sê die profeet, uit naam van die Here: „Daarom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede". Hier kom die uitdrukking in betekenis na aan „straf". Dit is ook 'n militêre term in die sin van „inspekteer" of „monster"; dit gebeur as 'n volk tot die stryd opgeroep word. Dan word die boerebevolking tot 'n strydbare leër gemaak; die rustige bestaan as landbouer of veehouer word afgebreek, en die gevaarlike en moeitevolle worsteling met vyandige magte begin.

So sal eenmaal, sê Josef op sy sterfbed, die Here sy volk uit Egipte oproep. Is dit genade, is dit oordeel? Bewys Hy daarmee aan die Israeliete sy guns, of bring Hy hulle in die grootste gevare? Ons sien die uittog uit Egipte as 'n weldaad en bevryding uit slawerny; maar die Israeliete self, wat in die woestyn honger en dors gely het en telkens deur vyande belaag is, het daar dikwels in klagte en ver-

set uitgebars. Dog een ding is seker: daardie monstering van 'n volk deur God, daardie „ag gee" sowel as die „besoeking doen", is in ieder geval 'n bemoeienis van God met die volk, en dus in hoëre sin, of die volk daar in materiële sin op vooruit gaan of nie, altyd 'n seën. Want dis beter om met God te swoeg deur die woestyn as om sonder God in Gosen te vegeteer.

Gosen word deur Farao (Gen. 47 : 6) „die beste deel van die land", deur Josef (Gen. 45 : 18) „die beste van Egipteland" genoem. Die groot betekenis van Josef se werk in die geskiedenis van Israel is ongetwyfeld dat hy sy geslag daar in Gosen 'n veilige woonplek besorg het. Dit was sy lewenswerk, waardeur sy bestaan sin gekry het. En nou, op sy sterfbed, verkondig hy aan sy volksgenote dat God daardie lewenswerk van hom gaan afbreek, 'n einde gaan maak aan die rustige bestaan in Egipteland. Die merkwaardige is nou dat Josef die werk van God bo sy eie werk verkies, ook al breek die werk van God sy eie werk af. Alles waarvoor Josef gestaan het, word deur die aanstaande uittog uit Egipteland ongedaan gemaak; maar Josef klou nie aan sy eie werk vas nie, dog gee die lot van sy volk oor aan die God van die belofte: „Hy sal julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het".

Dit is geloof: om die werk van God van groter belang te ag as die eie werk, ja, om te juig as God ons eie werk afbreek om syne daarvoor in die plek te stel, soos die leerling hom daaroor verbly as sy eie gebrekkige pogings deur die meesterhand van die groot kunstenaar verbeter word.

Met die oog op wat God aan sy volk gaan doen gee Josef „bevel aangaande sy gebeente". Hy laat sy volksgenote sweer en sê: „As God sekerlik op julle ag sal gee — bring dan my gebeente hiervandaan op". Wat beweeg hom tot hierdie laaste versoek? Nie die gevoelswaarde van die gedagte om eenmaal te rus in die familiegraf nie, hoe sterk daardie wens ook by die ou Israeliete geleef het, soos blyk uit uitdrukkings soos „by sy volksgenote versamel word", „by sy vaders versamel word", „ontslaap met sy vaders".

Dat dit nie sy beweegrede was nie, kan ons aflei uit die feit dat Josef nie in die familiegraf van Abraham, Isak en Jakob te Magpela by Hebron begrawe is nie. Hy is veeleer gedryf deur die verlange om ook in sy dood nog deel te hê aan die werk van God, en om daarvan ook deur die beskikking oor sy gebeente te getuig. Terwyl sy lewe spreek van die menslike aanpassingsvermoë, sal sy dood 'n herinnering wees aan die onwankelbare beloftes van God.

Die lyk van Josef is volgens alle reëls van Egiptiese kunsvaardigheid gebalsem en in 'n houtkis in Egipte bewaar. In tal van museüms orals op die wêreld tref ons nog Egiptiese mummies aan: gebalsemde lyke wat na dertig of veertig eeue nog die gelaatstrekke van die oorledene onveranderd bewaar het, soos in die binnekant van die kiste die godsdienstige skilderinge en toorspreuke vir ons nog net so duidelik is as op die dag toe hulle op die hout aangebring is. Maar die mummie van Josef het nie in die Egiptiese sand op die graaf van 'n oudheidkundige bly wag nie. In Ex. 13 : 19 lees ons: „En Moses het die gebeente van Josef met hom saamgeneem; want hy het die kinders van Israel plegtig laat sweer en gesê: God sal eindelik op julle ag gee; bring dan my gebeente saam met julle hiervandaan op".

So het dan die mummie van Josef met die leër van Israel saamgegaan uit Egipte deur die woestyn na Kanaän. Daardie veertig jaar lank was dit 'n lyk sonder graf, 'n teenhanger van die ledige graf van Christus, maar getuiend van dieselfde sekerheid: die vervulling van die beloftes van God. Aan die einde van die boek Josua word beskrywe hoe Israel, toe dit eindelik in Kanaän rus gevind het, ook aan die gebeente van Josef 'n rusplek gegee het: te Sigem, op die stuk grond wat Jakob van die inwoners gekoop het. Aan die voet van die puinhoop waaronder ou Sigem verborge lê, staan 'n klein geboutjie waaronder, volgens die volgelinge van Mohammed, Josef, wat ook deur hulle as 'n Godsgesant geëer word, begrawe is. Terwyl ons daar staan, gedink ons die man wat aan die einde van sy lewe tot die begin teruggekeer het: tot die belofte van God.

X. DIE GELOOF VAN JOGÉBED

Exodus 1 : 8–2 : 10
Hebr. 11 : 23. Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.

Die huwelik van Amram en Jogébed, waaruit Moses voortgespruit het, was wel 'n uitermate sonderlinge egverbintenis. Ex. 2 gee daarvan geen besonderhede nie; dit vertel as die gewoonste saak van die wêreld dat 'n man uit die nageslag van Levi met 'n dogter uit dieselfde stam getrou het. Selfs die name van die ouers van Moses word daar nie genoem nie. Maar verder op in die geskiedenis, by geleentheid van die roeping van Moses, word 'n stamboom van hom en sy broer Aäron gegee. Ons vind dit in Ex. 6 : 13—26, en daar word uitdruklik gesê: „En Amram het Jogébed, sy tante, vir hom as vrou geneem". Dat Jogébed die tante van Amram was, verneem ons ook uit Num. 26 : 58, 59. Daar word eers vermeld dat Amram deur sy vader Kehat die kleinseun van Levi was, en vervolgens gaan die Bybelskrywer voort: „En die naam van Amram se vrou was Jogébed, die dogter van Levi wat vir Levi in Egipte gebore is". Daar kan dus nie aan getwyfel word nie: Hierdie twee egliede was neef en tante van mekaar.

Dit klink vir ons vreemd, en stry met ons gevoelens. Ons hou nie van huwelike tussen mense wat naby familie van mekaar is nie. Die wette van ons land laat dit nie toe nie. Daarby kom dat oor die algemeen 'n tante heelwat jare ouer as haar neef sal wees, wat ook al teen ons natuurlike gevoel vir wat in 'n huwelik betaamlik is, sal stry. Die Israelitiese wet het in later tyd die huwelik van neef en tante uitdruklik verbied, soos ons in Lev. 18 : 12 lees: „Jy mag die skaamte van jou vader se suster nie ontbloot nie; sy is jou vader se bloedverwant". En in Lev. 20 : 19 staan nog 'n keer dieselfde: „Ook mag jy die skaamte van jou moeder se suster en van jou vader se suster nie ontbloot nie, want hy (wat so handel) het sy bloedverwante ontbloot;

hulle moet hul ongeregtigheid dra". Hierdie wette het in die tyd voor Moses nog nie gegeld nie, maar dit neem nie weg dat by die huwelik van Amram tog iets plaasgevind het wat volgens die oordeel van God in Israel later nie mog plaasgevind het nie.

So 'n huwelik binnekant die naaste familie bewys dikwels dat die bruidegom 'n onselfstandige man is wat maar liefs in eie omgewing bly en daarteen opsien om sy pad in die wêreld te vind. Daar is ook ander aanwysings wat ons kan leer dat Amram geen sterk karakter gehad het nie. Dis opvallend dat, terwyl die meeste Israeliete wat onder Moses uit Egipte weggetrek het vir sover ons bekend Hebreeuse name gedra het, die kinders uit die huisgesin van Amram met Egiptiese name genoem is. By Moses was dit 'n spesiale geval, want hy het sy naam van die dogter van Farao ontvang; maar Aäron en Mirjam, altwee ouer as Moses, het hulle name van hul vader gekry, en altwee is name wat die beste uit Egipties verklaar kan word. Blykbaar het die vader tot daardie Israeliete behoort wat hulle heil in 'n volkome assimilasie aan die omgewing gesoek het, iets wat seker nie op 'n sterk karakter wys nie.

Maar 'n derglike assimilasie — die Joodse volk het dit die eeue deur altyd ondervind — bied geen redding as die vervolgings losbreek nie. Die Farao, koning en leidsman van die Egiptiese volk, wat deur Amram so slaafs bewonder en nagevolg is, laat sy wrede bevel afkondig: „Al die seuns wat gebore word, moet julle in die Nyl werp, maar al die dogters kan julle laat lewe". En Jogébed is weer swanger! Wat moet Amram maak? In later tye het die Jode altyd om seuns gebid; onder hierdie omstandighede was dit miskien maar die beste om te hoop dat die derde kind weer 'n dogter sou wees, sodat die afskuwelike bevel van die Egiptiese owerheid ten minste sy eie huisgesin nie kon raak nie.

Maar as die tye vervul is dat Jogébed moes baar, is dit 'n seun wat sy ter wêreld bring. Amram wend hom af in vertwyfeling. Hy sien geen uitweg nie; die kind sal in die Nyl verdrink word. Dis op daardie oomblik dat Jogébed, nog uitgeput van die geboortepyn, die leiding neem in die

bedroefde gesin. Exodus 2 : 2 sê dit uitdruklik: „En toe *sy* sien dat die seun mooi was, het *sy* hom drie maande lank weggesteek". Ook later, as na drie maande die geheim van die geboorte nie langer bewaar kan word nie, is dit Jogébed wat handelend optree: „Maar toe sy hom nie langer verborge kon hou nie, het *sy* vir hom 'n mandjie van biesies geneem en dit met lymgrond en pik bestryk; en *sy* het die seuntjie daarin neergelê en dit in die riete aan die kant van die Nyl gesit".

Dit is waar dat ons teksvers uit Hebreërs die meervoud gebruik en sê dat Moses deur sy ouers drie maande lank weggesteek is, omdat *hulle* gesien het dat die seuntjie mooi was, en dat *hulle* die gebod van die koning nie gevrees het nie. Daarin stem Hebreërs saam met die ou Griekse vertaling van die Ou Testament; dit blyk ook op ander plekke dat die skrywer dikwels nie die Hebreeuse grondteks nie, maar die in sy tyd veel gebruikte Griekse oorsetting gevolg het. Ons hoef dit nie as 'n teenstrydigheid tussen Ou en Nuwe Testament te beskou nie, want Jogébed kon net met medewete en toestemming van haar man doen wat sy gedoen het; maar dis wel duidelik dat die plan van Jogébed uitgegaan het, en dat sy in dit alles die drywende krag was. Sy het die leiding geneem en dit was haar geloof wat haar daartoe gebring het om die geboorte drie maande lank geheim te hou omdat sy gesien het „dat die seuntjie mooi was".

Watter kind, so sou ons vra, is nie mooi in die oë van sy moeder nie? Dit is haar trots en haar rykdom; sy word nie moeg om dit te bekyk en te bewonder nie; sy toon dit met blydskap aan elke besoeker. Dit is 'n vreugde vir die moeder om met die kind op haar arm die eerste keer die huis te verlaat, sodat al die ander vroue in die omgewing die kosbare skat wat sy van die Here ontvang het kan bekyk en bewonder. Nog sterker as by ons het dit in die oudheid gegeld; toe was die moederskap feitlik die enigste sin en regverdiging van die vrou se bestaan. Daar was vir 'n vrou geen groter skande as onvrugbaarheid, en geen groter eer as 'n talryke kinderskare nie. Dis waar dat

Moses nie die eerste kind of oudste seun was nie; Aäron en Mirjam was ouer as hy; maar nietemin strek die geboorte van elke kind, veral die van 'n manlike kind, die moeder tot nuwe trots en blydskap.

Heel anders was dit egter in hierdie geval. Van die dag van die geboorte van die kind af val reeds die skaduwee van die dood oor die jonge bestaan. Die moeder kan die geboorte van haar seun nie aan die familie en vriende bekend maak nie; sy kan hulle nie na haar huis laat nooi nie. Alles wat die aandag na die huis van Amram kan trek, moet vermy word. In tye van verdrukking kan niemand vertrou word nie. 'n Mens weet nooit of daar nie miskien 'n verraaier onder die vermeende vriende skuil nie, onder die bloedverwante miskien. Dis altyd moontlik dat iemand probeer om by die Egiptiese regering in die guns te raak deur die geboorte van die kind aan een van die polisiedienaars te verklap. Daar was seker in die omgewing van Amram, wat altyd probeer het om witvoetjie by die Egiptenaars te soek, mense wat in staat was om die kind te verraai.

In later tyd lees ons hoe dit in Israel gebruik was om, agt dae na die geboorte van 'n seun, die kind in die teenwoordigheid van bloedverwante en nabure te besny; by daardie geleentheid het die kind dan ook sy naam gekry. Van so 'n plegtige naamgewing kon in hierdie geval geen sprake wees nie. Die gevolg is dan ook dat ons tot op die dag van vandag nie weet watter naam Amram en Jogébed aan hulle derde kind toegedink het nie. Die naam Moses is oorbekend, maar dit is die naam wat aan hom deur die Egiptiese prinses gegee is. Hoe die eie ouers die kind genoem het, word ons nie vertel nie. In Rigt. 18 : 30 word 'n stamboom van 'n Levitiese geslag gegee; dit gaan terug tot op Moses, maar daar is in die Hebreeuse handskrifte 'n aanwysing dat hier ook „Manasse" gelees kan word; so vind ons dit ook in die ou Nederlandse Statevertaling. Dit kan wees dat dit die naam was wat deur die eie ouers aan Moses gegee is, maar seker is dit volstrek nie.

Hoe dit ook mag wees, dis wel seker dat Jogébed haar moedertrots moes opoffer aan die welsyn van haar kind.

Sy wat anders dit sou uitgejubel het: „'n Kind is vir ons gebore, 'n seun is aan ons gegee!", sy moet swyg en verheimlik, 'n onbewoë gelaat aan die buitewêreld vertoon, en deur geen woord of gebaar verraai wat daar in haar hart lewe nie. Sy moet haar trots ten offer bring sodat die lewe van haar kind gespaar kan bly. Een onversigtige woord, en die handlangers van die verdrukker sal die kind uit sy skuilplek te voorskyn haal; die pad na die Nyloewer is maar kort, en die waters is diep.

Na drie maande blyk dit onmoontlik om die kind langer verborge te hou. Nou besluit Jogébed om dit te vondeling te lê. Dit is wel een van die onnatuurlikste, teennatuurlikste dinge wat 'n moeder kan doen. In die hele Ou Testament hoor ons nooit dat 'n moeder haar kind te vondeling lê nie; ons sou selfs nie weet hoe ons die woord „vondeling" in die Hebreeus sou moet uitdruk nie. Selfs die Jerusalemse hoere wat een dag voor die regterstoel van Salomo verskyn het, het geveg om 'n kind vir hulleself te behou, nie om dit te kan weggooi nie. En hierdie vername ouerpaar, Amram en Jogébed, aristokrate met stamboom en tradisie, moet doen wat selfs geen hoer in Israel doen nie: hul kind afstaan, sy lot toevertrou aan die onbekende toeval. Na die moedertrots word nou ook die moederliefde opgeoffer. Vir die laaste keer druk Jogébed haar kind aan haar hart; dan lê sy dit in die mandjie en dra dit na die Nyl. Is dit nie of die kindjie begrawe word nie? In 'n kissie in die aarde, in 'n mandjie in die water — die verskil is nie groot nie; die moederhart word verskeur; die moederliefde word opgeoffer vir die klein lewenskans.

„Hulle het die gebod van die koning nie gevrees nie," sê die brief aan die Hebreërs. Dit beteken nie dat hulle nie bang was nie; natuurlik was hulle bang. Gedurende daardie eerste drie maande het die angssweet Jogébed uitgebreek elke slag dat die kindjie hardop gehuil het. Maar die Bybel gebruik die woord „vrees" dikwels in die betekenis van „gehoorsaam". Amram was seker geen held en Jogébed vermoedelik geen heldin nie; maar hoe bang hulle by tye ook was, die onmenslike gebod van die koning het

hulle nie uitgevoer nie. Hulle het geglo, Jogébed eerste, maar Amram daarna tog ook, dat die aardse koning nie die opperste gesag besit nie; dat die outoriteit van die staat sy grens vind in die wil van God; en bo die gebooie van die koning uit het hulle 'n beroep gedoen op die barmhartigheid van God wat hulle kind ook in sy doodsmandjie op die Nyl nie sou verlaat nie.

So 'n geloofsberoep op God is nie 'n gemaklike saak nie. Ons het reeds gesien dat dit ten koste van moedertrots en moederliefde gegaan het. Moedertrots wil die kind aan almal toon; moederliefde wil dit vir haarself hou. Die geloof sien af van eie aansprake en vertrou die jonge lewe aan God, aan God alleen, toe. Die geloof laat Jogébed vertrou dat dit beter is om onder die leiding van God 'n kans te waag as om onder die goedkeuring van 'n koning veilig te wees. So was dit uiteindelik tog nie die onbekende toeval, nie die waters van die Nyl waaraan Jogébed haar kind toevertrou nie, maar God. En daarby het sy nie teruggekyk, na 'n lewe wat tot nou toe slaafse gehoorsaamheid aan die Egiptiese staatsgesag was, of na 'n huwelik wat soos ons gesien het nogal sonderlinge en bedenklike trekke vertoon het nie, maar vooruit in 'n toekoms wat aan haar onbekend was, dog aan God bekend, deur God bestuur.

Hierdie geloof van Jogébed het op aarde feitlik net beproewings geken. Sy het wel gedurende die jare wat 'n kind in die ou Ooste as suigling beskou is, die eerste twee of drie jare, die kind weer by haar gehad: maar net as pleegmoeder, as 'n tydelike stiefmoeder, wat die seun weldra weer moes afstaan. Die geskiedenis in Exodus vertel sonder uiterlike bewoëndheid: „En toe die seuntjie groot geword het, bring sy hom na Farao se dogter; en hy het haar seun geword". Dit was 'n gaan soos amper drie jaar tevore, toe sy die kind na die Nyl gebring het; weer moes moedertrots en moederliefde verloën word. Het Jogébed verder nog iets van die lotgevalle van haar seun verneem? As dit so was, dan was wat sy gehoor het nie veel anders as nuwe pyn vir die moederhart, nuwe beproewing vir haar

geloof: die kind het die Egiptiese naam Moses gekry, en gerugte van sy opvoeding het haar miskien bereik. Miskien het sy gehoor van Moses die howeling, miskien van Moses die doodslaner, miskien van Moses die vlugteling. Sy het dit nie belewe dat hierdie howeling, doodslaner, vlugteling eenmaal teruggekeer het as Godsgesant en volksbevryer nie. Maar dat hy eenmaal so kon terugkeer, dit het Israel, dit het die wêreld onder die beskikking van God te danke aan die geloof van Jogébed.

XI. DIE GELOOFSKEUSE VAN MOSES

> Hand. 7 : 20–36
> Hebr. 11 : 24–26. Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.

Iedereen weet dat voor die uitvinding van die boekdrukkuns die Bybels met die hand oorgeskryf is. Omtrent veertien eeue het dit so aangegaan, en die oorskrywers was nie altyd noukeurig of nougeset nie. So vind ons dan ook ou handskrifte waar stukke uitgelaat is, en ander waar toevoegings tot die heilige teks gemaak is. 'n Voorbeeld van 'n toevoeging vind ons voor die 24ste vers van Hebreërs 11. 'n Handskrif uit die sesde eeu het tussen die 23ste en 24ste vers hierdie woorde: „Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, die Egiptenaar doodgeslaan, toe hy die vernedering van sy broeders opgemerk het". Hoewel hierdie invoeging ook nog in 'n ander handskrif voorkom asook in die ou Latynse vertaling, mag dit tog nie as 'n egte deel van die Bybel beskou word nie. Die meeste en beste manuskripte het dit nie; dit pas ook nie geheel in die gang van hierdie hoofstuk nie, want die volgende sin begin weer

met dieselfde woorde: „Deur die geloof het Moses toe hy grootgeword het...", en dit is ook onmoontlik om die moord op die Egiptenaar as 'n geloofsdaad te sien. Wat Moses daardie dag gedoen het, was meer 'n daad van plotselinge woede; hy het die reg in eie hande geneem en meer op die krag van sy spiere as op die regverdigheid van God vertrou; en bo alles: hy het vooruitgegryp op die daad van God wat eenmaal op sy tyd sy volk uit die verdrukking sou bevry. Daar is min dinge wat soseer van ongeloof getuig as om op God se tyd te wil vooruitloop. Moses was seer seker geen gelowige toe hy die Egiptenaar doodgeslaan het nie.

Dit beteken egter nie dat daar op daardie dag nog geen sprake van enige geloof in Moses was nie. Geloof en ongeloof kan langs mekaar in die menslike hart woon. Dit het die vader van die maansieke seun besef toe hy tot Jesus uitgeroep het: „Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" Op een en dieselfde dag, ja in een en dieselfde uur, het die Here Jesus vir dieselfde dissipel Simon Petrus eers gesê: „Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is", en enkele oomblikke later: „Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense". Dieselfde mens is die een oomblik die draer van Goddelike openbaring, die volgende oomblik 'n spreekbuis van die Bose. So kan ongeloof en geloof op dieselfde dag in dieselfde hart aanwesig wees. Die daad van Moses, die doodslaan van die Egiptenaar, mag nie as 'n geloofsdaad geld nie; maar die keuse wat hy gedoen het: teen Egipte en vir sy verdrukte volk, daardie keuse was die beslissing van die geloof. Daarom sê ons teks dan ook: „Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word".

Stefanus sê in sy rede vir die Joodse Raad dat Moses opgelei is in al die wysheid van die Egiptenaars. Ten onregte is dit dikwels so opgevat dat volgens die Heilige Skrif die Egiptenaars die beskikking gehad het oor 'n ge-

heimsinnige, bomenslike wysheid, wat aan hulle insig in die lewensgeheime sou gegee het. Tot op die dag van hede is daar mense wat glo dat die ou Egiptenaars geheime leringe geken het en in staat was om die toekoms vooruit te sien. 'n Engelse sekte beskou die piramiede van Geops as 'n profesie in klip en dink dat die wêreldgeskiedenis afgelees kan word uit die mate van die gange en kamers wat daarin gevind word.

Dit alles is eenvoudig onsin en word op geen enkele manier gesteun deur wat ons van die Egiptenaars weet nie. Die Egiptenaars was 'n volk wat die eeue deur altyd die skryfkuns baie hoog gestel het en daarvan gehou het om tempelmure en papirusrolle met skrif te oordek. Ons ken daardie skrif, ons ken die taal, ons ken die Egiptiese literatuur, maar nêrens vind ons 'n spoor van daardie geheimsinnige wysheid, waaroor soveel gefantaseer is nie. Ons het Egiptiese handboeke in allerlei vakke, soos matesis, geneeskunde, sterrekunde en derglike meer; maar ons vind daarin niks wat op iets anders wys as waarop ons teenswoordige wetenskap nog steun: noukeurige waarneming en vlytige verwerking; dit alles trouens vermeng met heel wat vooroordeel en dwaling, soos dit met menslike wetenskap altyd die geval is. In hulle eie geskrifte openbaar die Egiptenaars hulle aan ons as oor die algemeen nugtere, praktiese mense, met veel belangstelling vir die stoflike kant van die lewe, en aan die ander kant belas met 'n geweldige hoeveelheid van die voorouers geërfde bygeloof. Werklike diepsinnigheid is by hulle uitermate seldsaam, en aan voorspellings in groot styl het hulle hul nooit gewaag nie.

As die Bybel sê dat Moses in al die wysheid van die Egiptenaars opgelei is, dan word daarmee bedoel dat hy die opvoeding en onderwys geniet het wat 'n seun van vername ouers in daardie land kon kry. Dit was in die eerste plek 'n deeglike opleiding in die skryfkuns; dit verg jare voordat 'n seun die moeilike skrif van die Egiptenaars kon bemeester. Verder ook oefening in die kuns om jou mondeling en skriftelik duidelik en sierlik uit te druk; kennis van titels en aanspreekvorme; gedragsreëls vir die omgang

met meerderes, gelykes en minderes. Kortom, dit is 'n opleiding vir die posisie van 'n hoë amptenaar. Dit was die mees geëerde stand in die Egiptiese samelewing; die amptenare het in alle dinge die toon aangegee, en persone wat van vorstelike geboorte was, kon daarvan seker wees dat hulle loopbaan voorspoedig sou wees en dat weldra een van die hoogste posisies aan die hof hulle aangebied sou word.

In hierdie verwagting bereik Moses die volle manlike leeftyd. Die Skrif stel dit in sy veertigste jaar; maar ons hoef daardie getal nie noukeurig te neem nie; veertig is in die Skrif die getal van die jare van 'n menslike geslag, en dit kan ook aansienlik minder wees. Dit is genoeg vir ons om te weet dat Moses sy jeug en jongelingsjare in Egiptiese omgewing deurgebring het; toe hy volwasse en sy opleiding voltooi was, het iets plaasgevind wat 'n volkome nuwe wending aan sy lewe gegee het. Die geheim van sy geboorte is aan hom ontsluier. Deur wie en by watter geleentheid dit gedoen is, word nie aan ons gesê nie. Vermoedelik het 'n afgunstige vyand uit die amptenaarskringe in die koninklike argiewe 'n aanwysing gevind van wat soveel jare gelede gebeur het: die aanneming van 'n Hebreeuse kind deur die Egiptiese prinses wat Moses altyd as sy moeder beskou het. Die verhaal gaan in die paleiskantore van mond tot mond en bereik ten slotte ook Moses self.

Dit moes 'n groot skok gewees het. Die ergste was miskien nog nie die ontdekking dat sy, wat hy altyd as sy moeder beskou het, nie sy moeder was nie. Volgens alle waarskynlikheid was op hierdie stadium die prinses reeds dood. Vir die Egiptiese amptenaar was dit veel erger om te verneem dat hy geen Egiptenaar van hoë geboorte was nie, maar gebore uit die veragte volk van die Hebreërs, een van die Asiatiese herdersvolke waar die ware Egiptenaar met die grootste minagting op neergesien het. „Elke herder van kleinvee is vir die Egiptenaars 'n gruwel", het Josef gesê (Gen. 46 : 34). Een van die mees geliefde boeke van die Egiptenaars was die lewensbeskrywing van Sinuhe; daarin beskrywe die held self hoe hy as 'n uiters beskaafde amptenaar aan die hof van die Faraos deur politieke om-

standighede gedwing is om sy toevlug by die stamme in Palestina en Sirië te soek. Die bekoring van die boek lê hoofstaaklik in die komiese teenstelling tussen die verfynde howeling en die skreeuende, ongemanierde en rowwe veeboere waartussen hy moet lewe. Moses het ongetwyfeld daardie boek tydens sy studiejare ook gelees, en nou verneem hy plotseling dat hyself uit derglike kringe afkomstig is.

Weldra het hy die konsekwensie daaruit getrek. Ons teks sê dat Moses, toe hy grootgeword het, geweier het om die seun van Farao se dogter genoem te word. Daarmee het hy uiters begeerlike dinge verwerp. Kragtens sy opleiding het hy hoofpriester van een van die baie Egiptiese afgode kon word en sy deel kon kry aan die ryk inkomste wat aan so 'n posisie verbind was. In die graftes van derglike funksionarisse is deur opgrawers ryk skatte ontdek: silwer, goud, edelstene, vaatwerk van albaster en kunsvoorwerpe wat die trots van museums orals op die wêreld uitmaak. Die skatte van Egipte het alles oortref wat elders op die wêreld bekend was. Omtrent 'n eeu voor die geboorte van Moses het 'n Asiatiese koning in 'n brief aan die Farao van Egipte geskryf: „Goud is mos soos stof in menigte in Egipte".

Dieselfde graftes van hooggeplaastes, waar soveel skatte gevind is, toon ook in beeldhouwerk en skilderinge aan die mure die lewe wat die hoogwaardigheidsbekleërs gelei het. Daar sien ons die tafels belaai met uitgesoekte kos; daar bring die dienaars kruike vol bier en wyn aan; daar sit die huisorkes en maak musiek op harpe en fluite; daar is oorvloed van blommeruikers en reukwerke; daar dans die beroepsdansers en danseresse en loop die slavinne rond, kaal of nouliks bekleed. So 'n lewe was moontlik ook die lewe van Moses. Die skatte van Egipte en die genot van die sonde was binne sy bereik. Maar hy het dit alles verwerp.

En wat het hy verwerf? Uiterlik gesien niks anders as ellende nie. Hy het oorgegaan na die veragte Asiate, die dwangarbeiders van Farao, wat sleg behandel is, wat van

dag tot dag gedwing is tot die harde werk in die steenoonde, wat geslaan is met sambok en knopkierie, wat weerloos en sonder beskermer buitekant alle hoop op verbetering in hulle lot hul lewe voortgesleep het. Van die base het hy na die slawe oorgegaan om die lot van die slawe en hul smaad te deel.

Was dit by hom net die drang om saam te wees met die volk van sy geboorte? Die brief aan die Hebreërs gee 'n diepere en meer geestelike rede aan. Ons teks sê dat Moses „verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê". Daardie ellendige troep slawe was die volk van God, die gemeenskap van hulle wat onder die belofte van God gelewe het. In die tyd van Moses was daar uiterlik niks wat hulle van ander groepe dwangarbeiders in Egipte onderskei het nie; maar as die Israeliete in die aand uitgeput en met die strieme van die sweep op hulle rugge huis toe kom, was daar nou en dan een wat die ou woorde onthou en sy lotgenote daarmee opgebeur het: „Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word". Dit was die belofte aan Abraham, herhaal aan Isak en Jakob, voortgedra deur die geslagte tot op die dag van vandag, die dag van verdrukking en veronregting. Alles wat mense doen, kan nie belet dat Israel nogtans die volk van die belofte, die volk van God bly nie. Dit is die geloof van Moses: dat hy die belofte van God van meer belang geag het as die sigbare werklikheid wat hom omring het. Van die vervulling van die belofte was uiterlik niks te sien nie; inteendeel, dit het gelyk of God sy volk verlaat het. Maar Moses het hom aan die onsigbare vasgehou, aan die Woord van God wat eeue te vore gespreek is maar nooit sy krag verloor nie, ook al lyk dit of alle aardse omstandighede daarmee in stryd is.

Ook in die smaad en verdrukking was Israel die volk van God. Israel het die belofte ontvang, 'n belofte wat in laaste instansie op die koms van die Seun van God in die

vlees gedui het. Israel was deur God uitverkore omdat Christus in Israel gebore sou word. Christus is nie in Israel gebore omdat dit die verkore volk was nie, maar omgekeerd, Israel is uitverkies omdat in daardie volk eenmaal die Christus gebore sou word. Die keuse van Moses vir Israel as die volk van God was dus tegelyk, miskien sonder dat dit homself helder voor die gees gestaan het, 'n keuse vir Christus. Daarom sê ons teks ook dat hy „die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte". Deelgenootskap in die smaad wat die volk van God moes verduur en wat die Christus eenmaal sou dra, beteken gemeenskap met God, en dis beter om met God gesmaad te word as om sonder Hom wêreldse eerbewyse te ontvang. Die snorkende titels van Egiptiese amptenare en hoogwaardigheidsbekleërs is aangebring op die mure van hul grafkelders, 'n magtelose en sinlose poging om die dood te oorwin; maar wie met God gemeenskap het, hoef die dood nie te vrees nie; hy is vir ewig geborge in die alvermoënde trou van sy God.

Daarop sinspeel die Brief aan die Hebreërs as dit die nadruk daarop lê dat die genot van die sonde slegs vir 'n tyd lank strek. Dit begelei die mens 'n tyd lank op sy lewenspad, maar dikwels nie eens tot sy dood nie; in die dood laat dit ons in ieder geval alleen. Die sonde en die genot daarvan behoort net en uitsluitend tot die terrein van die tyd en van hierdie wêreld. Tevergeefs stuur die Egiptenaar skatte en afbeeldings saam met die dode in die graf; dit gaan nie saam met die dode in die hiernamaals nie.

Moses het „uitgesien na die beloning". Ons moet dit nie te stoflik opvat nie; dit beteken nie dat Moses berekenende van aard was nie. Met „beloning" word bedoel dit wat God gee aan die wat hom soek: sy gemeenskap wat die dood verduur. Skatte en genot is dinge wat die mens vir homself verwerf; die beloning is wat 'n mens van God ontvang: sy ewige gemeenskap.

XII. GELOOF IN BALLINGSKAP

Exodus 2 : 11–25
Hebr. 11 : 27. Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.

Die brief aan die Hebreërs bring ons hier opnuut in 'n moeilikheid. Die vlug van Moses uit Egipte word hier as 'n geloofsdaad omskryf. Pragtige woorde word hier gebruik: „soos een wat die Onsienlike sien" — maar watter verband kan hierdie beskrywing hou met die feite wat vir ons in die tweede hoofstuk van die boek Exodus beskrywe staan? Daar lees ons hoe Moses dit vir sy verdrukte landgenote opgeneem het. By sy eerste besoek aan Gosen sien hy hoe een van sy mede-Israeliete deur 'n Egiptiese slawedrywer mishandel word. Met een vuisslag vel hy die sadis neer, en dit blyk dat sy hou so hard was dat die Egiptenaar dood is. Haastig bêre hy die lyk in die sand en gaan heen, sekerlik nie sonder 'n gevoel van voldoening nie. Stefanus sê in sy rede vir die Joodse Raad: „En hy het gedink dat sy broers sou verstaan dat God hulle deur sy hand redding sou gee; maar hulle het dit nie verstaan nie". Inteendeel; die volgende dag word die dood van die Egiptiese bullebak hom as 'n misdaad deur sy eie volksgenoot voor die voete gegooi. En dan vertel die skrywer van die boek Exodus: „En Moses het gevrees en gesê: Waarlik, die saak het bekend geword!" Daar was onder die Israeliete genoeg wat, gedemoraliseer deur die lange verdrukking, graag witvoetjie by die Egiptiese owerheid wou soek deur die nuwe voorvegter van hul regte te verraai. So het Farao dan ook van die saak gehoor en maatreëls getref om Moses in hande te kry. Van die standpunt van die Egiptiese koning was Moses eenvoudig 'n misdadiger wat ter verantwoording voor die regbank geroep moes word. Maar voor die geregsdienaars hom gevange kon neem, het Moses reeds gevlug.

Daar is seker niks heldhaftigs in 'n vlug nie. 'n Vlug kan verdedig word met 'n beroep op die omstandighede; dit

kan selfs as verstandig geprys word — maar heldhaftig is dit nooit nie. Op sigself is dit egter vir ons nog geen moeilikheid nie. Die gelowige het die reg om, solank hy daardeur ander nie in gevare bring nie, sy lewe in veiligheid te bring. Elia het gevlug vir die bedreiging van Isebel; die oudste Christelike gemeente het, toe die Romeinse leërs opruk teen Jerusalem, in gehoorsaamheid aan die bevel van die Here na die Oorjordaanse gevlug. Maar ons moeilikheid is hierin geleë dat die brief aan die Hebreërs sê dat Moses Egipte verlaat het sonder om die toorn van die koning te vrees, terwyl Exodus uitdruklik verhaal: „En Moses het gevrees". Dit lyk 'n onoorbrugbare teenstelling.

Om hierdie moeilikheid te omseil het baie uitleggers, en daaronder van die vermaardstes soos Calvyn en Hugo de Groot, aangeneem dat ons teksvers nie op die vlug van Moses na sy doodslag betrek moet word nie, maar op die uittog van die hele Israel onder die leiding van Moses 'n mensegeslag later. Maar hierdie uitleg bied geen oplossing van die moeilikheid nie. Want toe die uittog plaasgevind het, was daar geen sprake daarvan dat die Farao dit wou belet nie; onder die indruk van die tiende en laaste plaag, die dood van die eersgeborenes, het hy sy volle toestemming tot die vertrek van Israel gegee en die Egiptenaars het selfs by Israel daarop aangedring dat hulle so gou as moontlik moes vertrek (Ex. 12 : 31—33). Daarby kom dat in die opsomming van Hebreërs 11 die vermelding van die instelling van die pasga op ons vers volg, en die uittog het na die instelling van die pasga plaasgevind. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat ons teksvers net op die vlug van Moses na die dood van die Egiptiese slawedrywer kan slaan.

Maar daarmee kom ons weer terug by ons moeilikheid: hoe kan daar gesê word dat Moses die toorn van die koning nie gevrees het nie, terwyl die geskiedenis in Exodus onomwonde van die vrees van Moses praat? Die oplossing moet gesoek word in die tweeledige betekenis wat die werkwoord „om te vrees" in die Bybel het. Die eerste is dié wat ons ook in ons gewone spraakgebruik ken, die van

bang wees. In die sin word van Moses, as hy begryp dat sy daad rugbaar geword het, gesê dat hy gevrees het: hy het bang geword. Maar die tweede betekenis van „om te vrees" is die van „om te eerbiedig, om te gehoorsaam". As iemand Godvresend genoem word, beteken dit nie dat hy bang vir God is nie, maar dat hy eerbied het vir God en sy gebooie wil gehoorsaam. As iemand bang is vir God, wil hy van God weg; maar die Godvresende wil juis in gemeenskap met God lewe, en daarom hou hy rekening met die wette van die Here, leef hy 'n lewe van gehoorsaamheid.

Dis hierdie tweede betekenis van „om te vrees" wat in ons teks uit Hebreërs op sy plek is. Toe Moses die Egiptenaar doodgeslaan het, was dit sy plig as onderdaan van die Farao om voor die Egiptiese regbank te verskyn en die vonnis van die koning af te wag. Die „toorn van die koning" is die vonnis wat die koning as regter sou uitspreek. Moses egter het gevlug: hy het hom nie onderwerp aan die regterlike mag van Farao nie. Hy het die Egiptiese koning nie as 'n bevoegde regter oor sy daad erken nie. Hy het hom aan die aardse regter onttrek. Hy het geweet dat sy daad nie as 'n daad van barmhartigheid jeens 'n onderdrukte volk sou beoordeel word nie; hy kon verwag dat 'n Egiptiese geregshof geen oomblik sou oorweeg of die sadistiese geweldenaar nie sy lot verdien het nie. Daarom het hy deur sy vlug aan die regbank, en dus aan die koning, ongehoorsaam geword.

Hierdie vlug beteken 'n nuwe afdaling op die beskawingstrap. Ons het vroeër Moses van Egiptenaar tot Hebreër sien word; nou vlug hy die woestyn in en laat sodoende die elemente van kultuur wat hy nog by sy volksgenote kon vind, agter hom. Van die verfynste lewensvorm van sy tyd val hy in die rofste. Vir die antieke mense was die kultuurland die terrein van die gode; in die woestyn vind 'n mens net die bose geeste, die demone. In die Lied van Moses word die woestyn beskrywe (Deut. 32 : 10) as „'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis". By die „gehuil" kan ons aan die naargeestige gehuil van jakkalse dink, maar omdat dit so spookagtig in die nag

klink, is dit dikwels deur die ou mense as die gekrys van demone gehoor. Die voorskrif vir die groot versoendag in Lev. 16 vermeld Asasel, 'n bose gees of duiwel, wie se woonplek in die woestyn gevind word. Dit is voorstellinge wat ver van ons hedendaagse geesteslewe af staan, en dit is nie nodig om te probeer om hulle vir ons weer te laat herlewe nie; maar dis wel nuttig om hulle 'n oomblik te vermeld sodat ons beter kan verstaan wat Moses moes gevoel het toe hy die woestyn ingevlug het. Dit was vir hom die vlug die terrein van die demone in. Soos later volgens die verordeninge van Moses die sondebok uit die midde van die volk die woestyn ingedryf sou word, so vlug Moses hier self, belaai met die bloedskuld, na die gebied van Asasel.

Vir die Egiptenaars was 'n god 'n wese wat gesien kon word, 'n mag wat hom in die godebeeld openbaar. Daar is geen land in die oudheid waar soveel beelde gevind is as in Egipte nie. Ons weet dat, deur bemiddeling van Moses, vir die eerste keer die verbod om God af te beeld of deur middel van beelde te vereer tot mense gekom het: „Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie". Maar die Moses wat na die woestyn vlug, is die Moses wat in Egipte opgegroei het en vir wie godsdiens beeldeverering was, nie anders as beeldeverering kòn wees nie. Vir hom kon die woestyn, waar geen tempels of godebeelde was nie, niks anders as 'n van God verlate streek wees nie.

Toe die dogters van Jetro sy naam nog nie geken het nie, het hulle hom aangedui met die woorde: „'n Egiptiese man". Hulle het aan sy kleding en uiterlik, aan sy taal en optrede, onmiddellik aangevoel dat hy nie in die woestyn tuis was nie. So het Moses dit ook gevoel, selfs nadat hy sy vrou gevind het en sy eerste seun gebore is. Hy noem hom Gersom, „want hy het gesê: Ek het 'n vreemdeling in 'n vreemde land geword". Dis tragies om te bedink dat iemand derglike woorde gebruik op die oomblik dat sy eersgebore seun die lewenslig aanskou. Uit die naam van

sy tweede seun, Eliëser, „want die God van my vader is my hulp en het my van Farao se swaard verlos", spreek aanvaarding van sy lot en die dankbare erkenning dat God sy lewe gelei het en nog lei, hoe sonder uitsig dit ook in hierdie jare mag voorkom. Elke keer as sy blik op sy oudste seun val en hy weer besef dat hy 'n balling is, kan hy homself vertroos deur die blik op sy tweede seun te rig: want dié se naam spreek van goddelike bystand, selfs in die woestyn, bystand deur 'n God wat onsigbaar, onsienlik is, en nogtans teenwoordig, ook wanneer 'n mens dit allermins besef.

Daarom kan die brief aan die Hebreërs sê dat Moses „volgehou het soos een wat die Onsienlike sien". Daarin lê nog meer as net die belydenis van die onsigbaarheid Gods, al was dit op sigself in die tyd van Moses al 'n ongeëwenaarde insig. Daarin lê ook wat Calvyn eenmaal so uitgedruk het: „Die leiding van God beteken dikwels sy verborgenheid". Daarmee wil die Hervormer dit sê: Ons glo dat ons lewe deur God gelei word, maar God doen dit op sy manier, onsigbaar en onnaspeurlik, sodat ons baie jare kan deurbring sonder dat ons iets van daardie leiding met die vinger kan aanwys. Wat ons van God merk in daardie jare is net sy verborgenheid, die feit dat Hy Hom nie aan ons openbaar nie. Dat daardie God wat Homself verborge hou, nogtans ons lewe lei — dit kan slegs geglo word. Bewyse is daar nie voor nie. Dit is geen feit wat uit die daaglikse ervaring afgelei kan word nie. Luther het eendag gesê: „Daar is geloof met ervaring, daar is geloof sonder ervaring, en daar is geloof reg teen alle ervaring in — en daardie laaste is eers die volle geloof". Inderdaad, waar alles spreek van mislukking en ondergang, daar blyk eers of die geloof werklik gelóóf is.

'n Mensegeslag lank moes Moses dit in die woestyn uithou. Dit het gelyk of sy lewe doodloop in die stof van die Sinaï-streek. Wat moes hy nou by die skape en bokke van sy skoonvader doen met al die Egiptiese kennis en wysheid wat hy moeisaam in sy jong jare verkry het? Wat kon hy by die heidense priester van Midian en sy dogter,

wat nooit die hoë en diepe gedagtes van haar man kon volg nie, aanvang met die geloof van Abraham, Isak en Jakob, wat, hoe verbaster ook al, onder die volk van die Hebreërs voortgeleef het? As ooit 'n veelbelowende lewe verknoei en doodgeloop gelyk het, dan was dit die lewe van Moses. Om in die dowwe en uitsiglose jare nog vas te hou aan die oortuiging dat God 'n bedoeling met sy lewe het — daartoe was geloof nodig. Om in die woestyn onder die gehuil van jakkalse en gelag van hiënas nog aan God te dink — daartoe moes Moses volhou asof hy die Onsienlike gesien het. Om in die afhanklikheid van skoonvader en vrou nog te weet dat hy eenmaal tot 'n groot taak geroep sou word — daartoe het God, onsigbaar en onnaspeurbaar, sy dienskneg deur sy Gees gelei.

Waarom moes dit so lank duur? Wie so vra beweer in werklikheid dat God nie onnaspeurlik werk nie, dat ons God kan nareken — en dus wellig ook voorreken. Dit is altyd uiters gevaarlik om die waarom van God se dade te wil aangee. Sodra ons daarmee begin, maak ons ons rede tot norm vir die handelinge van God, en sondig ons teen die eerste gebod, want ons stel dan langs die heilige wil van God ons rede as 'n tweede god op. Ons kan niks anders sê nie as dat dit God behaag het om Moses tot op rype leeftyd in die woestyn te laat. Hy het deur dit alles geduld geleer, en selfbeheersing, sagmoedigheid en nederigheid — almal deugde wat die toekomstige regeerder behoort te hê en wat die regeerders van die volke so selde besit. Op die skynbaar nuttelose jare in die woestyn agter die kleinvee van Jetro het net soveel jare van hoogste werksaamheid gevolg: jare waarin Moses 'n volk gered en gevorm het. Die tweede reeks was nie moontlik sonder die eerste reeks nie. God beskik in sy wyse liefde alles soos dit kom: die mislukking en die welslae, die eensaamheid en die werkkring, die woestyn en die beloofde land, Gersom en Eliëser. Maar onder dit alles moet ons die geloof vashou, en in die geloof Hom wat onsienlik ons lei.

XIII. DIE PASGA

Exodus 12 : 21–42
Hebr. 11 : 28. Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.

In die Ou Testament vind ons 'n menigte van bepalings oor die viering van die paasfees. Daar is, behalwe die tweede helfte van Ex. 12, wat ons hierbo aangegee het, ook die eerste helfte, ook die grootste deel van die volgende hoofstuk, Ex. 13; verder, afgesien van kort aanduidings, die tweede helfte van Num. 28, en die eerste van Deut. 16. Dan vind ons ook nog die uitvoerige beskrywings van die pasga soos dit gevier is in die dae van Hiskia (II Kron. 30) en in dié van Josia (II Kron. 35). Dit alles saamgevoeg lyk wel 'n bietjie baie vir wat genoem moet word slegs maar 'n fees en seremonie, 'n sinnebeeldige handeling en geen werklike gebeurtenis nie.

Waarom, so sou ons kon vra, al die voorskrifte? Is dit van soveel belang dat die paasfees gevier word presies soos voorgeskryf en nie anders nie? Heg God soseer aan uiterlike seremonies dat Hy in sy Woord daar telkens op terugkom? Ons het tog geleer dat God die hart van die mens aansien; waarom word dan in sy Woord soveel aandag aan die uitwendige handelinge tydens die paasfees geskenk?

Ons kan nog 'n vraag stel, een wat verder in die geskiedenis teruggaan. Waarom het God eintlik die eerste pasga verorden? Ons lees dat die Israeliete op die veertiende dag van die lentemaand teen die aand lammers moes slag, die bloed daarvan in 'n skottel moes opvang en dit met 'n bossie hisop, 'n digvertakte plantjie met fyn blaartjies, aan die bo-drumpel en deurposte van hul wonings moes stryk. Wanneer dan gedurende die daaropvolgende nag die Here deur Egipte sal trek om orals die eersgeborenes van mens en vee met die dood te slaan, dan sal, so sê Moses, „die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie". Die voorstelling is blykbaar dat die Here by sy nagtelike rondgang deur

Egipte begelei is deur 'n dienskneg, die engel van die verderf, en dat hierdie engel orals sy noodlottige taak verrig, behalwe waar hy deur die Here belet word om 'n huis in te gaan.

By ons kom nou onvermydelik die vraag op: Maar waarom is dit nodig dat die Israeliete hulle huise uitwendig met bloed as Israelitiese huise kenbaar maak? Die alwetende God het tog sulke uiterlike kentekene nie nodig nie? Hy weet tog seker wel wie Egiptenaars, en wie Israeliete is? Die Here ken tog self sy eie volk wel? Hy weet tog van ewigheid af wie syne is? Waarom dan die voorskrif om die deurposte en bo-drumpel met bloed te teken? Dit is tog alles totaal oorbodig?

Die antwoord moet wees: hierdie teken was nie vir God of sy engel nodig nie, maar net vir die mense. As God tekens of seremonies voorskrywe, dan doen Hy dit nie omdat Hy self aan daardie tekens behoefte het of enige belang het by die seremonies nie, maar omdat hulle op die een of ander manier van betekenis vir die mense kan wees. Hulle is 'n vorm van praktiese onderwys waardeur God sy mense opvoed. Hulle is 'n werksame opvoedingsmiddel langs die gewone vermaning deur die woord. Hulle is juis langs die woord besonder nuttig omdat 'n woord altyd deur mense aan mense gebring moet word, selfs as dit 'n Godswoord is, en die mense wat die Godswoord oorbring kan dit verwring; die mense wat dit hoor en aan die volgende geslag oordra kan dit misverstaan; die uitleggers en skrifgeleerdes kan kom en so lank aan daardie Godswoord gaan uitlê tot dit van sy krag beroof is en dit 'n nuwe genade van God vereis om die Woord weer in sy oorspronklike frisheid en krag te verneem. Die teken en seremonie kan nie so maklik sy betekenis verloor nie en is onafhanklik van die willekeur van die afsonderlike mens. 'n Kerklike gemeenskap kan in sy leer verval en verslap, sodat die prediking wat gewoonlik daar gehoor word ternouernood nog Christelike prediking genoem kan word — maar die kans bestaan dat die Heilige Doop in daardie gemeenskap nog altyd volgens die voorskrif van Christus bedien word en so in sy sinnebeeldige taal nog altyd 'n stuk egte Christendom onderwys.

So het die Here ook deur Moses die Israeliete gebied om die bloed van die paaslam aan die ingang van hulle huise te stryk, nie omdat God daardie kenteken nodig sou hê nie, maar sodat die Israeliete daaruit iets sou leer. Om te verstaan hoe nodig dit was dat die Israeliete iets van God sou leer, en tegelyk hoe moeilik dit was om hulle iets te laat verstaan, moet ons ag gee op die paar skaarse aanwysings wat daar in die Bybel oor die geestelike lewe van die Israeliete tydens hul verblyf in Egipte voorkom. Aan die een kant weet ons dat Jakob en sy seuns, toe hulle na Egipte getrek het, die geloof van hul voorouers Abraham en Isak saamgedra het. Dit kan blyk uit die seënspreuke wat Jakob oor sy seuns en kleinseuns uitgespreek het, seënspreuke wat hulle nie sou verstaan het as hulle nie die geloof van Jakob gedeel het nie. Ook lees ons aan die einde van Ex. 2: „En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God". Daar was gebed in Gosen.

Maar aan die ander kant betuig Josua in sy laaste rede tot sy volk (Jos. 24 : 14) dat die Israeliete in Egipte vreemde gode gedien het. Hulle was daar nie vry van afgodiese praktyke nie. Ons weet nie noukeurig hoe dit daarmee gesteld was nie, maar die getuienis van Josua kan nie misverstaan word nie. Ons moet dus wel aanneem dat die godsdienstige lewe van Israel in Egipte uit 'n vermenging van ware godsdiens en bygeloof bestaan het. Ons kan dit die Israeliete nouliks kwalik neem. Dit was eeue gelede dat die laaste Godswoord tot een van hulle gekom het, en daar was nog geen Heilige Skrif wat hulle deur tug en troos in die regte spoor kon hou nie. Orals om hulle heen het hulle die Egiptiese heidendom met sy afgodsbeelde en toorpraktyke gesien. Dis heel begryplik dat elemente daarvan in die Israelitiese geesteslewe deurgedring het en dis verbasingwekkend dat die kennis van die God van die vaders, Abraham, Isak en Jakob, nie heeltemal onder hulle verlore gegaan het nie.

En nou kom daardie God by monde van sy dienskneg Moses en kondig aan dat Hy hulle uit die onderdrukking en

slawerny gaan verlos. Dis 'n boodskap wat om geloof vra: want hoe sal 'n volk bevry word as dit sy Bevryer nie vertrou nie? Maar hoe sal 'n hele volk leer dat hierdie God inderdaad sy Bevryer is, en sal doen wat geen ander god vermag nie? Die volk moet leer om te glo, en die geloof word nie geleer uit teoretiese beskouings nie, maar uit die praktyk van die lewe. 'n Mens leer die geloof nie deur redenering nie, maar deur te handel. En so gebied die Here die volk in die nag voor die uittog ook om te handel. Hulle moet iets doen, en deur daardie handeling leer hulle gehoorsaamheid. Hulle kon net soveel vrae stel oor die sin van die handeling, die bestryk van die deurposte met bloed, as wat ons gestel het, en miskien nog veel meer — want die slag van 'n lam was vir daardie verdrukte, arm mense 'n groot opoffering — maar geen van die vrae word beantwoord nie. Van hulle word gehoorsaamheid geverg, gehoorsaamheid aan 'n gebod wat hulle nie ten volle kon verstaan nie; eers so is gehoorsaamheid werklik gehoorsaamheid: as 'n mens iets verrig, nie omdat hy die noodsaaklikheid daarvan insien nie, maar enkel en alleen omdat God dit gebied.

Naas gehoorsaamheid het die pasgahandeling die Israeliete ook vertroue geleer. Hulle wis wat sou gaan gebeur: elke huis waaraan die teken van die pasga nie aangebring was nie, sou deur die engel van die verderf besoek word en die dood van die oudste seun sou die gevolg wees. Hoe groot was by dié gedagte nie die verleiding om na een van die baie Egiptiese toorkunsies tot afweer van siekte en gevare te gryp nie! Die besprenkeling van die deurposte met bloed was 'n handeling, wat nog nooit toegepas was nie; dit het baie vertroue op die God van Moses vereis om daarmee te volstaan en nie tot allerlei ander kunsies toevlug te neem nie. Solank as 'n mens nog op twee dinge tegelyk sy vertroue stel, het hy nog nie geleer wat dit beteken om te vertrou nie; deur die pasga moes die Israeliete leer om net op God hul vertroue te stel en op niemand of niks anders nie.

So moes elke huisvader daardie aand gehoorsaamheid en vertroue leer. Daarlangs kon hy ook nog, miskien nie in

die nag wat daarop gevolg het en vol gebeurtenisse was nie, maar in later jare, nadink oor die geheimsinnige betekenis van die bloed. Vir die ou Israeliet het dit meer onmiddellik gespreek as vir ons. Vir hom was dit vanselfsprekend wat die Heilige Skrif later sou sê: „Die siel van alle vlees is sy bloed" (Lev. 17 : 14), waarby ons die woord „siel" as „lewe" moet verstaan: die bloed was vir die ou Oosterlinge die draer van die lewenskrag. As die bloed van die offerlam aan die deurposte gestryk word, beteken dit dus dat die lewe van die dier in die plek van die lewe van die mens getree het. Lewe is vir die lewe gegee. As God verskyn, is alle lewe bedreig. Godsdiens is 'n uiters ernstige saak, 'n saak van lewe en dood. Alle lewe is uit God, maar tewens word alle lewe deur God geoordeel. So is God nie maar net die fontein van die lewe nie, maar ook die gerig oor al wat lewe. Wie tot sy oorsprong nader, nader tot sy ondergang. Tussen die mens en die verderf staan slegs die bloedteken.

„Deur die geloof het Moses die pasga gehou"; ons verstaan nou iets van wat daarmee bedoel is. Hy het saam met sy volk hom aan hierdie huiweringwekkende seremonie onderwerp, in gehoorsaamheid en vertroue. Die gehoorsaamheid bestaan hierin dat hy niks nagelaat het van wat God aan hom beveel het nie; die vertroue daarin dat hy aan die voorskrifte van God ook niks toegevoeg het nie. Gehoorsaamheid beteken dat ons niks minder doen as wat van ons gevra word nie; vertroue dat ons ook niks meer doen nie. Saam vorm hulle die geloof. Deur die pasga het Israel geleer hoe vreeslik God is: die engel van die verderf gaan aan sy sy. Deur die pasga het Israel ook geleer dat God deur die offerbloed 'n middel tot behoud aan sy volk geskenk het.

Ons weet dat die bloed van die pasgalam 'n heenwysing bevat het na die volmaakte offer wat Christus eenmaal sou bring. Hy is die Lam wat die sondes van die wêreld wegneem. Hy het sy lewe in die plek van ons lewe gestel. Hierdie wêreld dra die bloedmerk van Christus aan sy deurposte. Dit is die enigste verklaring vir die anders on-

begryplike feit dat God die mensheid nie lankal uit die heelal verwyder het nie. Dis die bloedteken van Christus wat altyd weer die pasga, die „verbygang" van die oordeel bewerk.

Van hierdie dinge het Moses nie gespreek en nie geweet nie. Nêrens in die baie voorskrifte en beskrywings van die pasgafees word gesê dat die handeling ook profetiese betekenis het. Maar ook al het Moses daar nie van geweet nie, daarom kon daar tog nog verderstrekkende sin in die voorskrif steek as wat hy self gedink het. Die woorde van die ware profeet reik altyd verder as wat hy self kan besef. In die Nuwe Testament word Christus uitdruklik as die paaslam geteken. Paulus skrywe aan die Korinthiërs (I Kor. 5 : 7): „Want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus". Petrus betuig dat ons losgekoop is uit die sonde „deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos" (I Petrus 1 : 19). Johannes het in sy visioene op Patmos die Christus gesien in die gestalte van „'n Lam asof Hy geslag is" (Openb. 5 : 6). Waar ook maar êrens in die Ou Testament 'n besondere hoogtepunt bereik word, daar kry ons gewoonlik ook 'n uitsig op die Nieu-Testamentiese heilsgeskiedenis. Vanuit die Nieu-Testamentiese heilsfeite ontdek ons in die Ou Testament gebeurtenisse en verordeninge wat profetiese waarde het, ook al was dit aan die tydgenote nie bekend nie.

Israel vier nog altyd sy pasga, maar sonder die bloed. Die paasmaaltyd van die huidige Jood het wel die ongesuurde brode en die bitter kruie soos van ouds, maar 'n paaslam word nie meer geslag nie. Volgens die later reëls moes dit in die heiligdom te Jerusalem geslag word, en van die jaar 70 na Christus af bestaan die Jerusalemse tempel nie meer nie. Deur die gang van die wêreldgeskiedenis, deur die verwoesting van die heilige stad deur die Romeine, het God daarvoor gesorg dat, noudat die ware Paaslam, Christus, op Golgota gesterf het, ook Israel nie langer paaslammers kan slag nie. Tussen die wêreld en die verderf staan nie langer die bloed van offerdiere nie, maar die

bloed van Christus. Sonder dat die Jode dit self so bedoel, is die afwesigheid van die lam en sy bloed by hulle paasviering 'n welsprekende getuienis van die volkome versoening deur Jesus Christus.

XIV. DIE DEURTOG DEUR DIE ROOISEE

Exodus 14
Hebr. 11 : 29. Deur die geloof het hulle die Rooisee deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.

Dis merkwaardig om te sien hoe in die Christelike kerk, ook by eerbiedige aandag vir die Ou Testament, die Nuwe Testament tog altyd die botoon sal behou, en dit tereg, want ons glo die Ou Testament op grond van die Nuwe, en nie omgekeerd nie. Die gebeurtenisse uit die tyd van die Ou Verbond sien ons as kinders van die Nuwe. Dit kom selfs in ons spraakgebruik tot uiting. Ons praat dikwels oor die deurtog van die Israeliete deur die Rooisee; dis 'n geskiedenis wat ons reeds in ons kinderjare vertel is en ons van die Sondagskooldae af reeds vertroud is; maar die meeste van ons is hulle daar glad nie van bewus nie dat die naam Rooisee in die gehele geskiedenis van Exodus nie voorkom nie. Daar word net van die Skelfsee gepraat; dis eers in die Nuwe Testament, in ons teks uit Hebreërs en in Hand. 7 : 36, dat ons die naam Rooisee aantref.

Die naam Rooisee is deur die Grieke gegee, nie maar net aan wat ons die Rooisee noem nie, maar ook aan die Indiese Oseaan en die Persiese golf. Waarom hulle dit so genoem het, is vir ons nie duidelik nie. Daar is in tropiese waters nou en dan mikroskopiese plantegroei wat 'n bruin-rooi tint aan die water gee, en dis moontlik dat dié verskynsel sy naam aan die see gegee het, maar séker is dit nie. In ieder geval is dit ongeoorloof om in die naam Rooisee 'n simbool van bloed en versoening deur die offer van Christus te soek, want die naam Rooisee is van heidense oorsprong.

Daar is 'n reeks van geskiedkundige en aardrykskundige vrae wat na aanleiding van die deurtog deur die Rooisee opgewerp kan word. Nog altyd is daar verskil van mening oor die vraag in watter eeu dit plaas gevind het, hoewel die meeste geleerdes dit nou in die dertiende eeu plaas. Net so word daar ook gestry oor die noukeurige plek van die deurtog; party dink aan die noordelike punt van die golf van Suez; ander oor 'n landtong tussen die golf van Suez en die sogenaamde Bittermeer, waarby veronderstel word dat in die oudheid daardie landtong nog gewoonlik onder water gelê het; weer ander soek die plek van die deurtog heeltemal in die noorde, na aan die Middellandse See. Dis alles interessante vrae, maar wesenlike, dit wil sê godsdienstige, belang is nie met die beantwoording van hierdie vrae verbind nie. Die godsdienstige belang van die gebeurtenis word deur ons teks aangedui as dit sê dat die Israeliete deur die geloof die Rooisee deurgegaan het soos oor droë grond. Daarmee, en daarmee alleen, wil ons ons in hierdie bladsye besig hou.

Dis opmerklik dat, terwyl ons tot nou toe aan die hand van Hebreërs 11 voortdurend oor die geloof van enkelinge gepraat het, hierdie keer 'n meervoud gebruik is: „Deur die geloof het hulle die Rooisee deurgegaan". Dis waar dat ook reeds in vers 13—16 van „hulle" gepraat word: „In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was". Maar die „hulle" waarvan hier sprake is, is tog maar enkelinge; Abraham, Isak en Jakob is daarmee bedoel. Elkeen van hulle was afsonderlik 'n gelowige en dit was ook by afsonderlike tye en geleenthede dat elkeen se geloof geblyk het. Hulle het geglo as afsonderlike persoonlikhede, nie as 'n groep nie. Maar in ons teks is vir die eerste keer sprake van 'n gelowige groep, van 'n volk wat in sy geheel as volk geglo het, en in daardie geloof die onmoontlike volbring het. Sodoende bring ons teks iets nuuts: die geloof van 'n kollektiwiteit.

Dis die vraag of so iets kan bestaan. Die geloof is 'n

persoonlike gawe, dit wil sê 'n gawe wat God aan afsonderlike mensekinders deur die inwerking van sy Heilige Gees in die harte skenk. Ons vaders het geleer dat die saligmakende geloof 'n allerspesiaalste genade is, en het daarmee bedoel dat die mens dit nie verkry deur lid van 'n groep, byvoorbeeld van 'n kerkformasie, te word nie, maar deurdat God een mens afsonderlik daardie genade verleen. Die poort wat tot die lewe toegang gee, is so nou dat daar altyd maar een mens op 'n slag deur kan gaan. Die geloof is altyd saak van 'n persoonlike betrekking tussen een afsonderlike siel en sy God.

Hoewel dit alles ongetwyfeld waar is, kan die geloof van een afsonderlike mens tog vir die hele gemeenskap van buitengewone betekenis wees. God wek die geloof deur die geloof: die prediking en voorbeeld van die gelowige wek, onder die seën van God, by die hoorders en aanskouers nuwe geloof. God gebruik die gelowiges om nuwe gelowiges te wen. Daar is in geloof iets wat ons amper met die woord „besmetlik" sou kon aandui. Die geloof het 'n impulsiewe krag en gee dikwels, altans wanneer dit God so behaag, ook aan ander mense 'n stoot, 'n impuls om tot geloof te kom. Deur die geloof van een kom dikwels 'n hele gemeenskap altans vir 'n tyd en tot op sekere hoogte tot geloof.

Dit is wat ons by die uittog van Israel uit Egipte opmerk. Die hele gebeurtenis is ondenkbaar sonder die eenling Moses en sy geloof; maar daardie een Moses sou tot niks in staat gewees het as sy geloof geen weerklank onder sy volk sou gevind het nie. Die geloof van Moses het sterkend en bevrugtend op die siel van sy volk ingewerk, en hoewel daar dikwels terugslae voorgekom het — wie onthou nie die tiental kere dat die volk in die woestyn teen Moses en God gemurmureer het nie? — tog kan ons sê dat herhaaldelik, danksy die meeslepende krag van die geloof, die volk as een gelowige gemeenskap opgetree het. So was dit ook aan die oewers van die Skelfsee. Die volk het eers bang geword en Moses met verwyte oorstelp: „Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe? Wat het u ons nou aangedoen,

dat u ons uit Egipte uitgelei het?" Maar as Moses dan die wonderbare uitredding wat die Here aan hulle sal skenk, aankondig, aanvaar die Israeliete sy woord as 'n Godswoord en vertrou dat dit vervul sal word. Dit is die geloof van Israel: dat hierdie volk die woord van die profeet, in hierdie geval van Moses, aanvaar asof dit uit die mond van God self gehoor is, ja, asof dit in donderslae van die hemel af geklink het. In daardie geloof bring die Israeliete die nag deur in afwagting, en in daardie geloof betree hulle die volgende môre die van water ontblote bodem van die see.

Ons kan hier dus inderdaad van 'n gelowige volk spreek. Dit beteken natuurlik nie dat die geloof in almal ewe sterk was nie. In ieder geval was daar duisende klein kinders onder hulle wat in die geheel geen besef van die toestand gehad het nie. Daar was kinders wat deur die vaders op die skouers, deur die moeders op die heup gedra is. Die klein kinders het kragtens die geloof van hul ouers die trek deur die Skelfsee meegemaak. Ons doopformulier vergelyk die heilige doop met die gang deur die Rooisee; in aansluiting daarmee kan ons sê dat die kinderdoop sy regverdiging mede in die trek van die hele volk, ouers sowel as kinders, deur die Skelfsee kan vind.

Toe die Egiptenaars dit probeer, sê ons teks, het hulle verdrink. In die geskiedverhaal van Exodus 14 vind ons die nadere besonderhede. Daar is verskillende elemente wat hier saamgewerk het. In die eerste plek, so lees ons, het die Here deur die vuur- en wolkkolom, wat anders voor die Israeliete uitgegaan het, maar nou tussen die Israeliete en hul agtervolgers gaan staan het, die vyande verskrik: die vreemde verskynsel in die natuur het hulle senuagtig gemaak. Vervolgens, toe hulle met hul strydwaens die seebodem betree, het die seesand, wat die Israelitiese voetgangers kon dra, ingegee onder die swaar met brons beklede wiele, sodat die waens weggesak en vasgeval het. Ten slotte het die vloed gekom en het die see sy ou plek weer ingeneem. Aan al hierdie besonderhede, wat ons laat sien dat die Here ook in sy wonderwerke dikwels van natuurlike hulpmiddels gebruik maak, gaan die brief aan die

Hebreërs verby om alle nadruk op die belangrikste te lê: die Egiptenaars wou ook probeer wat die Israeliete gedoen het, maar het daarby omgekom. Waarom? Omdat hulle nie besiel was met die geloof wat op daardie dag Israel geïnspireer het nie.

Daar was onder die Egiptenaars geen Moses nie, geen leier wat die Godswoord aan hulle oorbring nie. Die Egiptenaars het priesters gehad in talle skakerings, veel meer as later die Israeliete. Hulle was groot in die bou van tempels, in die vier van feeste, in die bring van offers, in die sing van liedere — maar profete, werklike godsgesante met 'n boodskap vir hulle volk, het hulle nooit geken nie. En daarom ontbreek by hulle ook die geloof. Daar was by die Egiptenaars wel godsdiens, wel 'n wêreld- en lewensbeskouing, wel 'n hele aantal oortuigings omtrent die goddelike kragte en die lewe na die dood — maar nie wat die Bybel geloof noem nie; want geloof is niks anders nie as die aanvaarding van die Godswoord, en waar geen profete is nie, daar kan ook geen Godswoord wees nie. Die Egiptenaars het die bodem van die Skelfsee betree omdat hulle die Israeliete agterna wou sit, nie in vertroue op 'n belofte van God nie.

Die Egiptenaars was navolgers, en geloof kan nie nagevolg word nie. Geloof moet altyd weer self beleef word, moet telkens in die eie binnenste die oorwinning op vrees en twyfel behaal. Met navolging alleen kom niemand deur die Skelfsee of in die Beloofde Land nie. Heel kenmerkend staan daar ook in ons teks: „... terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het". Die Egiptenaars het geprobeer om die Israeliete na te volg; hulle het 'n proef geneem. Met wêreldse dinge kan 'n mens 'n proef neem; 'n groot deel van ons wetenskap berus op proefnemings. Maar met God kan en mag ons geen proewe neem nie. Doen ons dit tog, dan kom wat ons doen neer op daardie groot goddeloosheid, wat die Bybel „die Here versoek" noem. Die Here laat Hom nie op die proef stel nie. Want as iemand 'n proef neem, dan verbind hy hom tot niks nie. Ek kan iemand op proef in my diens neem; dit beteken dat aan die eind van die proeftyd ek vry is om te

beslis of ek verder van sy dienste gebruik sal maak of nie; maar as iemand eenmaal met God begin, moet hy hom aan God oorgee; hy staan nie meer vry teenoor God nie. Hierdie gebondenheid aan God noem ons geloof, en dit is dus die teengestelde van 'n proef neem.

Ongetwyfeld het die Egiptenaars gedink: Wat die Israeliete kan, kan ons ook! As ander mense droogvoets deur die see kan kom, sal ons dit ook kan doen. Maar hulle vergeet die ou spreuk: As twee mense dieselfde ding doen, is dit daarom nog nie dieselfde ding nie. Die Israeliete betree die Skelfsee in gehoorsaamheid aan die Godswoord, in gebondenheid aan God; die Egiptenaars probeer dieselfde te doen in ongehoorsaamheid, in wraaksug en bloeddors. So is vir die geloof die Rooisee die teken van verlossing, maar waar geen geloof is nie, bring dieselfde see die ondergang.

By die oordenking hiervan moet ons nooit uit die oog verloor nie dat geloof 'n geestesgesteldheid is wat telkens weer opnuut geskenk en aanvaar moet word. Die feit dat Israel as 'n gelowige gemeenskap die oewer van die Rooisee betree het, waarborg nog nie dat Israel ook in die verder verloop van sy lotgevalle 'n gelowige volk sal bly nie. Israel het hom aan God verbind, maar daardie verbintenis moet van jaar tot jaar en van dag tot dag hernieu word. Weer kan ons 'n verbindingslyn tussen die deurtog deur die Rooisee en die heilige doop trek. As 'n mens sy doop nie deur sy belydenis persoonlik aanvaar en deur sy lewenswandel bevestig nie, mag hy nie bly reken op die beloftes van God wat deur die doop tot hom kom nie. Iedere Israeliet kan, geestelik gepraat, 'n Egiptenaar word. Ons sien dit in die geskiedenis van Israel baie duidelik. Waar die innerlike binding aan God ontbreek, help dit nie, al word uiterlik dieselfde ding geprobeer as wat die gelowige voorgeslag in gehoorsaamheid aan God gedoen het.

Met die ark van die verbond in sy midde het die leërskare van Israel op die bevel van God Kanaän ingetrek en dit verower. Maar as in later tye die volk geestelik in verval geraak het, baat dit nie, al haal hulle na 'n verlore veld-

slag teen die Filistyne die ark van die verbond in die laer; die tweede veldslag loop nog slegter af as die eerste. In vaste vertroue op die Godswoord wat deur Jesaja tot hom gekom het, het die gelowige koning Hiskia geweier om Jerusalem aan die Assiriese koning oor te gee, en hy het stad en tempel gered gesien. Maar 'n eeu later roep priesters en valse profete tevergeefs „Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit". Tevergeefs: want daar is by koning en volk geen gehoorsaamheid aan die Godswoord wat deur Jeremia tot hulle kom, geen innerlike binding aan God, geen geloof nie.

Die boodskap van die Skelfsee kom dus hierop neer: Vir wie Gods wil volg, is berge vlak en seë droog; wie sy eie wil volg, sal verdrink.

XV. DIE MURE VAN JERIGO

Jos. 6 : 1–20
Hebr. 11 : 30. Deur die geloof het die mure van Jerigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.

Die reisiger wat van die teenswoordige dorp Jerigo in Jordanië 'n halfuur in noordoostelike rigting voortgaan, vind in die nabyheid van die fontein, waaraan herinneringe aan die profeet Elisa verbind is (II Kon. 2 : 19—22), 'n heuwel van omtrent 50 voet hoog; hierdie heuwel het nie deur natuurwerking ontstaan nie, maar dank sy bestaan aan die mens. Dit is die plek van Jerigo, soos dit in die dae van die Ou Testament en lank daarvoor bestaan het. In die Nieu-Testamentiese tyd is twee myl verder suid deur Herodes 'n nuwe stad Jerigo aangelê. Dit is die Jerigo waar Saggeüs Jesus op sy laaste tog na Jerusalem geherberg het. Die Jerigo van Josua egter lê, soos reeds gesê, in die onmiddellike nabyheid van die fontein wat die hele omgewing van water voorsien.

Jerigo is een van die oudste stede wat op aarde bekend is.

Blykens die opgrawings het daar van baie vroeë tye af mense gewoon. Die heuwel het ontstaan deurdat mense altyd weer nuwe huise met kleimure op die ingestorte werk van hulle voorgangers gebou het. Daar word geskat dat die bewoning van die plek reeds in die jaar seweduisend voor Christus begin het. Daar lê 'n langer tydperk tussen die vroegste bewoners van Jerigo en die eeu van Josua as tussen Josua en ons teenswoordige tyd.

Reeds dikwels het ondersoekers in die heuwel gegrawe, veral in die hoop om spore van die verowering van Jerigo deur Josua te ontdek. Tussen die twee wêreldoorloë het 'n opgrawer gedink dat hy die mure van Jerigo, wat deur die geloof van Israel ingestort het, teruggevind het. In boeke en tydskrifte het afbeeldings daarvan verskyn, en aan die hand van die vondste is verkondig dat hiermee bewys was dat die stad in die jaar 1400 geval het. Dit was 'n moeilike geval vir dié geleerdes wat op goeie gronde van mening is dat Josua omtrent die jaar 1200 geleef het. Die ondersoek van die laaste paar jaar het egter aan die lig gebring dat die gevonde muur veel ouer was, en dat die stad waar Ragab die verkenners onderdak verleen het, heeltemal verdwyn het. Die verwoesting was blykbaar so radikaal dat daar geen duidelike spore meer van daardie tydperk te vinde was nie. Ook het die plek na Josua tot die dae van Agab toe geen ommuurde stad meer gedra nie sodat die winterreëns die laaste spore kon wegspoel.

Die vyftig jaar oudheidkundige ondersoek wat met onderbrekings op hierdie plek verrig is, het ons sodoende nog geen stap nader tot die Jerigo van die boek Josua gebring nie. Wat dit betref is die enigste bron van ons kennis nog altyd die Bybelse verhaal. Dit word deur die brief aan die Hebreërs saamgevat in een enkele sin: Deur die geloof het die mure van Jerigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.

Dit was 'n snaakse gesig vir die koning van Jerigo en sy dienaars: daardie plegtige optog van die stryders van Israel rondom die stad. En toe dit die tweede en derde dag en al die volgende dae herhaal is, kon hulle nie anders as om

te lag nie vir wat vir hulle 'n dwase vertoning gelyk het.

Kort tevore het hulle nie gelag nie. Die gerug van 'n trekkersvolk wat uit die woestyn opkom en die Oorjordaanse oorstroom, het tot hulle deurgedring. Weldra kon hulle van hul eie stad uit op die berge van die Oorjordaanse die vuurgloed sien van Amoritiese stede wat in die brand gesteek is, en vlugtelinge het vertel hoe die konings Og en Sihon verslaan is deur die nuwe indringers. Daar het vrees opgekom in die harte, want die vyande het naderby gekom, afgedaal van die berge, kamp opgeslaan in die vlakte, en daar was 'n gerug dat twee verkenners selfs tot in Jerigo deurgedring het. Die koning het ondersoek laat instel, maar die twee verkenners het verdwyn sonder om 'n enkele spoor agter te laat.

Gelukkig, so het die inwoners van Jerigo gesê, is die Jordaan nog tussen ons en daardie barbare! En gelukkig, so het hulle mekaar ook verseker, is dit juis die voorjaarstyd, waarin die rivier vol is: die sneeu wat smelt op die Hermon het die water opgestoot sodat dit lê van wal tot wal. Laat dit dan moontlik wees dat 'n paar manne daarin slaag om oor die rivier te kom; vir 'n hele leër, en dan nog wel een met vroue en kinders daarby, is dit onmoontlik om oor te steek en op ons kant te kom.

Hoe groot was daarom die skrik in Jerigo nie toe hulle een dag van herders wat met hul kuddes dig by die rivieroewer vertoef het, hoor dat die volk Israel dwars deur die Jordaan getrek het! Onmiddellik het die koning beveel om die enigste poort van die stad te sluit en dit gesluit te laat. Anders was die deure van die poort oordag oop sodat ieder wat wou uit en in kon gaan; nou bly die swaar deure toe; niemand word toegelaat om na sy werk op die akkers by die stad te gaan nie. Die arbeid moet stil lê totdat die gevaar verby is. By die poort en op die muur rondom die stad word waggehou deur gewapende manne, en vol spanning sien hulle uit na die ooste of die vyandige leërmag sy verskyning sal maak.

Weldra kondig 'n stofwolk die opmars van die leër aan. Dit lyk of die aanval netnou sal begin. Al wat die wapens kan hanteer, sal nou moet help om die stad te verdedig.

Die burgers skaar hulle op die walle, die swaard in die vuis, boog of slinger byderhand. Maar die leër swenk na die noorde, voor dit die poort bereik; in 'n wye boog trek dit om die stad heen. Van die stadsmuur af volg die burgers van Jerigo die mars; hulle onderskei voorop 'n groot groep gewapende manne; dan volg sewe priesters wat op ramshorings kort afgebroke sinjale blaas; ander priesters dra op draagstange 'n kis waarvan die met goud oorgetrekte panele blink in die sonskyn; daarna volg 'n nuwe groep van gewapendes wat die stoet afsluit.

Dit was 'n angstige gesig om die lang stoet van gewapende vyande verby te sien trek; maar gelukkig, hulle trek verby! Geen oomblik waag hulle hulle by die mure nie; hulle bly altyd meer as 'n boogskot afstand van die stad verwyder. En die burgers het mekaar gerus gestel: die vyand durf hulle nie aanval nie; die barbare weet nie hoe hulle die hoë mure van Jerigo sou moet beklim nie. Daarom probeer hulle deur hul rondgang die burgers te imponeer. Hulle toon hulle aantal, maar 'n inwoner van Jerigo laat hom nie deur die blote aantal skrik aanjaag nie; hy weet dat die krag van die mure belangriker is as die aantal van die vyande.

Dis waar, die voortdurend herhaalde kort sinjaalstote klink aaklig en onheilspellend, soos die geluid van uile in die nag. Maar 'n mens raak daaraan gewoon. As die skouspel die volgende dae hernieu word, as weereens die leër van die invallers met priesters, ramshorings en kis rondom die stad trek, haal die ouer burgers van Jerigo hul skouers op en gaan huis toe; die jongmans bly en skree woorde van uitdaging en spot na die vyand. As hulle manne is, laat hul dan naderby kom, 'n aanval waag! Het hulle dan die Jordaan oorgesteek om hier 'n vertoning te gee?

Daar kom geen antwoord van die kant van die invallers nie. Hul gaan swygend hul gang rondom die stad en trek hul terug in die laer. So gaan dit dag na dag, sodat die burgers van Jerigo nouliks meer die moeite doen om na die daelikse rondgang te kyk; net die wagte by die poort en op reëlmatige afstande op die mure volg nog met waaksame oë

die bewegings van die vyand. Hulle is dit ook wat op die sewende dag die koning berig dat die vyand veel vroeër as gewoonlik die laer verlaat het. Die burgers hoor dit met vreugde: miskien sal dit nou tot 'n werklike aanval kom! Die mure staan weer vol; maar weer gebeur daar niks anders as die vorige dae nie. Ja tog: want na die eerste rondgang volg 'n tweede, 'n derde. Dit hou nie meer op nie. Nou is die sewende rondgang volbring. Die geluid van die ramshorings klink nou anders: een lang aangehoue toon. En hoor! Die vyandige stryders wat die vorige dae nie met een woord op uitdaging en spot geantwoord het nie, hoor! hulle het tog wel 'n stem: hulle skreeu, hulle juig! Maar dis nou tog te laat om met 'n aanval te begin? Dis nou die warmste tyd van die dag — dan veg 'n mens tog nie? Die barbare het nie die minste benul van die krygskuns nie!

So het die burgers van Jerigo gedink; tyd om hulle gedagtes uit te spreek, het hulle nie meer gekry nie.

Ons het in die voorafgaande die geskiedenis van Jerigo gedurende die laaste sewe dae van sy Kanaänitiese bestaan om so te sê van binne uit vertel, naamlik vanuit die standpunt van sy eie bewoners. Die Bybel doen dit anders. Die Heilige Skrif vertel dit van bo af: dit begin by God. „Toe het die HERE vir Josua gesê: Kyk, Ek gee Jerigo met sy koning en dapper helde in jou hand". Die voorafgaande vers het beskrywe hoe die poort gesluit is sodat niemand die stad in of uit kon gaan nie; maar die koning van Jerigo het vergeet om sy stad ook vir God, van bo af, ontoeganklik te maak. Van bo af is hy weerloos, en God beskik oor Jerigo asof sy koning en sy dapper helde lewelose poppe was.

Dit is selfs nog sterker as wat in ons Afrikaanse vertaling tot uiting kon kom. Die oorspronklike Hebreeus het: „Kyk, Ek h e t Jerigo met sy koning en dapper helde in jou hand g e g e e". Die verlede tyd word gebruik: dit het reeds plaasgevind. Dis 'n gebruik in Hebreeus en verwante tale om dinge wat stellig sal gebeur, uit te druk asof hulle reeds plaasgevind het. Dit is die sterkste vorm van belofte: nie „Ek gee" of „Ek sal gee" nie, maar „Ek het gegee"; in my

gedagtes het Ek dit reeds aan jou gegee; die uitvoering van my gedagte kom onvermydelik. Die belangrikste is nie die uitvoering nie, maar die voorneme. Die Raad van God bepaal die loop van die geskiedenis, en derhalwe kan elke belofte van God reeds as 'n gebeurtenis beskou word. Die uitwerking in die tyd volg as vanself op die besluit in die ewigheid.

Dieselfde uitdrukking kom in vers 16 terug: „En toe die priesters die sewende keer op die ramshorings blaas, sê Josua vir die volk: Skreeu! want die HERE gee die stad aan julle oor". Ook hier staan eintlik die verlede tyd: „Want die HERE het die stad aan julle oorgegee". Dis ook daarom dat Josua sy mense kan beveel om te skreeu. Daardie „skreeu" is nie gewone geskree nie, maar die besondere jubelkreet waarmee 'n volk sy koning en 'n leër sy oorwinning begroet. Dis dieselfde woord as wat Bileam gebruik as hy van Israel getuig: „Die HERE sy God is met hom, en die gejubel tot eer van die Koning is by hom" (Num. 23 : 21). So sing dan ook die 89ste Psalm: „Welgeluksalig is die volk wat die geklank ken", dit wil sê: wat sy Goddelike Koning met gejuig begroet. So seker is Josua en sy volk van die bystand van God en die vervulling van sy belofte dat hulle juig asof die belofte reeds vervul is.

En dit is nou juis wat ons geloof noem: doen asof die belofte reeds vervul is. Dit beteken nie dat ons geen oog meer vir die aardse werklikheid het nie, maar wel dat ons die hemelse werklikheid bo die aardse sien, soos die siener van Patmos telkens bo die lyding van die kerk op aarde die triomf van die saliges in die hemel aanskou het. Vir die geloof val die tyd tussen belofte en vervulling in die niet; die geloof verheug hom nou reeds oor wat eenmaal sal wees, omdat dit in die Raad van God nou reeds 'n werklikheid is. Daarom beteken die tussentyd min vir die geloof. Die Israeliete kan getroos dag na dag hul omgang om die stad maak, en die laaste dag selfs sewe keer die afstand aflê; die hitte en die stof deer hulle so min as die spotwoorde vanaf die mure, want hulle weet dat die Here op sy tyd die stad aan hulle sal uitlewer. Die kerk kan getroos haar gang deur die eeue tussen die hemelvaart en

die wederkoms voortset, en die vervolging of smaad deer haar nie, want sy weet dat die tydstip van die voleindiging lankal vasgestel is en dat die koninkryk van die Here sal kom. Die geloof sien die toekoms as die hede; daarom herhaal die Bybel telkens weer: Die tyd is kort; die wederkoms is naby; die Here kom gou.

Sewe dae lank is deur die Israeliete die rondgang om Jerigo verrig. Sewe is die Godsgetal in die Bybel; sewe dae is daarom die Godstyd. Dit beteken nie dat 'n mens op die vervulling van die beloftes van God net sewe dae, of ewentueel ook sewe jaar, moet wag nie; God laat Hom nie aan getalle bind nie, en daarom gebied Hy die Israeliete ook om op die sewende dag sewe maal rondom Jerigo te trek, sodat die totaal dertien is, wat ons 'n ongeluksgetal sou ag. Maar dit beteken wel dat elke tyd wat gelowig wagtend deurgebring word, 'n Godstyd is, 'n tyd waarin God besig is om ongemerk alles voor te berei vir die groot wonder wat kom. Van die eerste dag af tot die sewende dag toe kon die Israeliete nie sien dat hulle ook maar in een enkel opsig iets gevorder het nie; op die môre van die sewende dag was daar nog geen barsie in die mure nie, en toe hulle sewe keer rondgegaan het — elke rondgang het omtrent 'n uur gevat — kon hulle nog niks ongewoons aan die bolwerke en poort bespeur nie. En tog was die wonder so naby: dit het nog maar net op hulle gejuig gewag. So wag nou nog die wonders van die Here dikwels op die geloofsvreugde van sy kerk.

XVI. RAGAB

Jos. 2; 6 : 22–25
Hebr. 11 : 31. Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.

As ons self die geloofshelde uit die Ou Testament kon uitkies, sou ons waarskynlik Ragab nie in ons ererol ingesluit het nie. Dit bewys weer eens hoe goed dit is om die

keuse aan God en sy Heilige Skrif oor te laat. Ons weet wel dat die Heiland gesê het dat die tollenaars en hoere ons sal voorgaan in die koninkryk van God, maar in die praktyk van ons kerklike lewe laat ons vroue soos Ragab maar liewer links lê. Dit is ook wel seker dat voordat iemand met die sielsorg aan hierdie ongelukkiges begin, hy hom ernstig moet afvra of hy die geskikte persoon vir so 'n werk is.

Die Heilige Skrif skroom nie om van vroue soos Ragab te praat nie. Hy kan dit doen omdat dit die Heilige Skrif is. Hy hoef nie, soos so baie mense, met 'n voorgewende verontwaardiging te getuig teen iets wat heimlik tog verleidelik is nie. Die Heilige staan met heilige liefde en erbarme teenoor die sondaar en ook teenoor die sondares. Die Heilige hoef niks mooier voor te stel as wat dit is nie, maar het ook geen behoefte om 'n mens swarter te maak as wat hy reeds is nie. Hy bly saaklik in sy beskouing van die mense: niemand is volmaak nie, maar niemand is ook by voorbaat reeds verlore nie. Daar is eindelose moontlikhede vir elke mens: ten goede en ten kwade.

Daarom spreek die Bybel onbevange van Ragab, die hoer; daarom word ook tot haar die bevrydende woord gespreek: Jou geloof het jou gered; daarom word haar geskiedenis selfs aangehaal as 'n voorbeeld daarvan dat die geloof in werke openbaar moet word. As Jakobus vir sy lesers duidelik wil maak dat 'n geloof sonder werke 'n dooie geloof is, vra hy (Jak. 2 : 25): „En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?"

Die brief aan die Hebreërs roem die geloof van Ragab. Deur die geloof, so word gesê, het sy by die val van Jerigo nie omgekom nie. Maar wat weet ons eintlik van die geloof van Ragab? Daar is maar net een bron wat ons kan inlig, en dit is die tweede hoofstuk van die boek Josua. Dit spreek nie oor die godsdienstige oortuigings van Ragab in die algemeen nie; volgens alle waarskynlikheid het sy, as sy in haar bestaan ooit behoefte aan 'n gods-

dienstige plegtigheid gehad het, daartoe die heidense tempel in of by Jerigo opgesoek. Ons het nie die minste rede om aan te neem dat sy 'n ander vorm van godsdiens as die orige bewoners van Jerigo geken het nie.

Maar as die spioene van Israel met haar praat, sê sy: „Ek weet dat die HERE die land aan julle gegee het". Sy het op die een of ander manier iets gehoor van die God van die Hebreërs en onder die indruk daarvan gekom. In Jerigo, en ook in die huis waar Ragab haar bedryf uitgeoefen het, is deur die burgers gepraat oor die berigte wat uit die woestyn gekom het. Sy het opgemerk dat die belangrike manne van Jerigo — want dié het tot haar besoekers behoort — ongemaklik voel. Teenoor haar is uitgespreek wat in die raadsaal en volksvergadering verswyg is: onrus en vrees. „Ek weet dat die skrik vir julle op ons geval het en dat al die inwoners van die land vir julle bewe". Daardie vrees is nie in die eerste plek 'n vrees vir mense nie; die Israeliete kon dan geharde woestynswerwers wees en hul stryders by tienduisendes tel, daarteenoor het die beter bewapening van die Kanaäniete gestaan en die krag van hul vestingmure. Nee, die skrik waarvan hier sprake is, is 'n angs wat van bomenslike oorsprong is, 'n paniek wat 'n mens aangryp as hy teenoor bonatuurlike kragte te staan kom. „Want ons het gehoor dat die HERE die water van die Skelfsee vir julle by jul uittog uit Egipte laat opdroog het". Vir die tweede keer fluister die vrou in die donker op die dak die Naam van die God van Israel. Hy begelei die swerftog van sy volk met sy tekens en wonderwerke; sy mag was groter as die mag van al die Egiptiese gode by mekaar, en dis daardeur dat die volk Israel in staat is tot dinge wat ongelooflik geskyn het: „En ons het gehoor wat julle die twee konings van die Amoriete, Sihon en Og, oorkant die Jordaan aangedoen het, dat julle hulle met die banvloek getref het".

Met die banvloek: dit wil sê dat hierdie volk nie oorlog voer om stede te win of buit te behaal nie, maar om alles wat in sy weg mag kom aan sy God as 'n reusagtige offerande aan te bied. Dit beteken tegelyk ook dat Israel nie op onderhandelinge ingaan nie; dis nie moontlik om hierdie

volk te paai met goud of beloftes nie. Onverbiddelik gaan dit die weg wat sy God hom gewys het; alles wat hom teenoor Israel stel word verbrysel. Hier baat geen lis of omkoopgeld nie. Die diplomate staan magteloos teenoor mense wat vir hulleself geen begeerte koester nie, dog alles vir hulle God opeis.

Ragab, die hoer, wat haarself nie groot hoef te hou nie, spreek uit wat al die ander inwoners van Jerigo nie hardop durf sê nie: „Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie". In haar lewe het lankal niks oorgebly van die uiterlike skyn wat meer fatsoenlike mense altyd so angsvallig probeer bewaar nie, daarom praat sy reguit van die ontreddering wat hom van die harte meester gemaak het. Sy weet: ons is almal verlore — en sy het die moed om dit ook te sê.

Sy weet ook, waarom Jerigo gedoem is: „Die HERE julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder". Dit beteken nie dat Ragab nou plotseling 'n gelowige vrou geword het nie, maar wel dat sy besef dat die gode van Jerigo magteloos staan teenoor die groot God van Israel. Haar geloof, as ons op die voetspoor van ons teks daarvan mag praat, is in hierdie stadium nog 'n negatiewe geloof. Dit behels nie veel meer as die sekerheid: ons is verlore, ons mure en ons manne, ons gode en godinne is nie by magte om ons te red nie.

Maar hierdie negatiewe geloof is nie haar eindpunt nie.

As Jerigo gedoem is, dan lê Ragab se behoud nie in Jerigo nie, maar aan die kant van hulle wat teen Jerigo optrek. Aan die verderf kan sy net deur 'n noodsprong ontkom: deur ineens en volkome aan die kant van Israel en sy God te gaan staan. Die koning van Jerigo sou dit verraad genoem het, en ons kan daar moeilik anders oor oordeel. Maar Ragab het in haar lewe van Jerigo nooit iets anders as kwaad ondervind nie. Die manne het haar verag, en in die geheim besoek; die vroue het haar gehaat; die kinders het haar op die straat nageroep. Ragab self het ten aansien van die twee spioene waarskynlik aan die ou Oosterse opvatting van gasreg gedink: die gasheer of gasvrou moet

met sy lewe en kragte waak vir die veiligheid van sy gaste, wie hulle ook al mag wees. Dit het vir Ragab vanself gespreek dat sy haar gaste se lewe en vryheid moes beskerm.

Maar wat nie vanselfsprekend was nie, is dat sy so 'n groot vertroue in die mag van Israel se God gehad het, dat sy haar eie beskermelinge om beskerming gesmeek het: „Sweer dan nou tog vir my by die HERE dat, terwyl ek aan julle 'n guns bewys het, julle ook aan my familie 'n guns sal bewys; en gee my 'n betroubare teken dat julle die lewe van my vader en my moeder en my broers en my susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons siele sal red van die dood".

So slaan die negatiewe geloof om in die positiewe: as God se oordeel oor ons kom, dan kan ons maar net gered word deur aan God se kant te gaan staan. Dit sluit egter in dat Ragab die oortuiging besit dat sy aanneemlik is vir God. In sekere sin sou 'n mens dit 'n belediging vir God kon noem: dit mag tog werklik geen versterking van die saak van God genoem word as 'n vrou soos Ragab sy kant kies nie! Maar God dink daar anders oor as mense; die Heilige is nie bevrees vir die sondes van die sondaars nie. God is so heilig dat Hy in Ragab net die mens, net sy erbarmlike skepsel sien, en ook haar in ontferming wil aanneem.

Ons dink dikwels aan die God wat Hom in die Ou Testament openbaar as aan die God van onverbiddelike gestrengheid. In sy algemeenheid is hierdie gedagte seker onjuis, maar die leser van die boek Josua sou tog wel die indruk kon kry dat God Hom nie veel oor die enkeling en sy leed bekommer nie. Die boek handel oor volke wat uitgeroei, stede wat verbrand word; dit beskrywe veldslae en volksvergaderinge; die afsonderlike mens en sy moeilikhede word daarin amper nie bespreek nie. Maar die geval van Ragab toon ons nietemin dat die God van die boek Josua tog die God van die Bybel as 'n geheel en van die evangelie in die besonder is: want Ragab die sondares word deur haar geloof gered en opgeneem in die erbarming van God.

God maak ten aansien van haar 'n uitsondering op sy eie

wette. By Sinai het God sy volk verbied om 'n verbond te sluit of huweliksgemeenskap aan te gaan met die Kanaäniete (Ex. 34 : 16), en aan die grens van die Beloofde Land is hierdie verbod nog 'n keer herhaal sodat daar nie die minste twyfel oor kon bestaan nie (Deut. 7 : 3). Nietemin word Ragab in die gemeenskap van die volk Israel opgeneem: 'n Kanaänitiese vrou, en nog wel een wat selfs in haar eie omgewing as uitvaagsel beskou is. Ons moet veral nie probeer om die harde woord wat die Skrif gebruik om haar beroep aan te dui, te verdoesel nie. Reeds ou Joodse skrywers het beweer dat sy 'n herberg gehou het dog eerbaar in haar lewenswandel was, en party Christelike uitleggers het hulle daarin gevolg. Maar op daardie manier word die goud van die evangelie verdonker; die geskiedenis van Ragab, die hoer, leer ons dat God die sondaars wil aanneem, en sodra as Ragab nie meer 'n sondares is nie, het hierdie Skrifgedeelte geen troos vir ons nie. Maar die harde woord wat die Skrif gebruik, toon ons dat God in sy oneindige mildheid 'n inbreuk op sy eie wetgewing wil maak om een mensesiel te red.

Een mensesiel — dit is nog te eng gepraat. Saam met Ragab word haar hele familie gered: ouers, broers en susters en hul gesinne. Terwille van een sien God baie in genade aan. Dit is aan die ander kant aandoenlik om op te merk hoe Ragab se gedagtes onmiddellik na haar familie uitgaan hoewel daardie familie vermoedelik nie so 'n liefde verdien het nie. Die ouers wat toegelaat het dat hulle dogter 'n bestaan uit die sonde gaan maak het, die broers wat nooit 'n helpende hand na hul suster uitgesteek het nie, die susters wat haar vermy het — hulle almal dank hul lewe aan die veragte en uitgestotene wat geglo het dat sy by die God van Israel genade en beskerming sou vind.

Ons vind die naam van Ragab, behalwe in die boek Josua en die twee passasies uit Hebreërs en Jakobus, wat ons aangehaal het, ook nog op een ander plek in die Bybel, nl. in Matth. 1 : 5. Dis in die geslagsregister van Josef, die pleegvader van onse Here Jesus Christus. Daar lees ons dat „Salmon die vader van Boas by Ragab" geword het.

Waar Matthéüs hierdie gegewe gekry het, weet ons nie. Die Ou Testament sê van Ragab en haar familie net dat hulle „onder Israel gewoon het tot vandag toe", maar aangesien ons nie weet wanneer die boek Josua of die geskiedenis van die val van Jerigo geskrywe is nie, weet ons ook nie wat met „tot vandag toe" bedoel is nie. Blykbaar het Mattheüs hier soos elders in sy geslagsregister beskik oor mondelinge familieoorlewerings of later optekenings daarvan en kon hy op grond daarvan die naam van Ragab langs die van Tamar, Rut en Batseba in die stamboom van Josef vermeld.

Salmon was die seun van Nagson, en hy word as owerste van die stam Juda in Num. 7 : 12 vermeld. Die vader van Salmon was derhalwe die vernaamste van die hele stam Juda, een van die hooggeplaastes in Israel. Dit mag ons verwonder dat die seun van so 'n vername man trou met 'n Kanaänitiese vrou, en nog wel met 'n vrou met so 'n verlede as Ragab. Miskien sou daarvoor 'n sielkundige verklaring gegee kon word: as ons aanneem dat die jong Salmon een van die twee spioene was wie se lewe deur Ragab gered is, dan sou ons kon verstaan dat hy uit dankbaarheid haar tot hom geneem het. Maar dit is nie meer as 'n veronderstelling nie; die Bybel swyg daaroor. Daarom is dit beter om in die huwelik van Ragab met 'n vors van Israel 'n bewys te sien dat sy sonder enige voorbehoud deur Israel aangeneem is, soos sy deur Israel se God aangeneem is. Ook hierin kan ons sien dat God die sondaars aanneem. Deur haar huwelik het Ragab 'n voorouer van Dawid geword en selfs, soos ons kan leer uit Luk. 3 : 32 waar Salmon, haar man, en Boas, haar seun, ook voorkom, 'n voorouer van onse Heiland, vir sover dit die liggaam betref. Die naam van die koning van Jerigo het vergaan, maar dié van Ragab bly lewe solank as die Bybel gelees word.

XVII. GIDEON

Rigt. 7 : 1–15
Hebr. 11 : 32. En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal, wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.

Die brief aan die Hebreërs bekort sy oorsig. As die skrywer die geskiedenis van Josua tot sy eie tyd net so uitvoerig sou behandel as die van Abel tot Josua, sou hy nog 'n paar lang hoofstukke nodig hê. Ons wat negentien eeue later sy brief lees, sou daarteen geen beswaar maak nie; ons moet egter in aanmerking neem dat dit oorspronklik nie die bedoeling was dat die brief in stilte gelees sou word nie, maar dat dit in die vergadering van die gemeente voorgedra sou word. Wat ons vir ons self lees, kan ons ook vir 'n kort tyd opsy lê, om die gelesene op ons te laat inwerk; miskien keer ons 'n uur, miskien keer ons 'n dag later weer terug na die plek waar ons opgehou het om te lees. Heel anders gaan dit by die voordrag in die gemeente; daarby moet die einde gehaal word, want wie weet of dieselfde mense die volgende week weer aanwesig kan wees? Met die oog daarop wil ons skrywer nie te lank deurgaan nie. Dis vir ons tog al moeilik om ons voor te stel hoe 'n gemeente die hele brief kon hoor voorlees sonder om halfpad deur vermoeidheid die aandag te laat wegdwaal.

So word dan die geskiedenis na Josua saamgevat. Eers volg nog 'n paar name: die van die vernaamste rigters en die eerste koning; dan nog 'n ampsaanduiding: die profete; daarna word net nog van geloofsdade, nie meer van geloofshelde gepraat nie. Die skrywer word hier digter en sanger; sy lied ruis in breë akkoorde: „. . . wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, be-

loftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus . . ." Ons hoef nie te probeer om elke afsonderlike uitspraak met elke afsonderlike naam te verbind nie, asof „koninkryke oorweldig" spesiaal op Gideon sou slaan, „geregtigheid geoefen" op Barak, „beloftes verkry" op Simson, ens. So peuteragtig werk ons skrywer nie. Dikwels is verskillende van die beskrywinge op een en dieselfde geloofsheld van toepassing. Van Gideon kan ons bv. sê dat hy koninkryke oorweldig het, want die konings van die Midianiete het deur sy hand geval; maar van hom geld ook dat hy geregtigheid uitgeoefen het toe hy die burgers van Sukkot gestraf het; en het hy nie die beloftes verkry, en het hy nie uit swakheid krag ontvang nie? Ons sal dus nie probeer om ons teks op die voet te volg nie. Hy bepaal ons by die gestalte van Gideon en ons wil ons oog op daardie rigter vestig.

Tog kan ons dit nie doen sonder eers nog een vraag oor die teks te stel nie. Waarom noem die brief aan die Hebreërs Gideon die eerste? Ons weet tog heel wel dat sy geskiedenis eers in Rigt. 6 begin en dat daaraan die beskrywing van die krygsdade van Barak voorafgaan. Waarom word die historiese volgorde hier omgedraai?

Oor die algemeen heg ons skrywer blykbaar nie so 'n gewig aan die historiese volgorde as wat ons gewoonlik doen nie. Net nou gaan hy ook Dawid voor Samuel noem, hoewel Samuel aan die einde van sy lewe was toe hy die jong Dawid gesalf het. Net so gaan ook sinspelings op Daniël aan die op Jeremia en Jesaja vooraf. Dit kan wees dat Gideon eerste genoem word omdat in sy lewe so besonder duidelik tot uitdrukking gebring is wat die Bybel onder 'n geloofsheld verstaan: nie 'n man in wie die menslike vermoëns tot die hoogste sport gestyg het nie, maar 'n man wat nieteenstaande sy swakheid hom met vertroue aan die leiding van God oorgegee het.

Die Bybel hou glad nie van heldeverering nie. In sy helde vereer 'n volk homself; in sy helde sien 'n nasie met trots waartoe hy in staat is. Maar toe Gideon met 'n dergelike trots — hy was ook maar 'n mens — die twee-en-dertig-

duisend gewapende manskappe uit Manasse, Aser, Sebulon en Naftali om hom heen vergader sien, toe sê die HERE vir hom: „Die manskappe by jou is te veel vir My om die Midianiete in hulle hand te gee; anders kan Israel hom teen My beroem deur te sê: My eie hand het my verlos". Te veel menslike mag is in die oë van God 'n gevaar vir die mens; dit kan gemaklik tot selfverheffing lei. Dan kan dit wel tot 'n verlossing uit die gevaar kom, maar die nuwe gevaar, die hoogmoed, is groter as die oue, die onderdrukking. Die vyand in die eie hart doen meer skade as die vyand wat van buite kom.

Daarom kry Gideon van God die opdrag om aan die hele leër mee te deel: „Die wat bang is en bewe, kan teruggaan." Dit was 'n beproewing van Gideon se gehoorsaamheid, maar hy kon teen homself sê dat dit in ooreenstemming met die ou reël was en selfs sy voordele gehad het. In Deut. 20 : 8 word naamlik voorgeskryf dat die opsigters voor die geveg die volk moet toespreek en sê: „Wie is die man wat bevrees en week van hart is? Hy kan teruggaan huis toe dat die hart van sy broers nie smelt soos sy hart nie." 'n Paar manne wat op die vlug slaan kan 'n hele afdeling meesleep, want vrees is besmetlik. Die eerste beproewing van Gideon was dus nie al te swaar nie; dit lyk of God pedagogies met hom te werk gegaan het en hom nie terstond voor die swaarste opdrag wou stel nie.

En so gaan daar twee-en-twintig duisend man weg, terwyl daar tienduisend oorbly. 'n Merkwaardige getalsverhouding! Die boek Rigters is deur 'n Israeliet geskrywe, maar daardie Israeliet aarsel nie om ook wat sy volk tot oneer strek aan ons mee te deel nie. Twee derde deel van die manskappe was so bang vir die stryd dat hulle liewer die skande om as weglopers gebrandmerk te word op hulle geneem het as om hulle eie vrees te oorwin. Toe Gideon die groot meerderheid sien wegtrek het, moes hy alle geeskrag waaroor hy beskik het, saamvat om nie moedeloos te word nie. Hy het gereken dat honderde sou wegtrek, 'n paar duisend miskien, maar kon nie dink dat tienduisendes hom in die steek sou laat nie. Die tienduisend wat oorgebly het, was in sy oë 'n geringe getal, sekerlik nie genoeg

om die stryd teen die Midianiete aan te bind nie. Van die vyande word in die geskiedenis van Gideon twee keer gesê dat hulle was „soos sprinkane in menigte, terwyl hulle en hul kamele ontelbaar was" (Rigt. 6 : 5; 7 : 12); in vergelyking daarmee was die uitgedunde leër van Israel 'n magtelose troep.

God het sy eie manier om met sy gelowiges om te gaan. Hy begin nou nie om Gideon te bemoedig nie; Hy sê nie: Dis waar, Gideon, jou leër is nou heelwat kleiner as die van jou teenstanders, maar dit is nou die dapperstes van die dapperes en een van jou manne is opgewasse teen drie van die vyande nie — nee, Hy spreek nou 'n woord wat Gideon heeltemal nie kon verwag nie: „Die manskappe is nog te veel!" Dit lyk nie op 'n trooswoord nie; maar daarin lê 'n veel sterker bemoediging gebêre as wat vriendelike woorde ooit kon behels. Want nou word dit vir Gideon duidelik gemaak dat dit nie mense is wat die beslissing in die komende stryd sal gee nie, maar net God alleen. Daarom sê die Here ook vir hom: „Bring hulle af na die water, dan sal Ek hulle daar vir jou uitsoek". Die veldheer sal sy eie bende nie uitsoek nie; dis God wat dit sal doen. Net soseer as dit God is wat die vyande sal verslaan, net soseer is dit ook God wat daartoe sy instrumente sal uitsoek en daarby sal waak vir sy eer. Hoe minder in aantal die stryders van Israel sal wees, des te groter is die eer wat aan Israel se God toegebring sal word.

Daarby kom dat dit lyk of die stryders wat God uitsoek nie eens van die bestes is nie. Vir ons is die manier van uitsoek nie heeltemal duidelik nie; maar dis wel seker dat van die een groep gesê word dat hulle met die tong die water opgelek het „soos 'n hond lek". 'n Vergelyking met 'n hond is selfs by ons, waar die hond as die grootste vriend van die mens beskou word, nie vleiend nie; maar in die ou Ooste is dit 'n griewende belediging. Die hond is in die Ooste 'n onreine dier wat sonder meester rondswerf en die walglikste goed van die strate verslind. Die driehonderd wat God ter beskikking van Gideon oorlaat is sekerlik nie dieselfde as wat hy vir 'n vermetele aanslag sou uitgekies het nie. Maar dis God wat sy werktuie uitkies, nie ons nie.

Van ons word net gevra dat ons die Godskeuse aanvaar. Dit is die geloof van Gideon dat hy hom onderwerp aan die keuse wat God gedoen het.

Daarom is dit ook feitlik onjuis as ons 'n klein dog vasberade groep 'n Gideonsbende noem. Want die bende van die driehonderd is eintlik nie Gideon se bende nie, maar dié van God. Dis die Here wat hulle uitgesoek het. Die geloof van Gideon bestaan hierin dat hy die stryd waag met die manne wat God vir hom uitgesoek het sonder hom deur hulle lae allooi of kleine aantal te laat ontmoedig.

Dit beteken natuurlik nie dat Gideon die nag in 'n opgewekte en onbesorgde stemming ingegaan het nie. Die geloof is 'n oorwinning op die twyfel, maar dit beteken nie dat die twyfel altyd geheel deur die geloof vernietig word nie. Dikwels is die geloof nog besig om met die twyfel te worstel; dikwels kom 'n oorwonne twyfel later weer terug. Net soos die mees geheiligde persoonlikheid tog nog altyd 'n sondaar bly, net so loer ook die twyfel nog voortdurend op die gelowige. Dit word geen vertwyfeling nie, maar ure en nagte van aanvegting word die gelowige nie bespaar nie.

In daardie nag van aanvegting verlaat God egter sy gelowige nie. Ons lees dat God in die nag opnuut sy woord tot Gideon rig: „Staan op, gaan af in die laer (van die Midianiete), want Ek gee dit in jou hand." Eintlik staan daar: „Ek het dit gegee", want by God staan die uitslag van die botsing reeds vas. Maar God ken sy dienaar; Hy weet hoe die twyfel loer op sy siel; reeds vroeër het die Here hom bemoedig deur die teken van die dou, tot twee keer toe. Nou gaan die Here hom 'n derde teken gee. Later sou die Here Jesus aan die Fariseërs en skrifgeleerdes 'n teken weier (Matth. 12 : 38, 39; 16 : 1—4) want hulle het dit van Hom gevra in die hoop dat Hy dit nie kon gee nie. Hulle vra om 'n teken omdat hulle hul nie wou laat oortuig nie. Maar Gideon het om 'n teken gevra juis omdat hy oortuig wou word; soos die vader van die maansieke kind kon ook hy uitgeroep het: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!

„As jy bang is om af te gaan," so sê die Here vir Gideon,

„gaan jy dan saam met jou dienaar Pura af na die laer toe en luister wat hulle praat." Ons moet dit reg verstaan; hier word nie bedoel dat Gideon, as hy nie alleen in die donker die wagposte van die Midianiet durf besluip nie, sy wapendraer saam moet neem nie. Aan persoonlike moed het dit Gideon, sover as ons kan nagaan, nie ontbreek nie. Die bedoeling is: „As jy, Gideon, dit op die oomblik nog nie waag om met die driehonderd man die Midianiete aan te val nie, gaan dan saam met jou wapendraer na die voorposte van die vyandelike laer en luister na wat die wagte daar met mekaar bespreek. Wat jy hoor, is vir jou 'n teken wat die laaste twyfel uit jou gemoed sal wegneem".

Gideon neem die raad van die Here in dankbaarheid aan. Die droom wat die een Midianiet aan die ander vertel, en die uitleg wat die ander aan die eerste daarvan gee, is vir Gideon die teken waarop hy gewag het en wat hy in aanbidding aanvaar. Nou het God die laaste twyfel uit sy hart weg laat vloei. Die drome en angste van die wêreld kan vir die gelowige kerk 'n teken van Gods kant wees. Waar die wêreld sy selfversekerdheid verloor, daar sien die kerk die heil van die Here naby.

Dis vir ons gevoel miskien jammer dat Gideon nie altyd op dieselfde geestelike hoogte gebly het as in hierdie nag nie. Ons hoor dat hy in sy vaderstad 'n tempeldiens laat inrig het, wat weldra tot afgodery gelei het; ook dat hy baie huwelike gesluit het, vermoedelik uit staatkundige berekening; een daarvan, met 'n vrou uit die heidense Sigem, het tot groot onheil gelei: want die geweldenaar Abimeleg is daaruit gebore. Dit het met Gideon gegaan soos met Salomo: die vrede en weelde het hom geen goed gedoen nie.

Waarom bederf die slotakkoord die melodie van Gideon se lewe? Omdat die Bybel ons geen ideale gestaltes teken nie, maar mense: mense met hul geloof, maar ook met hul tekortkominge. Ons mag bly wees dat Gideon se naam in Hebreërs 11 voorkom; want dit kan ons leer dat in die skatting van God die swakheid in voorspoed Gideon se geloof tydens die beproewing nie tot niet gemaak het nie.

XVIII. BARAK

Rigters 4

Rigters 4 : 9. Toe sê sy: Ek sal sekerlik met jou saamtrek, maar die eer sal nie joue wees op die pad wat jy sal gaan nie; want die HERE sal Sisera in die hand van 'n vrou verkoop; en Debora het opgestaan en saam met Barak na Kedes getrek.

Ons het reeds gesien dat Barak die eerste plek in die opsomming van die rigters, soos dit in Hebreërs 11 gegee is, aan Gideon moes afstaan. Hy mag nog bly wees dat sy naam tenminste as tweede in die reeks voorkom, want hy is nie 'n gestalte wat tot die verbeelding spreek nie. Die meeste mense ken Debora heelwat beter as Barak. Die naam van die rigteres word nog dikwels in ons Westerse wêreld aan dogters gegee maar niemand dink daaraan om sy seun Barak te noem nie. Ook al kom net Barak in die Nuwe Testament voor en Debora nie, het sy tog ook in die Christenheid 'n veel duideliker herinneringsbeeld agtergelaat as haar manlike tydgenoot.

Tog was Barak 'n figuur van betekenis in sy dae. Hy was 'n aristokraat, soos ons kan sien uit die feit dat hy telkens „Barak, die seun van Abinoam" genoem word: mense van goeie afstamming is in daardie tyd so, met die naam van hul vader daarby, genoem. As die naam van die vader nie genoem word nie, beteken dit gewoonlik dat die betrokkene 'n man van geringe afkoms is. Verder sien ons dat hy in Kedes woonagtig was, en Kedes was 'n aansienlike plek, een van die drie vrystede wat deur Josua aan die westekant van die Jordaan aangewys is (Jos. 20). Kedes het dus in die skatting van die tydgenote op een lyn gestaan met die beroemde stede Hebron en Sigem, altwee dikwels residensies van konings. Ons hoef daar ook nie aan te twyfel nie dat Barak die vernaamste man in Kedes was, die man na wie almal om leiding opgesien het. Ons moet aan hom dink soos aan Job in sy voorspoed: 'n man van gesag in sy omgewing, een wat terugblikkend op sy lewe kon sê (Job 29 : 7—11; 21—25): „Toe ek uitgegaan het na die poort, op na die stad toe, op die markplein my

sitplek reggemaak het, het die seuns weggekruip as hulle my sien, en grysaards het hulle opgerig en bly staan. Vorste het hulle woorde ingehou en die hand op hul mond gelê. Die stem van edeles is teruggehou, en hulle tong het gekleef aan hul verhemelte. Want het 'n oor net gehoor, dan prys dit my gelukkig; en het 'n oog net gesien, dan gee dit vir my getuienis ... Na my het hulle geluister vol verwagting, en hulle het stil my raad aangehoor. Ná my woorde het hulle nie weer gespreek nie, en my rede het op hulle gedrup. En hulle het op my gewag soos op reën, en hulle mond wyd oopgemaak soos vir lentereëns. Ek het hulle toegelag as hulle moedeloos was, en hulle kon die lig van my gesig nie verdonker nie. Het ek die weg na hulle toe gekies, dan sit ek as voorman en woon soos 'n koning onder die skare, soos een wat treuriges vertroos."

Hierdie pragtige beskrywing is geheel van toepassing op Barak, die leier van die stam Naftali, amper 'n koning in Kedes, die heilige stad, waar Sebulon en Naftali saamkom, 'n skare van tienduisend gewapendes. In tye van nood voeg Issaskar en Manasse, Efraim en Benjamin hul skares van vrywilligers nog daarby. Na Josua en voor Saul het geen man soveel mag in Israel besit nie.

Soveel glans het Debora nie omring nie. Die naam van haar vader word ons nie meegedeel nie, wellig 'n teken dat sy nie uit 'n aansienlike familie stam nie. Ons hoor net dat sy die vrou van Lappidot was, maar wie daardie Lappidot mag wees, verneem ons nêrens nie. Dit was blykbaar nie 'n man wat 'n rol van enige betekenis in Israel gespeel het nie. Wat Debora was, was sy deur die Here: 'n profetes, dit wil sê 'n vrou wat in geesvervoering kon raak en dan woorde spreek wat as Godswoorde deur die tydgenote aanvaar is. So kan die vraag by ons opkom of die brief aan die Hebreërs nie beter haar naam in die plek van dié van Barak kon genoem het nie: want terwyl Barak in sy tyd groot was deur afkoms en posisie, was Debora die deur God geleide figuur. Sy, en nie Barak nie, word 'n rigter genoem: „En Debora, 'n profetes, die vrou van Lappidot, het in dié tyd Israel gerig ... en die kinders van

Israel het na haar opgegaan vir regspraak." Haar regspraak was nie in die eerste plek op kennis van die ou regsgewoontes of wetboeke gegrond nie, maar op die openbaringe van die Here wat tot haar as profetes gekom het.

Sy was 'n ryk begaafde vrou. Tereg het ons Afrikaanse vertalers aan die vyfde hoofstuk van die boek Rigters die opskrif „Lofsang van Debora" gegee. Dis waar dat die eerste vers van daardie hoofstuk lui: „Op dié dag het Debora en Barak, die seun van Abinoam, gesing en gesê . . .", maar uit die lied wat volg blyk tog wel dat dit deur Debora gedig is. Die werkwoord uit die opskrif het trouens die vroulike vorm: sy het gesing. In vers 7 spreek Debora persoonlik: „. . . totdat ek, Debora, opgestaan het, ek, 'n moeder in Israel, opgestaan het." Al spreek aan die ander kant vers 12 Debora net soos Barak in die tweede persoon aan, dieselfde vers gee tog duidelik te kenne dat Debora 'n digteres is: „Word wakker, word wakker, Debora! Word wakker, word wakker, hef 'n lied aan!" Dis Debora aan wie die geestelike taak opgedra word: 'n lied moet gesing word, 'n lofsang tot eer van die Here. Barak kry die stoflike opdrag: „Staan op, Barak! en voer jou gevangenes weg, seun van Abinoam!"

Die geestelike gaan voorop, en so verskyn dus hier soos in die eerste vers die naam van Debora voor dié van die magtigste man in Israel, voor dié van Barak. Dit het wyere betekenis; want die geskiedenis soos beskrywe in die voorafgaande hoofstuk toon duidelik aan dat die inisiatief tot die bevrydingsstryd van Debora uitgegaan het. Dis sy wat aan Barak die boodskap stuur: „Het die HERE, die God van Israel, nie bevel gegee nie: Gaan, trek na die berg Tabor, en neem tienduisend man van die kinders van Naftali en van die kinders van Sebulon met jou saam? Dan sal Ek Sisera, die leërowerste van Jabin, met sy strydwaens en sy menigte na jou, na die spruit Kison trek, en Ek sal hom in jou hand gee."

Watter geloofsmoed besit hierdie vrou! Die Kanaäniete was in daardie omgewing oppermagtig. Die stad van hulle koning Hasor, word deur die oudheidkundige diens van die teenswoordige staat Israel opgegrawe; die werk

gaan baie jare duur want dit is die grootste van al die Kanaänitiese stede wat tot nou toe gevind is. Telkens vind die ondersoekers ook spore van die hoë tegniese beskawing van die Kanaäniete van daardie tyd. Die Israeliete, wat nog onder koning Dawid nie goed geweet het wat hulle met perde kon doen nie (II Sam. 8 : 4), het niks gehad om teenoor die strydwaens van Sisera te stel nie. Dit het na selfvernietiging gelyk om teenoor die oppermagtige verdrukker in opstand te kom. Nietemin waag hierdie vrou dit om op grond van die inspraak van die Here in haar hart haar volk tot die stryd op te wek. God het gespreek, en sy woord is vir haar magtiger as al die strydwaens van die geweldenaar.

By Barak vind ons nie dieselfde versekerdheid nie. Hy wil wel gehoor gee aan die oproep van Debora, maar net as sy, hoewel sy 'n vrou is, saam met hom die stryd tegemoet wil gaan. „As u met my saamtrek," so laat hy die boodskapper ten antwoord sê, „sal ek gaan; maar as u nie met my saamtrek nie, gaan ek nie." Volgens die ou Griekse vertaling het hy daar nog 'n paar woorde op laat volg wat omtrent die volgende inhoud het: „Want ek weet nie op watter dag die Here sy engel saam met my op 'n voorspoedige pad sal uitstuur nie." Barak gee te kenne dat hy nie in so 'n noue betrekking tot die Here staan as Debora nie; Debora mag as 'n profetes weet wanneer die regte tydstip vir die aanval aangebreek het, maar Barak is net 'n aanvoerder wat niks anders as menslike wysheid het om op staat te maak nie, en in die oorlog word menslike wysheid dikwels beskaam. As die stryd net met menslike beleid gevoer moet word, is die uitslag onseker, of miskien selfs wel al te seker: 'n nederlaag vir Israel. Daarom stel hy die volstrekte voorwaarde: Debora moet saam! Sonder hierdie vrou voel hierdie aanvoerder van tienduisend man homself nie teen sy taak opgewasse nie.

Geen wonder dat Debora enigsins geprikkel is deur so 'n antwoord nie! Haar naam beteken „by" en haar antwoord is in ooreenstemming met haar naam, want stekelig antwoord sy: Goed, ek sal saamkom, maar weet wel dat

daarmee die eer nie aan jou, maar aan 'n vrou sal toekom. Die uitslag het haar gelyk gegee: die dood van die vernaamste teenstander, Sisera, het deur die hand van 'n vrou plaas gevind; hy het nie op die slagveld geval nie, maar omgekom deur die verraderlike optrede van Jael, wat, terwyl hy geslaap het, sy hoof met 'n tentpen deurboor het. Waarskynlik het Barak, al was die dood van die veldheer van sy vyande vir hom 'n oplugting, die optrede van Jael nie onverdeeld goedgekeur nie; maar Debora het dit in haar lied verheerlik: „Mag bo die vroue geseënd wees Jael, die vrou van Heber, die Keniet; geseënd wees bo die vroue in die tent!"

Al mag die naam Barak ook „bliksem" beteken, beskik hy egter nie oor die eienskappe wat so 'n naam regverdig nie. Hy bly 'n aarselende figuur, vir belangrike beslissings afhanklik van Debora. As die leërmagte teenoor mekaar lê, die van Sisera in die vlakte langs die spruit Kison, die van Israel op die afdraende van die berg Tabor, is dit weer die profetes wat die beslissende woord spreek: „Maak jou klaar, want dit is die dag waarop die HERE Sisera in jou hand gee. Trek die HERE nie voor jou uit nie?"

Die vraag is dus geregverdig: Waarom noem die brief aan die Hebreërs Barak onder die geloofshelde? Miskien moet ons daarop antwoord: Omdat hy die Godswoord aangeneem en gehoorsaam het, selfs toe dit van die kant van 'n vrou tot hom gekom het. Oor die algemeen was die godsdiens van Israel in die eerste plek 'n mannegodsdiens. Net mans kon die verbondsteken aan hul liggame dra; net mans kon priesters of Leviete wees; dis die mans wat by die pasga en die ander heilige handelinge die leiding neem. Daar word nie verwag dat vroue 'n goddelike boodskap sal oorbring nie. In die hele Heilige Skrif vind ons, vir sover as ons kan nagaan, geen enkele boek wat deur 'n vrou geskrywe is nie, al dra 'n paar Bybelboeke die name van vroue: Rut en Ester. Die draers van die Godsopenbaring is omtrent almal manne.

Daar is egter uitsonderings; God laat hom nooit aan algemene reëls of menslike onderskeidings bind nie. Mirjam

word 'n profetes genoem (Ex. 15 : 20); haar lofsang, begelei deur dans en musiek, was deur die Here ingegee. Jesaja se vrou was 'n profetes (Jes. 8 : 3); ons weet egter nie wat sy gesê of gedoen het nie. Onder koning Josia is dit 'n profetes, Hulda, wat die Godswoord oor die gevonde wetboek uitspreek (II Kon. 22 : 14—20). Nehemia vermeld 'n profetes Noadja, maar sê niks goeds van haar nie (Neh. 6 : 14). Joël verwag dat in die heilstyd nie maar net die seuns en die diensknegte nie, maar ook die dogters en die diensmaagde sal profeteer (Joël 2 : 28, 29), en Petrus verklaar in sy pinksterrede hierdie woord as vervul. In die gemeente van Korinthe was daar vroue wat geprofeteer het en die apostel Paulus het dit nie verbied nie (I Kor. 11 : 5). Die vier dogters van Filippus het te Cesarea as profetesse opgetree (Hand. 21 : 9).

So opgesom lyk dit wel 'n indrukwekkende reeks, maar verdeel oor dertien eeue is dit tog nie veel nie. Daarby kom nog dat net Mirjam in tydsorde aan Debora voorafgaan; en die gesag van Mirjam se voorbeeld kon nie groot gewees het nie, aangesien dit verswak was deur haar latere gedrag teenoor Moses, waarvoor sy tydelik met melaatsheid moes boet (Num. 12). Des te merkwaardiger is dit dat Barak aan die Godswoord, wat deur Debora tot hom gekom het, geglo het. Ons moet dit nie geringskat nie. Dit was vir hom gemaklik om te sê dat vroue hulle nie met sake van oorlog moes bemoei nie; deur aan Debora gehoor te gee het hy sy lewe en goeie naam in die waagskaal gewerp. Nie maar net die profeet wat die stem van God regstreeks hoor, is 'n gelowige nie; ook hy wat sonder self besondere ervaringe op te doen die boodskap van die profete gehoorsaam. Die geloof van Barak lê hierin dat hy, wat die eerste onder sy volk was, die stem van God gehoor het in die woord van 'n vrou wat bowendien nog van laer afkoms was as hyself.

Daar is vir ons, as ons dit alles oorweeg, wel rede om ons af te vra of die verset teen die vrou as ampsdraer in ons kerklike lewe wel heeltemal voortkom uit gehoorsaamheid aan — origens verkeerd begrepe — tekste soos I Kor. 14 : 34, 35 en I Tim. 2 : 12; sou dit ook nie 'n wortel in on-

geloof kon hê nie? Barak het geglo dat die Godswoord ook deur 'n vrou tot hom kon kom; die Nuwe Testament prys hom.

XIX. SIMSON

Rigters 16 : 4–31
Rigters 16 : 28. Toe roep Simson die HERE aan en sê: Here, HERE, dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God!

Ons vind maar selde in die Heilige Skrif dat daar soveel sorg aan 'n kind, reeds voor sy geboorte, bestee is as by Simson die geval was. Nog voor sy verwekking verskyn 'n engel aan die vrou wat sy moeder sou word en gee haar 'n aantal voorskrifte wat sy tydens haar swangerskap in ag moet neem: „Neem jou dan tog in ag en drink geen wyn of sterk drank nie, en eet niks wat onrein is nie." Die Bybel weet dat die gedrag van die moeder van invloed kan wees op die ontwikkeling van die ongebore kind. Dieselfde woorde word deur die engel herhaal as hy op die bede van Manoag, die toekomstige vader, ook aan hom verskyn: „Vir alles wat Ek aan die vrou gesê het, moet sy haar in ag neem. Van alles wat van die wingerdstok afkomstig is, mag sy nie eet nie; en geen wyn of sterk drank moet sy drink nie en niks eet wat onrein is nie; alles wat Ek haar beveel het, moet sy onderhou."

'n Engel kondig die toekomstige geboorte van Simson aan. Onwillekeurig dink ons aan die engel Gabriël wat vir Maria die geboorte van onse Here Jesus Christus aangekondig het. Soos van die Here voor sy geboorte reeds gesê word: „Want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matth. 1 : 21), so heet dit ook van Simson: „Hy sal Israel begin verlos uit die hand van die Filistyne" (Rigt. 13 : 5). Ook Simson sou 'n verlosser wees; met die oog daarop moes sy moeder in die maande voor sy geboorte

haarself heilig deur 'n lewenswandel soos deur die Here aan haar voorgeskrywe.

Nieteenstaande hierdie groot voorbereidings is die verwagtings wat die ouers van Simson oor die toekoms van hul seun gekoester het, bitter teleurgestel. Ons merk in die lewe van Simson baie min van die lewensheiliging, waaraan sy moeder haar onderwerp het. Daar is geen spoor van die selfbedwang wat ons as 'n eerste voorwaarde van lewensheiliging sou aanmerk nie; Simson is 'n teuellose figuur wat handel na die inval van die oomblik. Dis waar dat die antieke wêreld 'n heel ander opvatting van heiligheid gehad het as wat by ons geld; daar is die onverwagte, onberekenbare en redelose dikwels as 'n bewys van heiligheid beskou. Maar een ding is tog wel heeltemal seker: die lewenswerk van Simson was 'n mislukking; hy het nie geslaag in sy taak om sy volk uit die mag van die Filistyne te verlos nie. Dit blyk ten duidelikste uit die feit dat sy eie stam, Dan, wat die naaste aan die Filistyne gewoon het, volgens Rigters 18 nie lank na die dae van Simson 'n nuwe woonplek moes opsoek en dit tenslotte gevind het in die uiterste noorde, sover as moontlik van die Filistyne af. As die oorwinnings wat Simson op die Filistyne behaal het, 'n blywende betekenis gehad het, sou sy stam geen nuwe erfdeel moes soek nie.

Ons staan dus by Simson voor 'n verknoeide lewe. Die groot verwagtings is verydel. Die Bybelse geskiedenis laat ons nie twyfel waarom hierdie lewe misluk het nie: die sterk man kon sy eie hartstogte nie beteuel nie. Sy swakheid teenoor vroue het hom te gronde gerig. Sy liggaamskragte was nutteloos omdat sy gees so swak was. Teen mannevuiste kon hy hom verweer, maar nie teen vrouetrane nie. So staan die sterk Simson in die geskiedenis bekend as 'n swakkeling. Hy het die beste kanse vir homself en vir sy volk gehad, maar hy het alles deur sy vingers laat glip.

Simson word deur die brief aan die Hebreërs onder die geloofshelde gereken. Van al die figure uit die Ou Testament kom hy die digste by die volksopvattinge oor helde-

dom: hy durf alleen 'n oormatige vyand aan, hy laat 'n spoor van lyke agter hom, die pogings om hom te vang en te boei, misluk keer op keer. Hy lyk amper 'n figuur uit 'n strokiesprent: sterk, dapper, vindingryk en 'n eenling. Maar waar vind ons in dit alles die geloof? Want dit gaan in die brief aan die Hebreërs, dit gaan in die hele Bybel, nie om heldedom nie, maar om geloof. Wanneer was Simson 'n geloofsheld?

Seker nie toe hy Filistyne gevel het asof dit keëls in die keëlspel was nie. Die manier waarop hy die dertig stel klere verwerf wat hy aan die jong manne van Timna moet gee, naamlik deur dertig inwoners van Askelon dood te slaan, kan nie goedgepraat word nie. Partymaal gedra hy hom soos 'n groot kind, bv. as hy brandende fakkels aan die sterte van jakkalse vasbind en hulle die akkers injaag sodat die graan en die wingerde en die olyfboorde in vlamme opgaan. In 'n oorlewering van die Romeine word 'n dergelike daad aan 'n seun van twaalf jaar toegeskryf. Die Filistyne wreek hulle deur die skoonvader van Simson en sy dogter, wat hulle vir die hele geskiedenis verantwoordelik ag, om die lewe te bring; Simson wreek hom weer op die Filistyne. Wat as 'n spel begin het, word 'n grootskaalse bloedvergieting waarin die rigter van Israel, die beloofde verlosser, hom in geen enkel opsig beter gedra as die gehate onbesnedenes nie. Van geloof, van 'n steun op hoëre magte, van gehoorsaamheid aan die gebooie en beloftes van die Here, is hier nêrens sprake nie. Dit is Israel en 'n geroepe verlosser onwaardig.

Effens beter gaan dit in wat volg. Die Judeërs wil hulleself teen die wraak van die Filistyne vrywaar deur Simson aan hulle uit te lewer en Simson laat homself deur sy volksgenote bind en aan die vyande oorgee. Soos ons in die aankondiging van die geboorte van Simson iets gevind het wat ons aan die boodskap van Gabriël aan Maria laat dink het, so word ons hier 'n oomblik herinner aan die gevangeneming van Christus, wat Homself deur sy volksgenote laat bind het om aan die Romeine uitgelewer te word. Daar is iets aandoenliks in die versoek van Simson aan die Judeërs: „Sweer vir my dat julle nie self op my sal

aanval nie." Hy is besorg dat hulle hom sal dwing tot selfverweer en dat hy daardeur genoop sal word om sy reusagtige krag teen sy volksgenote te gebruik. Vir die eerste keer sien ons in Simson iets wat op besorgdheid vir ander lyk.

Des te geweldiger is sy uitbarsting as hy vervolgens teenoor die Filistyne staan. Dit moes vir hom 'n bevryding gewees het om weer sy vuiste te kan gebruik. Soos 'n besetene maai hy onder sy vyande rond tot duisend lyke die grond bedek. Van 'n geloofsstryd kan ons egter ook nou nie praat nie; daarvoor is daar teveel selfverheffing in Simson se woeste seësang:

„Met 'n eselskakebeen
het ek een klomp, twee klompe,
met 'n eselskakebeen
het ek duisend man verslaan!"

Maar op die selfverheffing volg die wanhoop as die dors hom oorval en hy dreig om te versmag. Dan besef hy, miskien vir die eerste keer van sy lewe, dat hy sonder die genade van die Here niks vermag nie. Nou erken hy, anders as 'n oomblik gelede toe hy sy wilde oorwinningslied aangehef het, dat dit die Here was wat hom oor die vyande laat triomfeer het: „U het," so bid hy nou, „deur die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val?" Noudat hy geen held meer is nie, noudat hy magteloos en ellendig voel, nou kom daar vir die eerste keer 'n gebed op sy lippe. Dis die eerste oomblik in die lewe van Simson waar ons iets van geloof, iets van 'n persoonlike betrekking tussen hom en God sien. Dis net in die nood dat hierdie man aan sy roeping beantwoord. Die wonderwerk van God, die opborreling van fonteinwater, maak 'n einde aan die nood, maar daardeur helaas ook aan die besef van afhanklikheid waaruit gebed en geloof gebore is.

Hierdie geskiedenis is soos 'n voorspel van Simson se grootste triomf en van sy lewenseinde. Sy swakheid teen-

oor vroue, waarvan die Skrif ons meer as een voorbeeld gee, het hom ten slotte in die ellende gestort. Dis nie nodig om hier die hele geskiedenis van Simson en Delila te herhaal nie; dis algemeen bekend en geen oorvertelling kan op die eenvoud en diepte van die Bybelse verhaal verbeter nie. Delila se naam beteken „die swakke", maar sy was met haar trane en geneul sterker as die reus. Ten slotte word hy magteloos weggelei en in die kerker gebring, waar hy sy dae moes deurbring met die maal van graan. Ten onregte word dikwels gedink dat Simson in die gevangenis 'n groot sirkelvormige meulsteen wat oor 'n ander sirkelvormige steen ronddraai, moes beweeg. Daardie tipe van meul wat gewoonlik deur 'n esel of muil beweeg is, het in Palestina eers na die Ou-Testamentiese tydvak in gebruik gekom (Matt. 18 : 6 en ooreenkomstige plekke). Simson sou na die verlies van sy krag tot so 'n swaar arbeid nie in staat gewees het nie. Die werk wat die Filistyne hom opgedra het, was die fynvryf van graan deur 'n maalklip, 'n langwerpige klip plat van onder, oor 'n groter klip heen en weer te beweeg, omtrent soos dit vandag nog in die natuurellereservate gebeur. Dit was in die ou Ooste 'n werk wat net deur vroue gedoen is, en gewoonlik is dit aan die geringste van die slavinne opgedra. So lees ons in Ex. 11 : 5 by die aankondiging van die dood van die eersgeborenes in Egipte, dat dit almal sal tref „van Farao se eersgeborene af wat op die troon sit tot die eersgeborene van die slavin agter die handmeul." Farao is die hoogste, die slavin agter die handmeul die geringste. Die werk is nie besonder swaar nie, maar dit is eentonig en blykens Egiptiese afbeeldings is dit knielend verrig. Simson moes dus die werk van 'n vrou, die werk van 'n slavin verrig, en moes dit doen in knielende houding: 'n voortdurende vernedering, die hele dag lank.

Daardie vernedering is hom deur die Filistyne aangedoen. Dit is seker waar, maar dit is nie die diepste waarheid nie. In die duisternis van sy blindheid, tydens die eentonige arbeid van dag tot dag, kon hy homself afvra of dit nie sy eie skuld was dat dit alles oor hom gekom het nie. Was hy dit nie self, deur sy eie dwaasheid, deur sy

swakheid teenoor Delila, deur sy speel met sy lewensgeheim, wat vir hom heilig moes gewees het, wat hom in hierdie vernedering en ellende gestort het nie? Niemand kan daar aan twyfel dat dit nie ook waar is nie, maar ook dit is nog nie die diepste waarheid nie. Toe Simson as 'n jong man sy huweliksplan met 'n Filistynse openbaar het, het sy ouers beswaar gemaak; die skrywer van die boek Rigters merk op: „Maar sy vader en sy moeder het nie geweet dat dit van die HERE kom nie." Dieselfde sou ons wellig hier ook met betrekking tot Simson self kon sê: hy het nie geweet dat sy vernedering van die Here gekom het nie. Dit is tog wel die diepste waarheid: dat alles, sowel die Filistyne as sy eie dwaasheid en ligsinnigheid moes meewerk om onder die leiding van die Here hom tot besef van sy volkome afhanklikheid van God te bring. Die held moe tot 'n blinde slaaf word voordat hy 'n ware geloofsheld kon wees.

Soos hy eenmaal by wyse van voorspel, toe hy gevrees het dat hy sou versmag, leer bid het, so kom hy in sy diepste vernedering, toe hy met die onbeholpe gebare van 'n blinde die fees van die Filistyne moes opluister, opnuut tot 'n gebed. „Here, HERE, dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God!" Dis die gebed van 'n mens wat sy lewe verknoei het, die gebed van een wat hom van sy skuld bewus is en weet dat hy aan God geen eise kan stel nie, die gebed van 'n verlore mens wat 'n beroep doen op die genade van God. Alles is verlore, deur eie skuld, maar ook nog as alles verlore is kan God redding gee. Hier is die geloof van Simson: dis sondaarsgeloof, 'n roep om herstel van wat deur eie sonde verlore gegaan het.

Simson se lewensverhaal staan sekerlik nie as 'n navolgenswaardige voorbeeld in die Bybel nie. Eerder sou ons dit as 'n waarskuwende teken kon beskou. Maar ook daarmee is die laaste woord oor Simson nie gesê nie. Die laaste woord oor die mislukte rigter van Israel is geskryf deur die opsteller van die brief aan die Hebreërs, as hy Simson, ten spyte van alles, tog in die reeks van die geloofshelde opneem. Simson in sy laaste lewensoomblikke is 'n ge-

tuie daarvan dat die ore van God oop is vir die gelowige gebed waar dit uit ellende en vernedering opklim tot sy troon. So word sy geskiedenis ten slotte 'n troos vir elkeen wat, terugsiende op sy lewe, gemiste roeping, skuldige mislukking ontwaar: soos die moordenaar aan die kruis, so het Simson in die laaste oomblik nog genade by God gevind.

XX. JEFTA

Rigters 11 : 1–29

Rigters 11 : 11. So het Jefta dan met die oudstes van Gilead saamgegaan en die volk het hom as hoof en aanvoerder oor hulle aangestel, en Jefta het al sy woorde voor die aangesig van die HERE in Mispa gespreek.

Wanneer die naam van Jefta genoem word, dink iedereen terstond aan sy dogter. Die groot daad wat hy verrig het, tree terug agter die tragiese lot wat hom getref het: dat hy kragtens die gelofte wat hy afgelê het sy eie dogter ten offer moes bring. Partymaal het geleerdes gedink dat die dogter van Jefta nie werklik soos 'n offerdier op die altaar gebring is nie, maar dat sy aan die diens van die Here in een van die heiligdomme toegewy is, omtrent soos die jong Samuel deur sy moeder Hanna na die heiligdom van Silo gebring is. Daar is egter min rede om te glo dat ons die geskiedenis so moet verstaan; ons hoor nooit van priesteresse of ander vroulike tempelpersoneel in Israel nie, en die wanhoop van Jefta op die oomblik dat sy dogter hom tegemoet tree kan ook verreweg die beste so verstaan word dat hy met afsku gewaar geword het dat hy sy enigste kind moes offer.

By die lees en oordink van die elfde hoofstuk van die boek Rigters is ons geneig om ons bewondering geheel en al aan die dogter van die rigter te skenk. Haar onderwerping aan die gelofte van haar vader, die moed waarmee sy haar aanstaande dood onder die oë sien, die afwesigheid

van enige poging om aan haar vreeslike lot te ontkom, verdien van ons kant die hoogste eerbied. Ons sou dan ook geneig wees om in die ry van die geloofshelde eerder die dogter van Jefta, wie se eie naam ons onbekend is, op te neem as Jefta self. Wanneer die brief aan die Hebreërs dan tog die vader noem, en nie die dogter nie, dan beteken dit nie dat die skrywer getwyfel het aan die moed van die dogter nie, maar dat hy daarlangs ook aan die vader sy lof nie wil onthou nie.

Dis egter baie onwaarskynlik dat Jefta in die Nuwe Testament geprys sou word omdat hy sy dogter geoffer het. Reeds die Ou Testament spreek met afsku van ouers wat hul kinders ten offer breng. Dit word as 'n gruwel van die Kanaäniete beskrywe. Aan die begin van die geskiedenis van die Godsvolk leer die verhaal van Abraham se offer reeds dat God geen menseoffers wil nie. Ons kan dus nie verwag dat die Nuwe Testament Jefta sou prys om wat die Ou Testament reeds afgekeur het nie. Daarby kom dat die brief aan die Hebreërs van die reeks van manne, waaronder Jefta ook voorkom, sê dat hulle koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, krag uit swakheid ontvang, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het — maar nêrens word gesê: en hulle dogters ten offer gebring het. Die geloof van Jefta blyk dus nie in sy offer nie; dit was eerder 'n uiting van wangeloof of bygeloof. Ook nie in sy gelofte nie; want die woorde „dan sal wat uitkom, wat uit die deure van my huis uitkom my tegemoet" kan moeilik op 'n dier betrek word. Daarmee is in ieder geval 'n mens bedoel; Jefta het vermoedelik aan 'n slaaf of slavin gedink. Die gruwel van 'n menseoffer was dus van die begin af in sy gedagtes aanwesig. As ons die offer van Jefta se dogter afkeur, sal ons ook die gelofte afkeur. In dit alles is niks wat ons kan prys nie.

Ons moet dus na 'n vroeëre tydperk uit die lewe van Jefta teruggaan. In die eerste paar verse van die hoofstuk oor Jefta lees ons van sy afkoms en jeug. Sy vader was een van die aansienlikes onder die Oos-Jordaanse Israeliete,

en solank as wat sy vader gelewe het, het Jefta homself as die vernaamste erfgenaam beskou: 'n jong man met uitstekende vooruitsigte, een wat op sy tyd geroep sou word om self ook, net soos sy vader, 'n leidende rol in die gemeenskap te speel. Jefta was mos die oudste en die aansien van sy vader sou op hom as eersgeborene oorgaan. Hy sou die plek van sy vader teenoor sy broers inneem, goed vir hulle sorg, maar die leiding stewig in eie hande hou. Hy het geweet dat hulle feitlik net halfbroers van hom was; die vrou van Gilead was nie sy moeder nie; sy eie moeder was lankal dood en hy het nouliks herinneringe aan haar gehad. Maar al was hulle net halfbroers van hom, dit het min verskil aan sy gevoelens teenoor hulle: hy sou hulle beskerm en lei soos dit die plig van 'n oudste broer was.

'n Groot ontnugtering het op hom gewag. Toe hy kort na die dood en begrafnis van sy vader met sy broers die nuwe toestand wou bespreek, keer almal hulle teen hom. Met stomme verbasing sien hy die trek van minagting en weersin op hulle gelaat: hulle wil hom nie as oudste broer erken nie. Hulle moeder het hulle vertel wat indertyd plaasgevind het: die eerste jare van haar huwelik met hulle vader het kinders uitgebly. Die vader het soos elke reggeaarde Israeliet in daardie ou dae niks meer begeer as om 'n seun te kry, maar dit het gelyk of daardie verlange nie vervul sou word nie. Toe het hy maar gemaak soos baie in daardie dae: kon sy eie vrou hom geen kinders skenk nie, dan moes 'n ander daarvoor sorg. Hy het sy eie vrou te lief gehad om van haar te skei of om 'n tweede vrou, 'n mededingster, langs haar te plaas. Toe het hy maar buitekant die huwelik by 'n vrou van lae status en reputasie 'n seun verwek en daardie seun, nadat hy gespeen was, in sy huis laat opgroei.

Dit laat ons dink aan die geskiedenis van Abraham, Sara en Hagar, hoewel die regsposisie daar weer effens anders was: Hagar was 'n slavin van Sara, het tot haar bruidskat behoort, en is deur Sara self aan Abraham gegee sodat die aartsvader by haar 'n seun kon verwek. Maar in albei gevalle sien ons hoe mense in hul ongeduld nie die tyd van God kan afwag nie en die koninklike weg verlaat om langs

'n ompad hul wens te verkry. In altwee gevalle sien ons hoe 'n aantal jare later die skynbaar onvrugbare vrou tog moeder word: die ompad is tevergeefs gebruik, en allerlei konflikte in die huisgesin is die gevolg daarvan.

Solank as wat die vader geleef het, het die moeder van die regmatige seuns oor hierdie geskiedenis geswyg; maar nouliks het hy die oë gesluit of sy waarsku haar seuns: hulle hoef Jefta nie as broer en mede-erfgenaam te erken nie. So wreek sy haarself na twintig jaar op die onbekende vrou wat vroeër as sy aan haar man 'n seun kon skenk. En die broers het die onthulling met vreugde gehoor: nou kon hulle ontslae raak van die toesig van Jefta wat sy gesag as oudste altyd wou laat geld! Sonder aarseling voeg hulle hom toe: „Jy mag in ons familie nie erwe nie, want jy is die seun van 'n ander vrou." Die ou manne in die poort in wie se hande die regspraak gelê is, bevestig dit: hy het geen reg op die erfenis of gesag oor sy broers nie, want hy is, so sê hulle met die droë saaklikheid van regskundiges, „die seun van 'n hoer". Die woord tref Jefta soos 'n slag in die gesig; sy broers het ten minste nog die fatsoenlikheid gehad om van sy moeder te praat as van „'n ander vrou". Nou weet hy waar hij aan toe is. Sy wêreld het ineengestort; in een dag het hy van 'n jong man uit die eerste kringe tot 'n verstoteling geword.

Hy bly nie 'n dag langer in dieselfde omgewing nie. Wat moet hy hier maak waar almal nou weet wat sy moeder was? Moet hy in dieselfde dorp waar hy tot gister die eerste was, nou die minste wees? Wat bind hom hier? Die graf van sy vader? Hy voel wrok in sy hart teen 'n vader wat hom in so 'n onmoontlike posisie geplaas het. Hy gaan weg, heimlik, sonder om iemand iets te sê. As 'n vlugteling trek hy na die noorde tot hy na baie dae in die land Tob, by die bronriviere van die Jordaan, aankom. Daar woon geen Israeliete nie; daar loop hy geen gevaar dat sy afkoms hom honend voor die voete gewerp sou word nie. Maar hoe moet hy lewe? Onder die Arameërs van die gebied vind hy geen tuiste, geen land om te bewerk, geen kuddes om te laat wei nie. Sy posisie word omtrent dieselfde as van Ismael, met wie hy ook deur sy geboorte

ooreenkom: „Hy sal 'n wilde-esel van 'n mens wees; sy hand teen almal, en almal se hand teen hom!" Hy lewe buite die geordende gemeenskap van beskaafde mense; hy plaas homself bo, in ieder geval buitekant, die wet; hy lewe van diefstal en roof.

Tog is nie almal se hand teen hom nie. Van tyd tot tyd sluit die een of ander man uit die omgewing hom by Jefta aan. Dit gaan met hom soos dit met Dawid later sou gaan. Ons lees van hom dat, toe hy as vlugteling vir Saul in die spelonk van Adullam vertoef het, „by hom vergader het elkeen wat in benoudheid was, en elkeen wat 'n skuldeiser gehad het, en elkeen wat verbitterd was; en hy het owerste oor hulle geword, sodat daar omtrent vierhonderd man met hom saam was." Net so hoor ons in verband met Jefta: „en ligsinnige manne het by Jefta aangesluit en saam met hom uitgetrek." Met so 'n trop desperados het hy netsoos Dawid op eie vuis 'n klein model oorlog gevoer en buit ingehaal; aan die anderkant ook teen vergoeding aan die boeregemeenskappe in Tob beskerming teen ander rowerstroppe verleen. Met „ligsinnige manne" word mense bedoel wat niks meer gehad het om te verloor nie; tot hulle kon Jefta altyd sê: Ek is netsoos julle, 'n onterfde, uitgestotene, wat niks anders besit as net my vuiste nie. Aan die anderkant het sy heersersnatuur, die vrug van die illusies van sy jeug, hom ook onder die boewe laat geld. Rowwe kalante het hulle gebly; maar hulle het sy gesag erken, hulle aan sy dissipline onderwerp en 'n leërmag van betekenis geword.

Jare gaan verby. Eendag maak 'n gesantskap sy opwagting by die rowerhoofman wat 'n faktor van betekenis in die politieke verhoudings van die Oor-Jordaanse geword het. Dit was vir Jefta 'n pynlike triomf om die boodskap te hoor wat die oudstes van Gilead aan hom stuur. 'n Triomf: want dieselfde manne wat hom smadelik uitgewerp het, kom nou tot hom om sy bystand te vra; maar pynlik: want sy volk is in nood. Die Ammoniete bedreig hulle en Israel sien geen kans om met eie kragte homself te handhaaf nie.

Dis begryplik dat Jefta se antwoord in eerste instansie 'n verwyt is: „Het julle my nie gehaat en my uit my vader se huis weggejaag nie? Waarom kom julle dan nou na my, nou dat julle in die benoudheid sit?" Maar hy laat dit nie by hierdie antwoord nie. In sy hart het hy reeds besluit om die gevraagde bystand te verleen. Hy het sy volk, al het die hom uitgestoot, nog lief; vir daardie volk is hy bereid om sy lewe in die waagskaal te stel. In die waagskaal, want al is hy 'n bekwame aanvoerder, en al is sy manne ook geharde krygers, die uitslag van die stryd is nie in sy hand nie. Die Naam van die Here kom oor sy lippe: „As julle my laat terugkom om teen die kinders van Ammon te veg en die HERE hulle aan my oorgee..." In die mond van die rowerhoofman klink die Naam van die Here miskien wel wat onverwags; in die Aramese land van Tob is ander gode vereer. Maar in die hart van Jefta is die Naam van Israel se God bewaar, ook toe Israel self nie meer van Jefta wou weet nie. Herinneringe aan wat Jefta in sy jeug uit die mond van sy vader of ander mense oor die Here gehoor het, het lewend gebly in sy siel. Miskien het hulle jare lank gesluimer, maar hulle het nie verdwyn nie. Jefta glo in die Here as beskikker van die lot van mense en volke; miskien is dit om sy volk te verlos dat die Here hom hierdie harde leerskool laat deurmaak het. Die volk van die Here het hom verstoot, maar die Here het hom nie losgelaat nie.

So lees ons dan ook dat toe Jefta teruggegaan het na die Israelitiese gebied en die volk hom as hoof en aanvoerder aangestel het, „Jefta al sy woorde voor die aangesig van die HERE in Mispa gespreek het." Saam met die volk wat hom liefdeloos behandel en uitgewerp het, tree hy voor die aangesig van God. Hy lê sy saak voor die Here neer, sy saak wat nou nie langer sy saak teen Israel is nie, maar die gemeenskaplike saak van Israel en homself teen die oormagtige geweldenaars, die Ammoniete. Die oorlog was sy handwerk, maar voor hy daarmee begin, stel hy hom voor die aangesig van God.

In sy uitleg van Hebreërs 11 : 32, die vers waarin Jefta as 'n voorbeeld van geloof genoem word, skrywe Calvyn:

„Daar is onder hulle nie een wie se geloof nie gewankel het nie. So word in alle heiliges altyd iets gevind wat berispelik". Ons dink aan die verdere geskiedenis van Jefta, aan sy noodlottige gelofte. Calvyn gaan egter verder en skrywe: „Maar hoe onvolmaak en gebrekkig die geloof ook al mag wees, nogtans rus die welbehae van God daarop." Ook op die geloof van Jefta, die rowerhoofman. En Calvyn eindig met die troosryke woorde: „So is daar dan ook geen rede vir ons om oor ons eie gebreke wanhopig te word nie, as ons maar net volhou in die loopbaan van ons roeping."

XXI. DAWID

II Sam. 7
II Sam. 7 : 29b. Want U, Here HERE, het dit gespreek, en deur u seën sal die huis van u kneg vir ewig geseënd wees.

Die Ou Testament spreek oor Dawid meer as oor enige ander mens. Sy naam kom in die Bybel meer voor as die van Moses. Die naam Dawid word in die Ou Testament 790 maal genoem, die van Moses 706 maal. Ook is die lewensgeskiedenis van die koning vir ons heel wat uitvoeriger vertel as die van die wetgewer. Daar is niemand uit die ou geskiedenis van wie se krag en swakhede ons meer weet as van Dawid s'n nie. Daar is 'n oorvloed van gegewens soos oor geen ander gestalte uit die Ou Verbond nie.

Wanneer ons dus hier op 'n paar bladsye 'n beeld moet gee van die rol wat die geloof in die lewe van Dawid gespeel het, bring die veelheid van die stof ons in die moeilikheid. Sal ons spreek van die geloof van hom wat met die wapen van die herdersknaap die kampvegter van die Filistyne aangedurf het? Van die geloof van hom wat, vervolg deur sy koning, rondgeswerf het deur woestyne en hom in spelonke moes skuilhou? Van die geloof van hom

wat die agtiende psalm gedig het: „Met U loop ek 'n bende storm, met my God spring ek oor 'n muur" (II Sam. 22 : 30)? Oor al hierdie en baie ander aspekte van die lewe van Dawid sou heelwat gesê kon word. Ons het egter II Sam. 7, die hoofstuk waarin die Messiaanse belofte aan die huis en nageslag van Dawid geskenk word, vir ons behandeling uitgekies. Want die rede waarom Dawid die mees genoemde persoon uit die Ou Testament is, kan geen ander wees as dit dat aan Dawid en sy nageslag die toesegging van 'n ewige heerskappy gedoen is. Die belofte wat ons in Jesus Christus, die Seun van Dawid, vervul sien, is aan Dawid gegee.

Die profeet Natan tree aan die hof van Dawid min of meer as hofprediker op; hy is die sielsorger van die koning, sy raadgewer in godsdienstige sake. As dit nodig is, tree hy in die krag van sy God streng teen die koning op; maar hy verheug hom daaroor dat dit gewoonlik nie nodig is nie; sy koning is 'n vroom man, regskape en mild. Natan het sy God en sy koning altwee gedien en dit het maar selde gebeur dat hy tussen sy God en sy koning moes kies.

Toe die koning op 'n dag vir hom sê: „Kyk tog, ék woon in 'n huis van sederhout, maar die ark van God woon binnekant 'n tentdoek", toe het Natan hom van harte verheug. Dit was kennelik die bedoeling van die koning dat hy 'n tempel, 'n woonhuis vir die verbondsark van die Here, wou bou. Tydens die omswerwing in die woestyn en die ongereëlde toestande gedurende die Rigterstydvak kon daar geen vaste verblyfplek vir die ark gebou word nie; nou was dit egter anders. Israel het 'n mag van betekenis geword, Jerusalem die residensie van 'n groot koning. Nou was dit die tyd om ook 'n geestelike sentrum te stig, 'n tempel vir die Here. So het Dawid gedink en Natan het verheug met daardie gedagte ingestem: „Gaan heen, doen alles wat in u hart is, want die HERE is met u."

Die profeet het 'n oomblik vergeet dat hy profeet is, dit wil sê iemand wat uit naam van God praat, maar dit net kan doen as God eers tot hom gespreek het. Die profeet het nie die beskikking oor die Godswoord nie; hy moet eers

luister na God voordat hy uit naam van God kan spreek. Natan het sy instemming met die planne van die koning betuig sonder dat hy die mening van God daaroor gevra het. Dis die gevaar van elkeen wat die woord van God moet bring: so gemaklik word eie gedagtes in die plek van die uitsprake van God gestel.

In die stilte van die nag kom egter die werklike Godswoord tot Natan. Hy moet die plan van die koning teenstaan. God het geen behoefte aan 'n huis wat mense vir Hom sou bou nie. Hierdie teregwysing beteken egter nie dat God sy hand van Dawid aftrek nie; inteendeel, meer as ooit te vore gaan God aan Dawid guns bewys: Jy, Dawid, sal nie 'n huis vir My bou nie, maar Ek gaan vir jou 'n huis bou: 'n nageslag wat bestendig sal wees tot in ewigheid. As jy eenmaal die weg van alle vlees gegaan het, sal jou seun jou opvolg en sy seun hom naderhand, en so sal dit voortgaan. Jy is nie volmaak nie, en jou seun sal dit ook nie wees nie, maar Ek sal my goedertierenheid nie van jou en jou huis laat wyk nie, ook al straf Ek julle sondes. Jou troon sal vas staan tot in ewigheid.

Die Godswoord openbaar dus dat daar 'n besondere verbondsverhouding tussen God en Dawid se nageslag sal wees. Dis 'n bevestiging en 'n verbesondering van die verbond wat God aan Abraham aangekondig, met Israel gesluit het. Die kern daarvan is die Messiaanse belofte, wat soos 'n spiraal steeds nouer kringe omsluit en nou aan een geslag, die nakomelingskap van Dawid, verbind is. Met daardie belofte moet Dawid tevrede wees. Hy hoef niks vir God te doen nie, maar God sal iets vir hom doen.

Dis nie so maklik om met so 'n antwoord tevrede te wees nie. Op die eerste oog lyk dit wel mooi, maar dit gaan tog teen die neiging van die menslike hart in. Die vrome mens wil so graag iets vir sy God doen, 'n tempel bou, 'n godverheerlikende lewe lei; en dis natuurlik en goed dat daardie wens in die hart van die vrome lewe. Dawid word ook nie oor sy plan om 'n tempel te bou bestraf nie. Maar die wesenlike in die verhouding tussen God en mens is nie wat die mens doen nie, maar wat God

doen. Ons bou geen tempel vir God nie, maar op ons beste kan ons onsself „soos lewende stene laat opbou tot 'n geestelike huis" (I Petr. 2 : 5). „Laat opbou . . ." deur wie word ons so tot 'n tempel gebou, in die mure ingevoeg? Deur God en deur God alleen. Hy is die Bouheer, ons is net die stene. Ons bou nie, ons word gebou. God is aktief, ons is passief.

Daarteen verset die mens, ook die vrome mens hom gewoonlik. Ook die vrome mens kan met vroomheid en al teen God in opstand kom. Want ons wil onsself laat geld, ons wil tog self ook iets doen, ons wil tog ook 'n bietjie eer vir onsself in die heilswerk verwerf. Dit kos so veel moeite en beskaming voordat 'n mens leer om werklik alle eer aan God oor te laat, voordat die sondaar verstaan dat die hele heilswerk alleen God se werk is. Die vroomheid van die mens behoort dikwels ook nog tot die ou Adam wat moet sterf voordat die nuwe mens voor die aangesig van God kan lewe. Daar is dikwels 'n hele lewe nodig om te leer dat die heil inderdaad, soos die profete gesê het, aan die Here behoort (Jona 2 : 9), en dat ons verlore sou wees as ons ook maar een sug tot ons behoud moes toevoeg.

Solank as wat ons dink dat ons ons deel bydra tot die werk van God, het ons nog nie tot die werklike geloof gekom nie. Want geloof beteken dat ons alles aan God oorlaat, dat ons onsself volkome afhanklik van God weet, dat ons inderdaad op niks anders ons vertroue stel nie as net op die genade van God. Solank as wat ons nog gewig aan ons eie prestasies heg, klou ons nog vas aan die sigbare en tasbare in plaas van dit te waag met die belofte van God alleen. Die menslike daad moet terugtree voor die Goddelike Woord voordat ons van werklike geloof mag praat.

Merkwaardig is dit, en 'n bewys dat Dawid reeds diep in die omgang met God ingelei is, dat die koning geen oomblik van teleurstelling en onstemming oor die afwysing van sy plan deur God toon nie. Teenoor die profeet Natan wat hom hierdie Godswoord oorgebring het, maak Dawid nie die opmerking dat sy plan tog goedbedoel was en dat God tog waardering moes hê vir die goeie bedoeling nie. Eienaardig is dit dat Salomo in sy rede by die inwy-

ding van die tempel wel oor daardie goeie bedoeling spreek. Volgens hom het die Here vir Dawid gesê: „Dat dit in jou hart was om vir my Naam 'n huis te bou — daarin het jy goed gehandel, dat dit in jou hart was" (I Kon. 8 : 18). Ons moet dit waarskynlik op die rekening van die kinderlike piëteit van Salomo jeens die nagedagtenis van sy vader Dawid skrywe, want in die Godswoord soos deur Natan oorgebring lees ons daarvan niks nie.

Dawid self is nie geïnteresseer in sy eie goeie bedoelings nie, maar net in die belofte van God. Dit is sy geloof: die oortuiging dat die Woord van God belangriker is as sy eie dade. Daarom is sy dankbaarheid ook so groot: „Wie is ek, Here HERE, en wat is my huis, dat U my tot hiertoe gebring het? En dit was nog te gering in u oë, Here HERE, sodat U ook aangaande die huis van u kneg tot ver in die toekoms gespreek het!" Die geloof spreek altyd van onverdiende, en altyd van oorweldigende genade.

Vir hom wat die geloof nie ken nie, is dit alles onbegryplik. Wat is die verskil tussen Dawid gister en Dawid vandag? Hy was koning, hy is koning; hy was 'n rykbegaafde mens, hy is 'n rykbegaafde mens. Wat het hy vandag wat hy gister nie gehad het nie? Net 'n belofte, en nog wel een waar hyself geen voordeel van kon trek nie: 'n belofte vir sy nageslag tot in die verste toekoms. Wat het hy daaraan? Wat het 'n mens aan 'n belofte wat tydens die lewe nie vervul word nie? Aan 'n wissel op die ewigheid?

Dit sou die ongeloof ook aan Abraham kon vra en aan sy hele nageslag. Hulle het deur die lewe gegaan met 'n Godswoord en niks anders nie. Isak, so skrywe Calvyn êrens, het aan sy seun niks anders kon gee nie as net die belofte van God. Net so was ook hierdie belofte die enigste werklike erfenis van die Dawidiese huis. Reeds die seun van Dawid, Salomo, het die mag van die ryk sien verminder; die kleinseun het, toe die noordelike stamme hulle van hom afgewend het, nog maar die sesde deel van die ou ryk bewaar. Onder die nakomelinge het die onafhanklikheid eers aan Assirië, daarna aan Babilonië verlore gegaan. Ten slotte het die koningsstad Jerusalem in vlamme opgegaan en is die koninklike familie na Babilonië weggevoer.

Dis waar dat daar onder die wat na die Babiloniese ballingskap teruggekeer het, ook afstammelinge van Dawid was, maar die ou glans het nie meer teruggekeer nie. In bittere vertwyfeling vra die 89ste Psalm: „Here, waar is u vorige goedertierenhede wat U aan Dawid met 'n eed beloof het in u trou? Gedenk, Here, die smaad van u knegte, hoe ek in my boesem dra die smaad van al die baie volke, waarmee u vyande, o HERE, smaad, waarmee hulle die voetstappe van u gesalfde smaad."

Wat het oorgebly van al die heerlikheid? Net die belofte van God. Babiloniërs en Perse en Siriërs en Romeine kan alles wegneem behalwe die Godswoord, die toesegging aan Dawid, die Messiaanse belofte. Net die geloof kon dit ontvang, net die geloof kon dit bewaar, net die geloof kon dit ook vervul sien in Jesus Christus, die Seun van Dawid, die ewige Koning.

„Want U, Here HERE, het dit gespreek, en deur u seën sal die huis van u kneg vir ewig geseënd wees." Dawid voeg niks van homself daaraan toe nie; Dawid verwag nie dat sy nakomelinge daar iets aan sal toevoeg nie. Hy verwag alles net van God alleen. God het gespreek, en daardie onsigbare Woord van God wat in die nag vir ander onhoorbaar tot sy profeet gekom het, is die enigste vastigheid in die lewe van Dawid en sy nageslag. Daar sal altyd seën wees, goddelike seën. Dikwels sal dit nie seën wees in die sin waarin mense dit verwag en wens nie: die seën van God word dikwels openbaar in sy bestraffing, soos dit ook in die Godswoord uitgedruk is: „As hy (die seun van Dawid) verkeerd handel, sal Ek hom straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders. Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie . . ." Deur die straf laat God nie toe dat sy kinders verder van Hom afdwaal nie; deur die kastyding bring God sy kinders digter by hom. So was ook die afbraak van die koningsheerlikheid wat deur mense gesien kon word, nie maar net 'n kastyding weens die sondes van die Dawidiese huis nie, maar ook 'n seën: God het so sy kinders geleer om nie te vertrou op wat gesien kon word nie, maar net op die onsigbare, op sy belofte alleen.

Toe onse Here Jesus Christus van die Olyfberg af sy intog in Jerusalem gedoen het, het die mense gejuig: „Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam van die Here, die koninkryk van ons vader Dawid!" Dit is 'n duidelike weerklank op ons hoofstuk, 'n menslike eggo op die Godswoord wat aan die nageslag van Dawid die ewige koningskap toegesê het. Die mense het Jesus begelei tot op die tempelplein. In die evangelie word elke teenstelling tot sy uiterste skerpte deurgevoer. Daar is aan die een kant die tempel, sigbaar, 'n lus vir die oog, ook vir die volgelinge van Jesus, wat uitroep: „Meester, kyk watter klippe en watter gebouel" (Mark. 13 : 1). Daardie tempel is die tempel van Herodes, wat in die geskiedenis as „Herodes die grote" bekend staan: van Herodes die geweldenaar, die moordenaar van kinders, nie maar net van die van Betlehem nie, maar ook van twee van sy eie seuns. Menslike grootheid is 'n gruwel voor God, ook al bou dit tempels. Aan die ander kant is daar die Draer van die onsigbare belofte van God, Hy in wie die Woord vervul is, Hy wat self die Woord is. Die Jode moet kies tussen tempel en Woord. Die ongeloof het die Woord verwerp — en toe ook die tempel verloor.

XXII. SAMUEL

I Sam. 3

I Sam. 3 : 9. Spreek, HERE, want u kneg hoor.

Meermale reeds het ons daarop gewys dat die volgorde van name in vers 32 van die elfde hoofstuk van die Brief aan die Hebreërs nie streng kronologies of in ooreenstemming met die volgorde van die Bybelse geskiedenis is nie. In tydsorde gaan Samuel aan Dawid vooraf, en hy was reeds 'n ou man toe hy die jong Dawid vir die eerste maal ontmoet het. Waarom die skrywer so van die gebruiklike volgorde afwyk, weet ons nie. Gewoonlik reken ons Sa-

muel tot die rigters, en dit nie sonder Bybelse grond nie. In I Sam. 7 : 15 heet dit uitdruklik: „En Samuel was rigter oor Israel al die dae van sy lewe." Die eerste agt hoofstukke van die boek Samuel bevat die geskiedenis van die laaste vier rigters van Israel: Eli, Samuel en die seuns van laasgenoemde, Joël en Abia.

Maar in Hebreërs word Samuel deur die tussenvoeging van Dawid losgemaak uit die ry van die rigters. Die skrywer wil daarmee wellig aandui dat hy die belang van die gestalte van Samuel nie soseer in sy rigterskap sien as wel in iets anders. Onmiddellik nadat hy Samuel genoem het, gaan hy voort met die woorde: „. . . . en die profete"; wellig wil hy daarmee te kenne gee dat Samuel die eerste is in die ry van die profete waarop hy nou die aandag wil vestig. Dis natuurlik waar dat Moses 'n profeet was, en dat Mirjam op een plek 'n profetes genoem word; selfs die aartsvaders word op een plek, Ps. 105 : 15, tot die profete gereken. Maar met Samuel begin 'n onafgebroke reeks van verkondigers van die Godswoord: Natan, Gad, Ahia, Semaja, Iddo, Hanani, en dan 'n paar van die bekendstes soos Elia en Elisa, en weldra dié wie se name titels van Bybelboeke geword het soos Amos, Hosea, Jesaja, Miga en baie ander. In die eeue wat op Samuel volg kan nie meer soos in sy jeug gesê word: „Die woord van die HERE was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie."

So kan ons dus sê dat daar met Samuel tog iets nuuts in die geskiedenis van Israel begin: 'n onafgebroke ketting van waarheidsgetuies wat van die jaar 1000 tot die jaar 400 voor die geboorte van Christus reik. In daardie ketting is Samuel die eerste skakel. Merkwaardig genoeg is hy ook die enigste onder die profete wat met name genoem word in ons brief. Die skrywer ken die ander wel; hy sinspeel in die vervolg duidelik op manne soos Daniël, Jeremia en Jesaja. Hulle name word egter nie genoem nie, miskien om die hoorders nie te veel met 'n reeks van name te vermoei nie. Maar die naam van Samuel wil hy tog uitdruklik noem; miskien nie maar net omdat hy die eerste is nie, maar ook omdat ons in sy geskiedenis duidelik leer wat 'n profeet eintlik is.

As die Here vir die eerste keer Samuel roep, weet daardie jong man nie dat dit die Here is nie. Na die derde maal dat die roepstem „Samuel, Samuel!" in die stilte van die heiligdom weerklink het, raai die ou priester Eli sy leerling aan om, as die stem weer mag klink, te antwoord: „Spreek, HERE, want u kneg hoor." Met daardie woorde het ou Eli, wie se nagedagtenis by ons nie besonder goed is nie en oor wie in die Bybel self 'n strenge oordeel uitgespreek word, nie maar net sy jong dienaar 'n uitnemende raad gegee nie, maar ook aan ons 'n kosbare erfenis nagelaat: want daardie woorde dui vir alle tye aan wat die wese van die profeetskap is: die bereidheid om te luister na wat die Here wil sê. 'n Profeet is 'n mens wat, as die Here hom roep, antwoord: „Spreek HERE, want u kneg hoor." 'n Profeet is 'n kneg van die Here, een wat luister na die woorde wat die Here tot hom rig. Die eerste en vernaamste in die profesie is om te luister.

Dit word dikwels anders gesien. Die volk dink dikwels dat 'n profeet 'n toekomsvoorspeller is en so praat ons nog wel van weerprofete. Maar daar is in die Bybel verskillende manne wat profete genoem word sonder dat ons ooit hoor dat hulle die toekoms voorspel het. As die profeet 'n toekomsvoorspeller was, sou 'n skrander man heeltemal buite God om 'n profeet kon wees. Digter by die waarheid kom ons as ons sê: 'n profeet is 'n mens wat uit naam van God tot die tydgenote spreek. Maar wanneer ons dit so omskrywe versuim ons om te vermeld dat 'n mens maar net dan uit naam van God tot ander mense kan spreek as hy daartoe van God 'n opdrag gekry het. Die profeet moet eers luister voordat hy kan spreek. Die bereidheid om te hoor gaan aan die moontlikheid van spreek vooraf.

Ons het die woord „profeet" uit die Griekse taal gekry; dis dus eintlik 'n heidense woord. By die Grieke was 'n profeet die vertolker van die openbaringe wat een van hulle afgode volgens hulle mening aan die priesters gegee het. Daardie openbaringe was in raaiseltaal gestel, en die profeet het dit in begrypliker woorde oorgebring. Maar in die Bybel is die woord „profeet" 'n gebrekkige weergawe van 'n Hebreeuse woord wat eintlik beteken dat iemand

deur God geroep is. Die eerste in die profesie is nie om te praat nie, maar om deur God geroep te word. Die spreek is die tweede, die luister die eerste.

Die Bybelse profete verklaar dikwels aan die begin van hulle boodskap: „So spreek die HERE." Daarmee bewys hulle dat hulle boodskap inderdaad 'n boodskap is, die uitvoering van 'n opdrag wat deur die Here aan hulle gegee is. Want daardie woorde „So spreek . . ." is die woorde waarmee oudtyds die boodskappers in die algemeen hul boodskap ingelei het. In die ou dae is minder van briewe en meer van mondelinge boodskappe gebruik gemaak as by ons. Oorspronklik, voor die uitvinding van die skrif omtrent drie duisend jaar voor Christus, is alle boodskappe mondeling oorgebring. Later het dit anders geword, maar ons vind in die Ou Testament nog dikwels voorbeelde van mondelinge boodskappe, en partymaal word hulle dan ingelei deur die formule „So spreek die-en-die." 'n Voorbeeld daarvan vind ons bv. in die geskiedenis van Jefta. Ons lees in Rigt. 11 : 14, 15: „En Jefta het nog weer boodskappers gestuur na die koning van die kinders van Ammon en vir hom gesê: So sê Jefta: . . ." en dan volg die boodskap van die rigter. In hierdie passasie is 'n paar opmerklike dinge. Die eerste is dat volgens ou gegewens die ware teks in hierdie vers nie is „en vir hom gesê" nie, maar: „en hulle (naamlik die boodskappers) het vir hom gesê." Die tweede is dat daar in die oorspronklike nie die teenwoordige tyd („So sê Jefta") staan nie, maar die verlede tyd: „So het Jefta gesê." Die bedoeling is dus: Jefta spreek sy woorde voor die ore van die boodskappers; hulle gaan heen en kom by die koning van die Ammoniete en vertel aan hom wat Jefta vir hulle gesê het. Hulle verklaar dus: So het Jefta vir ons gesê, en ons herhaal dit nou vir u.

Wanneer ons presies wil wees, sou ons dus kon beweer dat die Afrikaanse vertaling, net soos prakties al die hedendaagse Bybelvertalings in die hele wêreld, amper op iedere bladsy van die profetiese boeke dieselfde fout begaan: Want orals word daar vertaal: „So spreek die Here", terwyl daar in werklikheid staan: „So het die Here gespreek."

Die verskil is nie so onbelangrik as wat 'n mens kon dink nie. As ons vertaal „So spreek die Here", dan gee ons daarmee eintlik te kenne dat die Godswoord tot stand kom deurdat 'n profeet iets sê. God is dan afhanklik van die profeet, of wel God en die profeet is een. Altwee opvattings is volslae onbybels. Maar as ons die oorspronklike Hebreeus vertaal met „So het die Here gespreek", dan druk ons daarmee uit dat die Here tot die profeet gespreek het en dat die profeet niks anders is as 'n boodskapper wat die woorde herhaal wat eers tot hom gesê is. Dan is die profeet afhanklik van God en nie andersom nie; dan bly God God en die profeet 'n mens, en tussen God en mens is net die woord wat God aan die profeet te kenne gegee het. Die profeet is 'n man wat geluister het en daarom nou 'n boodskap het.

Samuel moes luister voordat hy kon spreek. Dit is die eerste beginsel van profesie; dis ook die eerste beginsel van geloof in die algemeen. Want om te glo beteken dat ons die Woord van God belangriker ag as wat ons self bedink of wens of vrees. Elke profeet moes die onderskeid leer tussen sy eie insig, belang, wens aan die een kant en die Godswoord aan die ander kant. Dikwels staan die eie wens van die profeet in teenstelling tot die boodskap wat aan hom gegee word. Ook in die geskiedenis van Samuel tref ons daarvan voorbeelde aan. Hy is bevrees om die boodskap van God wat hy gedurende die nag ontvang het, aan Eli mee te deel; hy het die ou man gerespekteer, miskien selfs wel lief gehad, en het daarteen opgesien om die verpletterende aankondiging aan hom oor te dra.

Veel later, toe hy self 'n ou man geword het, was daar opnuut 'n geval waar eie wens en insig gebots het met die boodskap wat God aan hom openbaar het. Toe die volk begeer het dat hy 'n koning oor hul sou aanstel, het Samuel dit as 'n verwerping van sy eie beleid gevoel; maar die Here sê vir hom: „Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp . . ." Teen sy eie oortuiging in moes Samuel aan die wens van die volk gehoor gee. 'n Derde voorbeeld

vind ons nog veel later, toe koning Saul deur die Here verwerp is. Samuel het oor hom getreur, want hy het sy koning liefgehad. Maar God spreek tot sy profeet: „Hoelank sal jy treur oor Saul, terwyl Ek hom verwerp het om koning te wees oor Israel? Vul jou horing met olie en gaan heen: Ek stuur jou na Isai, die Betlehemiet, want Ek het onder sy seuns vir My 'n koning uitgesoek." Die persoonlike gevoelens van die profeet moet wyk vir sy opdrag.

'n Profeet moet dus 'n lewe van selfverloëning lei; anders is hy geen profeet nie. Dit onderskei die valse van die ware profeet. Die valse profeet ken geen selfverloëning nie. Sy woorde vertolk die wense van sy eie hart, die insig van sy eie brein. Onder die valse profete kan ons nog twee soorte onderskei: dié wat net ander mense bedrieg, en dié wat ook hulself bedrieg. Maar of dit nou bedrog of selfbedrog is, die boodskap van die valse profeet lê altyd in die verlengde van sy eie persoonlikheid. Hy trek voordeel van sy profetiese werksaamheid en die volk noem hom „'n profeet wat brood eet", een wat sy vermeende amp in diens van sy persoonlike belange stel. Daarom is valse profete altyd geneig om hul steun aan die politici van die oomblik te gee: hul soek die guns van die magtiges of die toejuiging van die volk. Daarom sê die Here (Luk. 6 : 26): „Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen."

Dit is dikwels vir 'n mens baie moeilik om onderskeid te maak tussen die stem van God in ons hart en die eie stem van ons hart. Ons is almal maar geneig om ons eie wense en insigte met goddelike gesag te beklee. Daarom behoort ons wantrouig te staan teenoor onsself. Die werklike Godswoord gaan dikwels regstreeks teen ons eie verlangens en opinies in. Dit vra van ons selfverloëning en die bereidheid om saam met God alleen te staan teenoor die hele wêreld. Nie ten onregte nie word in Gesang 3 : 2 profete en martelaars in een asem genoem: die roeping tot profeet het deur die eeue telkens weer tot die martelaarskap gelei.

Word 'n profeet dan nooit erken nie? Is miskenning altyd die kenmerk van die ware profeet? So is dit nou ook weer nie; anders sou elke dwaas wat bespotting en marte-

laarskap soek, homself kon wysmaak dat hy 'n profeet was. Dit gebeur partymaal in geseënde tye dat die volk sy profete erken. So lees ons ook van Samuel: „En die hele Israel van Dan tot Berseba het erken dat Samuel betroubaar was as 'n profeet van die HERE." Dit is miskien die gevaarlikste tydvak in die lewe van 'n profeet: as die mense hom erken en eerbiedig. Want dan kom die versoeking om ten koste van alles daardie eerbied en liefde van die mense te behou. Dan kan dit gebeur dat iemand die Godswoord agterhou of wysig om in die goeie boeke van die mense te bly staan. Uit daardie oogpunt gesien is dit 'n bewys van Samuel se waaragtige profeetskap dat hy aan die einde van sy loopbaan deur sy volk verwerp is. 'n Profeet kan beter sy volk verloor en sy God behou as dat hy sy volk behou en sy God verloor.

XXIII. DANIËL

Daniël 6
Hebr. 11 : 33. ... bekke van leeus toegestop.

In ons hoofstuk, Hebreërs 11, word nou geen name meer genoem nie. Ons sou ons taak dus as beëindig kon beskou, maar in vers 33—38 word telkens gesinspeel op gebeurtenisse uit die geskiedenis van Israel en in heelwat gevalle is dit nie moeilik om by die uitsprake van die skrywer 'n gedeelte uit die Ou Testament aan te haal nie. Ons sal dus van nou af skerp gaan luister om te hoor of daar nie 'n verband tussen 'n woord van die brief en 'n geskiedenis uit die tyd van die Ou Verbond bestaan nie.

Hierdie keer is dit vir ons maklik. Sodra as ons die woorde „bekke van leeus toegestop" verneem, dink ons aan Daniël. Aan wie sou ons anders kan dink? Dis waar dat I Kon. 13 ook van 'n profeet en 'n leeu vertel, maar in daardie geval maak die leeu die profeet dood; net so het Dawid ook 'n keer 'n ontmoeting met 'n leeu gehad (I Sam. 17 : 34—36), maar vir daardie jong held was dit nie genoeg

om die bek van die leeu net toe te stop nie: hy het dit doodgemaak. Ons teks kan net op die geskiedenis van Daniël in die leeukuil slaan, te meer waar die woorde van ons teks vrywel dieselfde is as wat ons in Dan. 6 : 23 vind: „My God het sy engel gestuur en die bek van die leeus toegesluit." Aan hierdie woorde is nog 'n vraagstuk verbind, maar daarop kom ons later terug.

Die enigste beswaar teen die verband van ons teksgedeelte met die geskiedenis van Daniël is die feit dat die figuur van Daniël dan eerder onder ons aandag gebring word as profete soos Jesaja of Jeremia van wie ons weet dat hulle aanmerklik vroeër geleef het. Maar dit is geen gewigtige argument nie; ons het reeds dikwels gesien dat Hebr. 11 hom nie streng aan 'n kronologiese volgorde hou nie. Ons spreek dus na aanleiding van ons tekswoorde oor die nag wat Daniël saam met leeus in 'n kuil deurgebring het.

Oor daardie nag kan eintlik nie veel gesê word nie; des te meer oor die dag wat daaraan voorafgaan.

Daniël het aan die hof van Babel groot geword; onder Nebukadnesar het hy steeds hoër poste in die amptenaarswêreld gekry. Na 'n korte terugslag onder die opvolgers van Nebukadnesar het hy hoër as ooit gestyg toe die Babiloniese ryk deur die Perse ten val gebring is. Dit is vir ons nie heeltemal duidelik wie bedoel word met die naam „Darius die Meder", onder wie se regering die geskiedenis van Daniël 6 hom afspeel nie. In geen geval is hy dieselfde as die Persiese koning Darius wat twintig jaar later op die troon gekom het nie. Miskien word met hierdie naam die onderkoning bedoel wat deur Kores, die koning van die Perse, oor die Babiloniese deel van sy ryk aangestel is. In ieder geval het hy, solank as koning Kores self nie in Babel aanwesig was nie, die opperheerskappy en onbeperkte gesag oor die gehele vlakte van Eufraat en Tigris besit.

Dit was geen geringe saak nie. Babel was 'n wêreldsentrum, ryk deur koophandel met baie lande; vermaard ook as middelpunt van beskawing en kennis. „Van alle lande" so staan daar in 'n amptelike stuk wat van die koop-

mansgilde van Babel uitgegaan het, „is Babel die middelpunt." Wie aan die hoof van so 'n stad en van so 'n land gestel is, die is met geweldige gesag beklee. Dit is 'n gevaar vir 'n mens om onbeperkte mag te besit; dit verlei hom maklik tot hoogmoed en grootheidswaansin. Hy gaan dink dat hy meer is as 'n mens; dit duur nie lank meer nie of hy gaan goddelike eer vir homself opeis. En daar is altyd gewetenlose dienare wat daardie neiging aanmoedig omdat hulle vir hulleself daarin voordeel sien.

Toe die medeministers van Daniël verneem dat dit die bedoeling van Darius die Meder was om Daniël as eerste minister en grootvisier oor sy hele gebied aan te stel, het afguns en vrees hulle harte oormeester. Afguns, want elkeen van hulle het vir homself dieselfde hoë waardigheid begeer as wat nou aan Daniël toegeken gaan word. Maar ook vrees, want Daniël was bekend as 'n onkreukbare en regverdige man wat seker nie sou toelaat dat die amptenare hulleself ten koste van die onderdane sou verryk nie, hoewel dit in die Ooste 'n ou en slegs selde onderbroke tradisie is. Daarom het hulle op middels gesin om Daniël ten val te bring. Beskuldigings van korrupsie of hoogverraad sou geen indruk maak nie: almal het geweet dat daar geen onbaatsugtiger of trouer dienaar as Daniël is nie. Daarom het hulle tot die besluit gekom: „Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens."

'n Edeler getuienis as hierdie een sou 'n man selfs van sy beste vriende nie kon verwag nie, en hier is dit die vyande wat dit uitspreek! Daar is maar een saak wat vir Daniël swaarder weeg as die trou aan sy vors, en dit is die trou aan sy God. Om nou Daniël met sukses van ongehoorsaamheid aan sy koning te kan beskuldig, is dit nodig om die koning tot 'n god teenoor die God van Daniël te maak. Daarom lê hulle aan Darius 'n dekreet ter tekening voor: „... dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeukuil gegooi sal word." Die koning word tot 'n god gemaak en elkeen wat 'n ander god as hierdie staatsgod aanbid, sal skuldig wees aan hoogverraad! Vir die misdryf

van hoogverraad word net een straf bepaal: die hoogste tol, die verlies van die lewe.

Deur die eeue heen sien ons telkens weer hoe die staat, dikwels in die persoon van die staatshoof, homself vergoddelik. Reeds omtrent die jaar 2000 voor Christus het vorste in Babilonië goddelike eer vir hulleself opgeëis. Die Romeinse keisers het later dieselfde gedoen en die Christene is voor die keuse gestel: die keisersbeeld aanbid of vir die wilde diere gewerp word. Die konflikte tussen kerk en staat, eers in die nasionaal-sosialistiese lande en teenswoordig in die kommunistiese state, het dieselfde agtergrond. Twee godsdienste bots met mekaar: die diens van die God van Israel kom in konflik met die diens van die vergoddelikte staat. Waar die owerheid die God van Israel loën, maak dit homself tot afgod. En die staatsgodsdiens het, anders as die diens van die waaragtige God, altyd die stok agter die deur: wie hom nie aan die afgodery skuldig wil maak nie, moet met sy lewe boet.

Daniël het dit ondervind. Hy het die konflik nie gesoek nie. Hy het nie met uiterlike vertoon geprobeer om die aandag op homself te vestig en die martelaarskap uit te lok nie. Die gewilde en geforseerde martelaarskap kom uit hoogmoed voort, en van hoogmoed is hy vry. Hy lê geen verklaring in die openbaar af nie; hy kondig nie aan dat hy hierdie dekreet onwettig ag en dus daaraan nie sal gehoorsaam nie, maar hy gaan voort om te doen wat hy gewoon was om te doen, asof daar niks gebeur het nie. Daar het ook niks gebeur nie: want wat beteken menslike dekrete en verordeninge teenoor die waarheid van God? Hy wat in sy siel gegryp is deur die alles oorweldigende mag, wysheid en liefde van God, hy reken alles wat mense doen of voorskryf as van geen belang in verhouding daarmee nie. Mense verdwyn; God bly. State gaan ten onder; die ryk van God is ewig. Staatsliede word met waansin geslaan; die wysheid van God het alles voorsien. Wat beteken voorskrifte van mense in vergelyking met die ewige Woord van God? En wat vermag die staat? „Moenie vrees", so sou die Here later sy dissipels beveel (Matt. 10 : 28) „vir

die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Hy wat God vrees, is vir geen mens bang nie.

Daniël het gemaak asof niks gebeur het nie. Hy het ook geen sameswering begin teen die koning wat hierdie verordening onderteken het nie. Vir ons besef is dit heeltemal geoorloof om teen 'n owerheid wat dergelike gebooie uitvaardig in opstand te kom. As die owerheid in stryd met die Woord van God handel, is die owerheid self in opstand teen die Koning van die konings, en opstand teen die opstandige owerheid is dan trou teenoor God. 'n Gesag is alleen so lank wettig as wat dit hom aan die wette hou. As die regering die reg nie meer eerbiedig nie, moet die onderdaan dit handhaaf. Maar voordat tot verset besluit word, moet eers sorgvuldig oorweeg word of dit die beste weg is om tot regsherstel te geraak. Eers as alle ander moontlikhede uitgeput is, mag geweld teenoor geweld gestel word.

In Daniël se geval is dit duidelik dat hy nie die tyd gehad het om met ander oor die toestand in oorleg te tree nie; ons kry die indruk dat die hele geskiedenis van Dan. 6 hom in enkele dae afspeel, miskien selfs binne vier-en-twintig uur. Een ding is seker: soos ons reeds opgemerk het, maak Daniël asof daar niks gebeur het nie en volg die gewoonte wat hy sedert sy jeug volgehou het. Voor die oop vensters van sy bovertrek spreek hy dieselfde gebede en lofprysings uit as wat hy altyd gedoen het. Dis miskien nie oorbodig om hier die nadruk te lê op die woord „spreek" nie: dit was in die oudheid die gewoonte om hardop te bid. Uit die geskiedenis van Hanna, die moeder van Samuel, kan ons leer dat 'n stil gebed 'n uitsondering was. Dit het sy voordele om hardop te bid: die uitspreek van die woorde kan tot groter aandag lei. Maar in Daniël se geval was dit gevaarlik: want die vyande, wat sy gewoontes geken het, het spioene onder sy vensters geplaas en hulle het elke woord van sy gebed gehoor. Onmiddellik word hulle opdraggewers gewaarsku en hulle dring onaangediend die bovertrek binne waar hulle Daniël op heterdaad

betrap. Die misdaad is daar, die getuies kan nie weerspreek word nie, die koning is nie by magte om sy dienaar te red nie. „Waarom het," so kan ons waarskynlik die gedagte van die vors wel vertolk, „die stomme Daniël ook gemaak asof niks gebeur het nie?"

Maar dit was nou juis die groot krag van Daniël: dat hy gemaak het asof niks gebeur het nie. Want toe hy in die leeukuil gegooi is, die ingang daartoe met 'n klip afgesluit is, en die klip met die seëlafdruk van die koning en sy ministers verseker is, „sodat niks anders met Daniël sou gebeur nie", geen vriende hom daaruit sou kon verlos nie — toe het inderdaad — niks gebeur! In die donker hol tussen die leeus is die dienaar van God veiliger as in die troonsaal van sy aardse koning. Daar het vyande hom belaag; hier wyk die verskeurende diere eerbiedig voor hom terug. Die ongelowige wens van die koning: „Mag jou God wat jy gedurigdeur vereer, jou verlos" word teen almal se verwagting vervul, sodat Daniël die volgende môre kan sê: „My God het sy engel gestuur en die bek van die leeus toegesluit, sodat hulle my geen leed aangedoen het nie."

Hier kom vir ons 'n vraag op. Die brief aan die Hebreërs sê dat Daniël „die bekke van die leeus toegestop het"; maar Daniël self verklaar dat God dit deur sy engel gedoen het. Was dit nou 'n werk van God of van 'n mens? Het die mens Daniël hier 'n wonderwerk verrig of was dit God wat dit gedoen het? Ons is geneig om op daardie vraag te antwoord: dis net God wat wonderwerke tot stand kan bring. In Ps. 72 : 18 heet dit uitdruklik: „Geloof sy die HERE God, die God van Israel, wat alleen wonders doen!" Gee die skrywer van Hebreërs 11 nie te veel eer aan 'n mens as hy beweer dat Daniël die bekke van die leeus toegestop het nie? Maak hy hom feitlik daarmee nie skuldig aan dieselfde mensvergoding as die howelinge van Darius die Meder nie?

Die oplossing van die moeilikheid is eenvoudig sodra ons in aanmerking neem dat Hebreërs 11 oor die geloof spreek. Dis die geloof van Daniël wat die leeus onskadelik gemaak het. En waaruit bestaan die geloof van Da-

niël? Hierin, dat hy gemaak het asof niks gebeur het nie — en toe het inderdaad niks gebeur nie. Die geloof van Daniël het hom hierin geopenbaar dat hy niks gedoen het nie — en deur niks te doen nie het hy God aan die werk gelaat. God doen die wonderwerk en Daniël laat dit deur God verrig. Dis dieselfde as wat God by die Rooisee aan Moses beveel het: „Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees" (Ex. 14 : 14) of wat Jesaja vir sy volksgenote sê: „In stil-wees en vertroue bestaan julle krag" (Jes. 30 : 15).

En dit, dat niks gebeur het nie — dit is die groot gebeurtenis vir tydgenoot en nageslag. Vir die vyande wat die lot moet ondergaan wat hulle aan Daniël toegedink het; vir die koning wat beskaamd in 'n lofsang uitbreek; vir die apostel Paulus wat na soortgelyke ervarings uitroep: „Ek is uit die bek van die leeu verlos!" (II Tim. 4 : 17); vir die Christelike kerk wat in die verseëlde leeukuil 'n voorafskaduwing van die verseëlde graf in die tuin van Josef van Arimathea gesien het.

XXIV. DIE DRIE VRIENDE IN DIE VUUROOND

Daniël 3
Hebr. 11 : 34. ... die krag van vuur uitgeblus.

Soos Moses aan die hof van die Egiptiese Farao, so is die jong Daniël opgevoed aan die hof van Nebukadnesar, die koning van Babel. Maar, anders as Moses, was Daniël nie alléén in die heidense omgewing nie. Hy het drie vriende gehad wat saam met hom onderwys is in die Babiloniese wetenskappe, in die moeilike spykerskrif, in die kennis van stene, plante, diere en sterre, in die kuns om volgens Babiloniese reëls die voortekens en drome uit te lê. Die bedoeling was dat hulle hul Judese afkoms sou vergeet en geheel

en al Babiloniërs sou word. Daarom het die owerste van die hofdienaars, wat die leiding by hulle opvoeding gehad het, hulle ook ander name gegee. Nie langer moes hulle bekend staan onder hulle Judese name nie; hulle moes egte Babiloniërs word en reeds aan hulle name moes dit merkbaar wees.

Daar gebeur eienaardige dinge in die oordrag van die Bybelse geskiedenis deur die eeue heen. Elkeen wat ook maar enigsins met die Bybelse geskiedenis vertroud is, ken Daniël by sy oorspronklike Judese naam; die nuwe naam wat hom aan die hof gegee is, Beltsasar, is net aan besonder goeie Bybelkenners bekend. Die drie vriende daarenteen lewe by ons hoofsaaklik in hul Babiloniese name voort: Sadrag, Mesag en Abednego. Nie een op die tien gemeentelede weet dat hul eerste name Hananja, Misael en Asarja was nie. Tog sou hulle self daar nie van gehou het dat mense, wat met hulle die geloof aan die God van Israel deel, hulle op hul heidense name sou noem nie. Want heidens was daardie name. Hoewel ons teenswoordig duisende Babiloniese name kan vertaal en verklaar, stuit ons by die name Sadrag en Mesag nog altyd op moeilikhede. Maar Abednego is vir ons duidelik; dit beteken: Dienaar van Nebo, die Babiloniese afgod wat ook in Jes. 46 : 1 vermeld word. Dis waar dat hy hier Nego genoem word, maar dit is 'n opsetlike verandering wat die Bybelskrywer in die naam aangebring het; miskien het hy gedink aan die bevel om die heidense afgodsbeelde stuk te slaan. Deut 12 : 3 skrywe voor: „Julle moet hulle altare omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme met vuur verbrand en die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam van dié plek laat verdwyn". Al kon die skrywer van die boek Daniël dan nie die afgodsbeeld omkap nie, het hy tog in ieder geval die naam vermink en uit sy plek laat verdwyn. Op dieselfde manier het hy vermoedelik ook met die twee ander name gehandel, maar hier het hy so grondig te werk gegaan dat ons nog altyd nie met sekerheid kan sê watter heidense gode in die name Sadrag en Mesag skuil nie.

Volgens die opvattings van die ou Ooste beteken 'n nuwe

naam 'n nuwe persoonlikheid. 'n Babiloniese naam wil dan sê: 'n Babiloniese persoonlikheid. Maar die Bybel is behalwe ander dinge ook 'n monument van die oorwinning op die bygeloof; Daniël en sy drie vriende het ook na hul gedwonge naamsverandering Jode gebly.

Jode was hul in hul strewe om ook in die heidense omgewing soveel as moontlik aan die wet van Israel se God gehoorsaam te bly. Die eerste hoofstuk van die boek Daniël vertel ons hoe hulle die spyswette vir hulself gehandhaaf het. Ons moet soiets nie te gering skat nie. Dikwels het mense hulleself vermaak oor die nougesetheid waarmee die Jood tot in die kleinste besonderhede wil uitvind wat hy wel en wat hy nie mag eet nie; maar ons moet nie vergeet nie dat die spyswette in ieder geval dié voordeel het dat die Jood by elke maaltyd daaraan herinner word dat hy anders as al die ander nasies van die wêreld is en 'n eie besondere roeping getrou moet bly. Die Jodedom beklee die spyswette trouens nie met 'n volstrekte gesag nie; hierdie en derglike reëls behoef nie opgevolg te word wanneer 'n mens se lewe daardeur verlore sou gaan nie. Die lewe is meer as die voedsel — hierdie Nieu-Testamentiese uitspraak (Matt. 6 : 25) geld ook in die Jodedom.

Daar is egter een gebod wat ten alle tye geld en nooit oortree mag word nie, selfs al sou dit die lewe kos: dis die gebod om die Naam van die Here te heilig, dit wil sê om elke vorm van afgodediens en beeldeverering teen te staan. As die Jood moet kies tussen afgodery of die dood, moet hy die dood kies. Hy moet hom eerder ter dood laat veroordeel as dat hy hom vir 'n beeld neerbuig, want die eer van God is meer as die lewe. Ons hoofstuk toon vir ons duidelik dat dit Bybelse leer is; die ou Christene het hulleself daaraan gehou en net so ook die waarheidsgetuies in die Reformasietyd. Op hierdie gebied bestaan daar ook vir ons geen uitsonderings nie.

So sien ons dan ook dat die drie vriende — Daniël self was blykbaar op daardie tydstip afwesig — bereid is om ter wille van die belydenis van die een waaragtige God die dood in te gaan. Heel merkwaardig is die woorde wat

hulle tot die woedende koning rig. Hy het hulle honend gevra: „En wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?" Daarop antwoord hulle: „As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos." Dit beteken nie dat hulle twyfel aan die moontlikheid dat God hulle kan verlos nie; hulle wil net sê dat die gevaar wat die koning hulle berei God voor geen groter probleem stel nie as wat Hy opgelos het in ander gevalle waarin Hy Hom 'n Verlosser betoon het. Die God wat die waters van Skelfsee en Jordaan gesplyt het, staan ook teen die vuur nie magteloos nie. Maar hulle reken nie roekeloos op 'n wonderwerk van hulle God nie. Hulle weet dat God die Heer is en ook deur die dreigende dood van sy belyers nie tot 'n wonderdaad gedwing kan word nie. En daarom volg daar die dappere woorde: „Maar so nie" — as God ons hierdie keer nie uit die nood red nie — „laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie."

Dit is waaragtige geloof: selfs al sal God ons nie help nie, nogtans sal ons Hom trou bly. Daar lê 'n gevaar in die manier waarop baie mense oor die krag en die seën van die geloof praat; dit sou die neiging kon wek om die geloof te gebruik as 'n hulpmiddel om sonder moeite of teleurstelling deur die lewe te kom. Maar dan dien 'n mens feitlik homself in plaas van God: want hy gebruik die godsdiens, ja, hy wil God self gebruik as 'n hulpmiddel om op aarde sukses te behaal. Daarom is dit goed dat 'n woord soos hierdie een in die Bybel staan: „Maar so nie . . ." Dit kan ons die les van Job leer: dat die mens God nie moet dien om daardeur iets te verkry nie, maar net omdat God God is. As dit God behaag om sy gelowiges die marteldood te laat sterwe, dan sal hulle, as hulle ware gelowiges is, Hom daarom nie minder liefhê nie.

Die drie vriende is tot die marteldood bereid. Die vuur wag vir hulle. Erger dood was vir die Israeliet nie denkbaar nie. Die vuurdood was in Israel die straf vir die ergste onreinheid; die priesterdogter wat 'n onsedelike lewe lei asook die ergste vorm van bloedskande (Lev. 20 : 14; 21 : 9)

word so gestraf. Die gedagte daarby was dat die kwaad uit Israel verwyder moes word, en daar is geen grondiger manier om iets te verwyder as om dit te verbrand nie. Daarom is ook afgodsbeelde verbrand (Deut. 7 : 5); dit moes 'n bittere gedagte vir die vriende wees dat die lot wat die afgodsbeelde toekom, nou hulle deel sou wees, juis omdat hulle die beeld nie wou aanbid nie.

Ons Bybel vertel net: „Daardie drie manne, Sadrag, Mesag en Abednego, het geboeid binne-in die brandende vuuroond geval." Die ou Griekse vertalings het hier, soos op ander plekke in die boek Daniël, 'n groot invoeging, wat tot die apokriewe boeke behoort. Daarvan sê ons geloofsbelydenis dat, hoewel hulle geen gesag in geloofsake het nie, die kerk hulle wel kan lees en daaruit ook onderrig kan neem in sover as dit met die kanonieke boeke ooreenkom. In die praktyk het hulle egter totaal onbekend geword. Ons sal hier enkele dele daarvan laat volg:

„En hulle het in die midde van die vlamme rondgegaan terwyl hulle God prys en die Here loof. En Asarja het aldus staande gebid, sy mond oopgedoen in die midde van die vuur en gesê: Geloofd is U, Here, God van ons vaders, en geprese, en verheerlik is u Naam in ewighede, want U is regverdig in alles wat U aan ons gedoen het, en al u werke is waaragtig, en u weë reg, en al u oordele is waarheid.

En waaragtige oordele het U ten uitvoer gelê in alles wat U gebring het oor ons en oor die heilige stad van ons vaders, Jerusalem, want in waarheid en geregtigheid het U vanweë ons sondes dit alles laat geskied." Dan volg 'n uitvoerige belydenis van sondes en 'n skildering van die vernederinge wat Israel van die kant van die heidene moet ondergaan. Die psalm eindig met 'n bede om verlossing van Israel uit die ballingskap.

Daarna vertel die apokriewe skrywer: „Die dienaars van die koning wat hulle in die oond gegooi het, het nie opgehou om dit op te stook met asfalt, pek, lonte en takbosse nie, sodat die vlam negen-en-veertig el bo die oond opgeskiet het en hom verbrei het en die Chaldeërs wat rondom die oond gestaan het, verteer het. Maar die engel van

die Here het saam met Asarja en sy vriende neergedaal in die oond en die vlamme van die vuur uit die oond na buite gedryf, terwyl hy die midde van die oond gemaak het soos 'n suisende wind wat met dou belaai is, sodat die vuur hulle glad nie aangeraak, beseer of gehinder het nie.

Toe het die drie soos uit een mond 'n lofsang gesing en God in die oond verheerlik en geloof met die woorde: Geloofd is U, Here, God van ons vaders, en geprys en verhoog in ewighede, en geloofd is die heilige Naam van u heerlikheid, en bo alles geprys en verhoog in alle ewighede. Geloofd is U in die tempel van u heilige heerlikheid, en bo alles besing en verheerlik in ewighede. Geloofd is U, wat gesete op die gerubs die wêreldvloede oorsien, en geprys en bo alles verhoog in ewighede. Geloofd is U op die troon van u koningskap, en bo alles besing en verheerlik in ewighede. Geloofd is U in die uitspansel van die hemel, en besing en verheerlik in ewighede. Loof die Here, al die werke van die Here, besing en verhoog Hom bo alles in ewighede! Loof die Here, hemel, besing en verhoog Hom bo alles in ewighede! Loof die Here, engele van die Here, besing en verhoog Hom bo alles in ewighede! Loof die Here, al die waters wat bo die hemel is, besing en verhoog Hom bo alles in ewighede! Loof die Here, al die magte van die Here, besing en verhoog Hom bo alles in ewighede!"

Die lofsang gaan nog lank voort. Op die manier van Ps. 148 word al wat geskape is, aangespoor om die lofsang tot eer van die Here te sing. Dit eindig met: „Loof die Here, Hananja, Asarja, Misael, besing en verhoog Hom bo alles in ewighede, want Hy het ons geruk uit die doderyk en uit die mag van die dood gered en uit die midde van die gloeiende vlam bewaar en ons uit die vuur verlos. Dank die Here, want Hy is goed, want sy barmhartigheid is in ewigheid. Loof Hom, almal wat die God van die gode vereer, sing lof en dank, want sy barmhartigheid is in ewigheid en in ewigheid van ewighede!"

Nadat dan nog vermeld is dat Nebukadnesar die manne se lofsang gehoor het, sluit die verhaal vervolgens aan by wat ons in ons kanonieke Bybelteks lees: „Toe het koning Nebukadnesar verskrik geword en haastig opgestaan; hy

het sy raadsmanne toegespreek en gesê: Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning! Hy antwoord en sê: Kyk ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun."

Daar is geleerdes wat sê dat die apokriewe gedeelte as 'n noodsaaklike aanvulling beskou moet word van wat ons in ons gewone teks lees. Daar is ander, en ons sluit ons liewer by hulle aan, wat meen dat die verhaal veel indrukwekkender is as dit weggelaat bly: die wonder voltrek hom in die stilte: die engel word 'n oomblik deur die koning gesien, maar verder word daar nie oor gepraat nie, behalwe in die lofspraak van die koning: „Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednego, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het." Met daardie laaste woorde het Nebukadnesar die wesenlike van die hele gebeurtenis aangedui: Hulle het hul op God verlaat; dit was hulle geloof wat die krag van die vuur uitgeblus het.

Het die drie vriende dan tevore die oortuiging gehad dat die vuur hulle geen skade sou toebring nie? Ons het reeds gesien dat dit nie die geval was nie; hulle het wel deeglik rekening gehou met die waarskynlikheid dat hulle in die vuur sou sterf. Maar hulle het die dood geringer geag as die verloëning van hulle God. Nog 'n keer herhaal ons daardie geweldige woorde: „Maar so nie, laat dit dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie." Hulle geloof was die geloof van Ps. 63 : 4: „Want u goedertierenheid is beter as die lewe." Wat daar miskien beeldsprakig gesê is, het hulle letterlik in praktyk gebring.

XXV. OPWEKKING VAN DODES

II Kon. 4 : 17–37
Hebr. 11 : 35. Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry.

Die vermelding van die opwekking van gestorwenes deur die krag van die geloof laat ons onmiddellik aan twee geskiedenisse uit die Ou-Testamentiese tydvak dink: die herlewing van die seun van die weduwee van Sarfat op die gebed van Elia, wat ons in I Kon. 17 : 17—24 vind, en die opwekking van die seun van die Sunamitiese vrou deur Elisa soos beskryf in II Kon. 4 : 17—37. Die Ou Testament vermeld nog 'n derde opstanding uit die dood: die herlewing van die man wie se lyk in die graf van Elisa gegooi is (II Kon. 13 : 21). Maar hierdie geskiedenis kan ons onbespreek laat; daar word geen vrou in vermeld nie, terwyl die skrywer van die brief aan die Hebreërs uitdruklik spreek van vroue wat hul dode deur opstanding teruggekry het. Ons kan ons dus bepaal tot die twee geskiedenisse oor die weduwee van Sarfat en oor die moeder uit Sunam.

Die brief aan die Hebreërs het beide op die oog, maar ons wil ons hier net by een daarvan bepaal. Ons kies die geskiedenis van die Sunamitiese. Ons het daarvoor 'n rede: in hierdie geskiedenis kom duidelik die geloof van die moeder uit. Dis nie in dieselfde mate die geval by die weduwee van Sarfat nie. By die dood van haar seun oorstelp sy die profeet met verwyte sonder dat in die verwyt iets deurklink van 'n verwagting. Dis die geloof van Elia, nie die geloof van die weduwee nie wat die seun in die lewe teruggeroep het. Vir die skrywer van die brief aan die Hebreërs was dit geen beletsel nie om te sê: „Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry", want hy sê nie uitdruklik dat die vroue deur hul geloof daardie wonderwerk belewe het nie. Vir hom maak dit geen saak of dit die moeders self of wel die profete was wat hul geloof so bekroon gesien het nie. Maar omdat ons betreklik selde oor die gelowige vroue uit die Ou Testament kon praat, wil ons hierdie geleentheid aangryp om te sien wat 'n gelowige moeder gedoen het. So kry dus die Sunamitiese,

wie se eie naam vir ons onbekend is, in hierdie portretgalery 'n plek langs Jogébed, Ragab en Debora.

Ons kry die indruk dat die geestelike belangstelling by die Sunamitiese vrou groter was as by haar man. Dis sy wat die eerste keer daarop aangedring het dat Elisa van hulle gasvryheid gebruik sou maak; dis sy wat die plan gemaak het om 'n afsonderlike bokamer vir hom te bou en van meubels te voorsien. Dis ook spesiaal sy wat deur die profeet bedank word vir al die sorge wat aan hom bestee is. Haar man was oud maar tog nie so oud dat hy in die oestyd nie die hele dag op die akkers toesig kon hou oor die werk van sy diensknegte nie. Vermoedelik was hy traag van gees. Toe sy seuntjie op die veld siek word, beveel hy 'n dienaar om hom na sy moeder te dra; self doen hy niks nie en hy bly waar hy is, op die veld. Hy steek geen hand uit om sy kind te help of om sy vrou te troos nie. En as sy vrou hom 'n paar uur later 'n esel en 'n kneg vra sodat sy na die profeet kan ry, vra hy net: „Waarom gaan jy vandag na hom? Dit is geen nuwemaan of sabbat nie." Hy vind dit vreemd dat sy op 'n gewone weeksdag die Godsman wil opsoek; hy is 'n lid van die groot gemeente wat die predikers net vir die rusdag geskik ag en deur die week aan ander dinge dink as wat hulle op die rusdag van die prediker hoor. Maar dit kom geen oomblik by hom op om verband te lê tussen sy vrou se ongewone versoek en die siekte van sy kind nie. Hy is traag van gees en sy vrou kan by hom geen steun of hulp in haar leed verwag nie.

Sy gaan op pad na Elisa, of soos ons geskiedenis sê: na die man van God. Tevore is die naam Elisa wel genoem (vers 8 en 17) en later kom hy weer voor (vers 32), maar solank as wat daar sprake is van die vrou en haar optrede teenoor Elisa, word net die uitdrukking „man van God" vir die profeet gebruik. Daardie uitdrukking kom betreklik selde in die Bybel voor. Nie elke profeet is 'n „man van God" genoem nie, en aan die ander kant is daar ook figure wat ons nie in die eerste plek profete sou noem nie wat tog die titel „man van God" ontvang. Die eerste wat so ge-

noem word is Moses; die rigter Samuel word man van God genoem as die mense oor sy sienersgawe praat; Dawid kry dieselfde benaming in 'n paar van die jongste boeke van die Ou Testament. Drie profete wat ons by name ken, Semaja, Elia en Elisa, word „man van God" genoem asook vier onbekende profete. Verder is daar nog 'n sekere Hanan, wat in Jer. 35 : 4 voorkom, en van wie ons verder niks weet nie, selfs nie of hy 'n profeet was nie, en dit is moontlik dat die benaming „man van God" nie op hom slaan nie, maar op sy vader, die ewe onbekende Jigdalja. In die Nuwe Testament ken die apostel Paulus sy leerling Timotheüs dieselfde titel een keer toe.

In totaal is dit twaalf manne wat in 'n tydsverloop van meer as twaalf eeue in die Heilige Skrif hierdie titel ontvang. Dit is baie min en des te meer verwonder dit ons dat in die negentiende en twintigste eeu so gul met hierdie benaming omgespring word. Elke predikant wat hom in sy gemeentes verdienstelik gemaak het, word vroeër of later wel 'n „Godsman" genoem. Ons gun aan die getroue predikers van die Woord die eer wat hulle volgens die Woord toekom, maar waar die Bybel so spaarsaam is met die benaming „man van God", behoort die gemeente daardie titel minder kwistig uit te strooi as wat nou die gewoonte is.

Ons sal daarvan nog meer oortuig raak as ons oorweeg wat die betekenis van die uitdrukking is. Ons kan dit die beste vergelyk met uitdrukkings soos „'n man van Juda" of „'n man van Israel". 'n „Man van God" is dan 'n mens wat nie in die eerste plek, soos ander mense, bepaal is deur sy geboorte in 'n sekere land en te midde van 'n sekere volk nie, maar wat om so te sê tot die goddelike geslag behoort. Soos ander tot Juda, tot Israel behoort, so behoort hy tot God. Aardse familiebande bestaan vir hom nie; op hom is van toepassing wat in Deut. 33 : 9 van Levi gesê word: „Wat van sy vader en sy moeder gesê het: Ek sien hom nie, en sy broers nie erken het en van sy seuns niks geweet het nie; want hulle het U woord bewaar en U verbond gehou." Daarom kan dieselfde uitdrukking „man van God" in Rigt. 13 ook 'n engel aandui: net soos die engel ver-

teenwoordig die menslike man van God sy hemelse Here. Hy is die verteenwoordiger van God op hierdie aarde.

Die Sunamitiese wil met haar leed na die man van God. Na niemand anders nie. Sy laat haar nie teenhou of afskeep nie. Elisa stuur, toe hy haar van ver oor die vlakte sien naderkom, sy dienaar Gehasi haar tegemoet, maar sy antwoord die kneg nie op sy vrae nie. Sy wil met die Godsman self praat; sy val voor hom neer en gryp soos 'n smekeling sy voete vas. Laat Gehasi dit dan maar onbetaamlik vind, die Godsman self verstaan wat in haar gemoed omgaan: „Laat haar staan, want haar siel is bitter bedroef in haar, en die Here het dit vir my verberg en my dit nie meegedeel nie."

Waarom dring die moeder tot die Godsman persoonlik deur? Waarom wil sy haar boodskap nie aan die dienaar gee wat die profeet haar tog tegemoet gestuur het nie? Oënskynlik is dit omdat sy haar aanklag self die profeet voor die voete wil gooi: „Het ek van my heer 'n seun gevra? Het ek nie gesê: Moet my nie mislei nie?" Tydens die lang jare van haar huwelik met haar siellose man het sy reeds berus in die gedagte dat sy altyd eensaam sou wees. Toe die profeet haar aankondig dat sy 'n seun sou baar, het dit vir haar die eerste oomblik soos 'n spotwoord voorgekom en sy het uitgeroep: „Ag nee, my heer, man van God, moenie vir u dienares lieg nie." Toe die kind gebore is, het sy in blye skaamte daardie uitroep teruggeneem; maar nou kom hy weer op haar lippe, want wat kan 'n wreder spel wees as om 'n mens eers so bly te maak en om dan weer die blydskap weg te neem? Daarom is haar klag 'n aanklag, soos dié van Job; maar God het die klag van Job verstaan: hy het met God geworstel, nie om van God weg te kom nie, maar om die Here te kan vashou; netso het die Sunamitiese tot die man van God deurgedring, nie maar net om haar aanklag hom voor die voete te gooi nie, maar ook om haar aan hom vas te klamp as die enigste redmiddel uit die see van ellende waarin die dood van haar seun haar gedompel het.

Net so weier sy ook om haar tevrede te laat stel deur die

sending van Gehasi. Dit mag dan wel wees dat die man van God aan sy dienskneg die opdrag gee om die staf van sy meester op die gesig van die dode te lê — die moeder is nie tevrede met die staf van die profeet of met die koms van sy dienaar nie. Sy wil homself by haar seun bring en sy sal met niks of niemand anders as die Godsman genoeë neem nie. So roep sy dan ook, as Gehasi reeds op pad is, tot die Godsman uit: „So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie!" Dit laat ons dink aan die woord wat Jakob teen die einde van sy nag van worsteling aan die oewer van die Jabbok tot die engel gespreek het: „Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën."

Mense wat nie soos Jakob met God geworstel het nie, en wat nie soos die Sunamitiese die bitterste leed alleen moes dra nie, kan maklik aanmerking op hierdie onstuimige woorde maak. 'n Mens moet, so leer hulle, hom onderwerp aan die wil van God; dit is immers dwaasheid om te dink dat die mens die almagtige God kan dwing om hom te seën! Maar hoewel dit alles waar is, toon die Here in die Heilige Skrif herhaaldelik 'n sekere voorkeur vir die onstuimige bidders wat „die koninkryk van die hemele bestorm" (Matth. 11 : 12). Berusting in die wil van God is gemaklik vir die loues; maar wee die mens wat uit louheid berus! Die skerpste woorde van vertwyfeling wat Job tot die Here gespreek het, is meer welbehaaglik voor die aangesig van God as die gemaklike berusting van 'n mens wat wegskram van die hoogtes en dieptes van liefde en leed. In haar woord tot die verteenwoordiger van God druk die vrou van Sunam haar geloof uit: God staan nie afwerend teen die felheid van die bede nie; inteendeel, Hy gee Hom, as ons dit so mag uitdruk, met 'n glimlag gewonne aan die gebed van sy kinders. Met 'n glimlag: natuurlik, want dit was altyd sy bedoeling, maar Hy wil sy heilige wil volbring deur die gebede van sy gelowiges.

Daar is reeds dikwels gevra wat tog die bedoeling van Elisa was toe hy Gehasi met sy staf vooruit gestuur het. Het die profeet gedink dat die staf 'n wondermiddel is? Dis bes moontlik; ons moet nie dink dat profete nie soos

ander mense die algemene oortuiginge van hul tyd gedeel het nie. Die profeet is 'n doodgewone kind van sy tyd. Van Elisa se leermeester sê Jakobus (5 : 17): „Elia was 'n mens net soos ons." In die oudheid was die geloof aan wondermiddels algemeen en ons doen geen afbreuk aan die profetiese amp van Elisa as ons aanneem dat hy die opvattings van sy tyd gedeel het nie. Sy profeetskap lê nie in sy eie insig nie, maar in die boodskap wat God tot hom gespreek het. As hy uit homself optree, is hy niks anders as 'n kind van sy tyd nie. En hy het hier uit homself opgetree; dit kan ons wel aflei uit sy woord tot Gehasi: „. . . en die HERE het dit vir my verberg en my dit nie meegedeel nie."

Maar toe die wanhopige moeder vir hom sê: „So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie!" — toe het hy in daardie eed iets van die stem van sy God gehoor en onmiddellik opgestaan om saam met die vrou na die huis te gaan waar die liggaam van die kind leweloos uitgestrek lê en wag. In die bede van die geloof het die Godsman die stem van God gehoor. Daardie geloof is nie beskaam nie; staf en dienaar kon niks uitrig nie, maar toe die man van God self kom, was alles vir die wonder gereed.

Hieruit kan ons leer dat die waaragtige geloof altyd so ver as moontlik deurdring. Dit hou hom nie op by 'n dienaar nie; dit laat hom nie tevrede stel deur 'n ding soos 'n staf of wat dit ook al mag wees nie. Die moeder het haar tot die verteenwoordiger van God, tot die man van God gerig; sover as sy, dogter van die Ou Verbond, kon gaan, het sy gegaan. Onder die Nuwe Verbond is die Here Jesus Christus vir ons die Man van God, die verteenwoordiger van God hier op aarde; geen dienaars van Hom, geen heiliges of ander mense, en geen staf of reliek behoort daar tussen Hom en die geloof te kom nie. Ons het geen bemiddelaars tussen ons en Christus nodig nie, want Hyself is die groot Middelaar, regstreeks toeganklik vir die gelowige gebed.

XXVI. DIE MARTELAARS

Openb. 7 : 9–17
Hebr. 11 : 35. ... En ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry.

„Ander" — dit is nie spesiaal ander vroue nie, al het die voorafgaande deel van die vers oor vroue gepraat. Die vorm wat die woord in die oorspronklike Grieks vertoon, bewys dat die skrywer hier nie in die besonder aan vroue gedink het nie, ofskoon hulle óók ingesluit is in die groep van geloofsgetuies wat hy nou vermeld: die martelaars. Na die profete wil hy nou die bloedgetuies behandel. Dis waar, soos ons self tevore opgemerk het, dat 'n profeet dikwels 'n martelaar geword het, maar nietemin vorm die martelaars tog weer 'n afsonderlike groep.

In die geskiedenis van die mensheid is martelaarskap 'n verskynsel wat eers betreklik laat optree. Dit is eers moontlik waar godsdienstige vervolging heers, en oor die algemeen was die ou heidendom verdraagsaam. Ons vind wel in die Ou Testament gevalle waar ons van martelaarskap sou kon spreek, maar die woorde van ons teks, „en wou geen bevryding aanneem nie", is nie op derglike gevalle van toepassing nie. So lees ons bv. dat Isebel 'n slagting aangerig het onder die profete van die Here (I Kon. 18 : 4, 13; 19 : 10,14), maar dit lyk nie of die profete voor die keuse gestel is om die heidendom te aanvaar of die dood te sterf nie. Dieselfde geld van ander gevalle waarby konings van Juda gewoed het teen profete wat hulle politiek bestry het (II Kron. 16 : 10; 24 : 21; Jer. 26 : 20—23); hier betref dit meer strafmaatreëls van die kant van die tiranne. Seker kan ons al hierdie manne martelaars noem, want hulle het gesterf omdat hulle hulle roeping getrou was; maar hulle het nie die kans gehad om deur 'n verloëning van hul geloof die vryheid en die lewe te behou nie. Om derglike gebeurtenisse te vind, moet ons afdaal na die Apokriewe boeke, insonderheid na dié wat oor die tydvak van die Makkabeë handel.

In die boek Daniël word op verskillende plekke gesinspeel op 'n Griekse vors wat die volk van God sal mishandel en sal probeer om die godsdiens van Israel uit te roei. „Hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel" (Dan. 7 : 25). „Hy sal buitegewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges" (Dan. 8 : 24). „Deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel. En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree. En die verstandiges onder die volk sal baie tot insig bring; maar hulle sal struikel deur swaard en vlam, deur gevangenskap en berowing, dae lank" (Dan. 11 : 31—33).

Hierdie sinspelinge word duideliker vir ons as ons die eerste en die tweede boek van die Makkabeërs lees. Altwee hierdie boeke verhaal hoe die Griekse koning van Sirië, Antiochus IV, in die jaar 168 v. Chr. 'n poging onderneem het om die Griekse heidendom met geweld op sy Joodse onderdane af te druk. Die tempel te Jerusalem is ingerig vir die diens van 'n Griekse afgodsbeeld; dis hierdie beeld wat bedoel is met die woorde „ontsettende gruwel" in Daniël. Die mees kenmerkende Joodse gebruike, die onderhou van die Sabbat en die besnydenis van die jong kinders, is verbied, laasgenoemde onder bedreiging van die doodstraf. Die heilige wetsrolle waarop die eerste vyf Bybelboeke geskryf is, is op groot skaal verbrand.

Maar die koning wou nie maar net die Joodse godsdiens bestry nie, dog ook die heidense met geweld invoer. Daartoe is amptenare na alle dorpe gestuur; hulle moes die bevolking dwing om aan die Griekse afgode te offer en van die afgodeoffers te eet. Die vark is as offerdier uitgekies, juis omdat dit vir die Jode onreine spys was. Hy wat geweier het om die heidense offer te bring of om van die varkvleis te eet, is doodgemartel.

Uit hierdie onderdrukking is Israel deur die opstand van Judas die Makkabeër en sy broers verlos. Die eerste boek

van die Makkabeërs skilder die heldedade van hierdie broers uitvoerig. Maar die opstand het reeds die kiem van latere verwêreldliking in hom gedra, en daarom word dit in die Heilige Skrif nie so hoog aangeslaan nie; die skrywer van die boek Daniël noem die Makkabeërs, die helde van daardie dae, „'n klein hulp" (Dan. 11 : 34), en merk op: „baie sal uit listigheid by hulle aansluit". Hy het blykbaar verstaan dat die Makkabese beweging sy suiwer godsdienstige karakter weldra sou verloor en deur staatkundige eersug beheers sou word. Die Bybel stel die martelaars ver bo die helde, en dis dan ook nie die krygshelde van daardie tyd, Judas en sy broers, wat hier in Hebreërs 11 vermeld word nie, maar die martelaars, waaraan die tyd in die besonder onmiddellik voor die opstand so ryk was.

II Makkabeërs 7 verhaal die volgende: „Sewe broers is saam met hul moeder gevang en die koning het geprobeer om hulle deur mishandeling met gesel en sweep daartoe te bring om van die ongeoorloofde varkvleis te eet. Een van hulle, wat as hulle woordvoerder opgetree het, het soos volg gespreek: „Waarom wil u ons ondervra en iets van ons te wete kom? Ons is mos eerder bereid om te sterf as om die voorvaderlike wette te oortree." Die koning het woedend geword en beveel om potte en kastrolle te verhit. Toe hulle terstond verhit is, het hy beveel om die woordvoerder se tong uit te sny, die vel van sy skedel te ruk en sy ledemate af te kap, terwyl sy broers en sy moeder dit aan moes sien. Toe hy heeltemal magteloos was maar nog asem gehaal het, het die koning beveel dat hulle hom na die vuur moet bring en braai. Die reuk van die pot het hom ver verbrei, maar hulle het mekaar, saam met hul moeder, aangemoedig om dapper te sterwe, met die woorde: „Die Here God sien dit en het in waarheid medelyde met ons soos Moses duidelik gemaak het in sy gesang wat 'n openlike getuienis aflê, met die woorde: „En Hy sal medelyde hê met sy knegte" (Deut. 32 : 36).

Toe die eerste op daardie manier die lewe afgelê het, het hulle die tweede na die martelplek gebring. Hulle het die vel van sy skedel saam met die hare afgeruk en hom ge-

vra: „Sal jy nou (varkvleis) eet voordat jou liggaam lid na lid gepynig word?" Maar hy het in die taal van sy vaders „nee!" geantwoord. Daarom is hy op sy beurt net soos die eerste gemartel. Met sy laaste asemstoot het hy gesê: „Jy, duiwel, beroof ons van die teenswoordige lewe, maar die Koning van die wêreld sal ons, wat om sy wette ontwil sterf, opwek tot 'n ewige opstanding van die lewe."

Na hom is die derde gemartel; op die eerste bevel het hy sy tong onmiddellik uitgesteek en sy hande sonder aarseling vorentoe gestrek, terwyl hy die dappere woorde geuiter het: „Van die hemel het ek dit gekry, en terwille van sy wette doen ek daar afstand van en van Hom hoop ek dit weer te ontvang." Die koning self en sy howelinge was verbaas oor die gees van die jonkman wat die pyniging as niks gereken het.

Na sy dood het hulle die vierde op dieselfde manier aan pyniging onderwerp. Toe die oomblik om te sterf aanbreek, sê hy: „Dis 'n gewenste saak om deur die hand van mense te sterf en daarby die hoop te verwag wat van God kom, dat ons weer deur Hom opgewek sal word. Want vir jou sal daar geen opstanding tot die lewe wees nie."

So gaan die verhaal voort en beskrywe hoe almal, tot die jongste en laaste toe, die pynlikste dood sterwe omdat hulle weier om die koning gehoorsaam te wees. By die beskrywing van die dood van die jongste word nog uitdruklik vermeld hoe die koning hom nie maar net die lewe nie, maar ook guns en rykdom aanbied as hy maar net bereid is om sy voorvaderlike godsdiens op te gee. Maar ook hy verkies, soos sy broers, om „na 'n korte pyniging uit die nimmer opdroënde lewe te drink." Ten slotte word ook die moeder, wat haar seuns in die marteldood bemoedig het, self om die lewe gebring.

Dit is duidelik dat die skrywer van die brief aan die Hebreërs hierdie geskiedenis op die oog gehad het toe hy geskrywe het dat daar martelare was wat „geen bevryding wou aanneem nie om 'n beter opstanding te kan verkry." Verskillende onder die sewe seuns vermeld in hul laaste woorde juis die opstanding van die gelowiges tot die ewige

lewe. Wat die skrywer egter bedoel met die „beter opstanding", word duidelik as ons vergelyk wat voorafgaan: „Vroue het hul dode deur opstanding teruggekry". Ons het gesien dat dit moet slaan op die dode-opwekkinge uit die Ou Testament, in die besonder op die geskiedenis van Elia te Sarfat en van Elisa te Sunam. Daar is sprake van 'n opstanding uit die dood, en ons sal sekerlik niks wil afdoen aan die grootheid van dié wonderwerke, of van die blydskap wat daar in die harte van die weduwee en van die Sunamitiese geheers het nie. Nietemin moet ons ons afvra: wat het verder met daardie twee seuns gebeur? Hulle het opgegroei, die gewone menselewe gelei, 'n vrou geneem, kinders verwek, oud geword — en ten slotte weer gesterf. Hulle is opgewek uit die dood, maar nie van die dood bevry nie. Om dit populêr te sê: wat hulle te beurt geval het, was maar net uitstel van eksekusie. Wel is hulle eenmaal uit die dal van doodskaduwee teruggeroep, maar later moes hulle tog daardie donker pad gaan. Die dood het sy reg op hulle behou.

Heel anders is dit egter met die martelaars. Hulle word nie tot die aardse lewe teruggeroep nie. Vir hulle is daar geen terugkeer tot die gewone menselewe nie — maar ook geen terugkeer tot die gewone dood van die mens nie. Die dood het sy reg op hulle verloor toe hulle om God en sy diens ontwil hulle lewe vrywillig afgelê het. Daarom kon hulle sterf in die verwagting van „'n beter opstanding": 'n opstanding nie tot die aardse, kortstondige lewe wat ten slotte tog weer aan die dood ten prooi sal val nie, maar tot die hemelse, ewige lewe waaraan geen einde kom nie. Want die reg van die dood op ons berus op ons sonde, maar hy wat in die geloof sterf is van die sonde bevry. „Hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde", sê die apostel Paulus in Rom. 6 : 7. Daarom kan, wie in die gemeenskap met sy Verlosser die dood tegemoet tree, 'n ewige opstanding verwag.

Hierdie opstanding het die martelaars van die Joodse volk onder die Ou Bedeling met vertroue tegemoet gesien. Dieselfde vertroue, maar nou nog versterk deur die getuienis van die opstanding van Christus, het die martelaars

van die oud Christelike kerk besiel. Openb. 7 gee daar 'n aangrypende getuienis van: „Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."

Dieselfde geloof het in die tydperk van die Reformasie en die eeu wat daarop gevolg het, die martelare van die Protestantisme die moed gegee om die pynlikste dood te ondergaan. Hulle het gesterf in die sekerheid van 'n ewige lewe wat deur Christus berei word vir almal wat Hom meer liefhet as hul eie aardse bestaan. Daarna het 'n paar eeue lank die vervolginge skaars geword; afgesien van die sendingsvelde was daar geen kanse om die martelaarsdood te sterf nie. Die gevolge het nie uitgebly nie: die geesdrif het verflou, die liefde het lou geword. Daarom moet ons wellig as Christelike kerk bly wees dat in ons dae vervolgings weer in baie lande losgebars het. Volgens Dan. 11 : 35 bring vervolging „loutering en reiniging en suiwering" teweeg. Daardie loutering het die kerk nodig. Sy kan die toets deurstaan as sy opnuut, soos in die vroeëre tye, die oog slaan op die beloftes van God; die gelowige, wat uitsien na die „betere opstanding", vrees die aardse geweldenaars nie.

XXVII. JEREMIA

Jer. 37 : 15; 38 : 13
Hebr. 11 : 36. Ander weer het die proef van bespotting en géselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis.

Ander weer — die uitdrukking wys op 'n meervoud. Ons teks handel dus nie maar net oor een afsonderlike figuur nie, maar het 'n reeks van gestaltes in die oog. Ons spreek hier egter net van Jeremia, omdat in sy lewe dit alles: bespotting en géseling, boeie en gevangenis, volop verteenwoordig was. Maar terwyl ons hier oor die een Jeremia praat oor wie se lewe en lyde ons meer weet as oor die van enige ander profeet onder die Ou-Testamentiese bedeling, wil ons nie vergeet dat daar ook onbekendes was, wat by die Here welbekend is, mense wat gely en geduld het om sy Naam ontwil. Jeremia het medestanders gehad; ons hoor in Jer. 26 : 20—23 van 'n sekere Uria wat in dieselfde trant as Jeremia geprofeteer en ook die ondergang van Jerusalem aangekondig het. Hy moes sy prediking met die dood bekoop; Egipte, waarheen hy gevlug het, het hom uitgelewer aan die offisiere van koning Jojakim, en op sy bevel is hy met die swaard gedood. So was daar vermoedelik nog heelwat meer gevalle waar ons nie van weet nie. Daar is veel onskuldige bloed vergiet deur die laaste konings van Juda. Maar al die lyde van profete en hul volgelinge is vir ons as 't ware saamgevat in die smartelike lewensgang van Jeremia.

Hy moes *bespotting* ondergaan. Dit was die deel van amper al die profete. By die volk is profete en waansinniges dikwels as dieselfde groep beskou. Toe 'n leerling van Elisa met 'n boodskap van hom by generaal Jehu aankom, vra die offisiere van sy staf: „Waarom het hierdie kranksinnige by u gekom?" (II Kon. 9 : 11). Dit was in die negende eeu. Toe het dikwels groepe profete, insonderheid Baälsprofete of mense wat hulle ten onregte vir profete van die Here wou uitgee, hulle inderdaad gedra soos mense wat buite hul sinne geraak het. Ons dink aan die

vertoning van die Baälsprofete op die Karmel toe hulle hom om vuur uit die hemel gesmeek het. Maar derglike opwindende tonele het ook wel onder die egte profete voorgekom. Toe Saul by sy agtervolging van Dawid by Rama gekom het en daar 'n skare van profeteleerlinge onder die leiding van Samuel met ekstatiese musiek en sang aangetref het, is hy self ook aangegryp deur die suggestiewe mag van wat hy om hom heen sien en hoor, en „Hy het ook self sy klere uitgetrek en ook voor Samuel geprofeteer en ontbloos neergeval daardie hele dag en die hele nag." As ons daardie beskrywing uit I Sam. 19 : 24 lees, verwonder dit ons nie dat profete dikwels deur die volk beskou is as mense wat buite hul sinne was.

Natuurlik behoort figure soos Jesaja of Jeremia nie tot hierdie klas van ekstatiese profete nie. Van hulle geld seker ook wat die apostel Paulus later sou skrywe (I Kor. 14 : 19): „In die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tienduisend woorde in 'n (onverstaanbare) taal." Hulle was predikers wat hul tot die tydgenote gerig het en 'n beroep op dié se gewete gedoen het. Daarby speel die wilde tonele van die profetegroepe in die dae van Saul geen rol nie. Met erns en nugterheid het die profete hul landgenote gewaarsku teen die gevare wat dreig; dit was veeleer hul teenstanders, die valse profete, wat hul krag in opwinding en ekstase gesoek het.

Daarom was dit 'n bespotting vir Jeremia dat hy deur Pashur, die hoofopsigter in die huis van die Here, eendag tydens 'n rede op die tempelplein onderbreek is, met geweld weggesleur en „in die blok gesit wat in die Boonste Poort van Benjamin was, by die huis van die HERE" (Jer. 20 : 2). Waartoe daardie blok gedien het, kan ons uit Jer. 29 : 26, 27 leer. Daar skrywe by 'n later geleentheid die een ontroue geestelike leidsman aan die ander: „Die HERE het jou as priester aangestel in die plek van die priester Jojada, dat daar opsigters kan wees in die huis van die HERE oor elkeen wat kranksinnig is en as profeet optree, dat jy hom in die blok en in die nekyster kan sit — waarom het jy dan nou Jeremia, die Anatotiet, nie gekeer

nie, wat by julle as 'n profeet optree?" Hier word dit duidelik gesê: die blok het gedien om mense wat van hul verstand af raak tydens die tempelplegtighede, onskadelik te maak. Hul bene is gelê in die uithollinge van 'n swaar balk, en daarop is 'n tweede balk met dieselfde uithollinge neergelê en vasgemaak sodat die gevangenes hul bene nie kon beweeg nie. Dis dieselfde gevangenisinstrument as die waarmee later die apostel Paulus saam met Silas in die tronk van Filippi kennis sou maak (Hand. 16 : 24). In Jerusalem kon daarby blykbaar in gevalle van besonder onrustige pasiënte ook nog die nekyster gevoeg word: yster boeie en stawe wat die nek onbeweeglik hou. Maar ook sonder die nekyster was die blok al 'n kwelling.

Vir die profeet was die liggaamlike ongemak nog die minste; erger was die vernedering en bespotting dat hy, wat die tolk van die Goddelike wysheid was, soos 'n lastige senupasiënt behandel is.

Reeds by hierdie geleentheid is die profeet geslaan (Jer. 20 : 2). Dit sou nie by hierdie een keer bly nie. Met die *geselstraf* het Jeremia herhaaldelik kennis gemaak. In Jer. 37 hoor ons hoe die profeet, nadat die Babiloniese leër tydlik die insluiting van Jerusalem onderbreek het, na sy vaderstad Anatot wou gaan om daar 'n erfenissaak te reël. Toe hy die stad Jerusalem verlaat, is hy daarvan beskuldig dat hy na die vyand wou oorloop. Die beskuldiging het nie die minste grond gehad nie, maar was by die gespanne toestande van daardie dae voldoende om hom tot geseling en gevangenskap te laat veroordeel.

Ons weet nie noukeurig hoe die geseling toegedien is nie. In Deut. 25 : 1—3 word 'n bepaling gegee vir die geval dat 'n man deur die regters tot lyfstraf veroordeel is: „As dan die skuldige slae verdien, moet die regter hom laat lê en hom in sy teenwoordigheid met 'n aantal slae laat slaan ooreenkomstig sy skuld; veertig slae mag hy hom laat gee, nie meer nie, dat hy hom nie verder met baie slae bo dié laat slaan en jou broer voor jou oë veragtelik gemaak word nie." Daaruit het die Joodse reg in die Nieu-Testamentiese tyd afgelei dat nie meer as nege-en-dertig slae toe-

gedien mag word nie. Vandaar dat Paulus in II Kor. 11 : 24 spreek van „die veertig houe op een na" wat hy van die Jode vyf maal ontvang het. Dit is egter waarskynlik dat in die tyd van die apostel die houe toegedien is met 'n gesel wat drie rieme gehad het en dat met daardie martelinstrument dertien slae gegee is. Die latere Joodse wet skrywe voor dat die beampte aan wie die strafoefening toevertrou is, die houe „met sy volle krag" moet toebring en dat hy nie verantwoordelik is as die slagoffer onder die slae beswyk nie.

By die liggaamlike pyn is ook die hoon en vernedering gevoeg. In die dae van die apostel Paulus was dit gebruiklik om tydens die geseling Deut. 28 : 58, 59 voor te lees: „As jy nie sorgvuldig al die woorde van hierdie wet hou wat in hierdie boek geskryf is, om hierdie heerlike en gedugte Naam, die HERE jou God, te vrees nie, dan sal die HERE oor jou en oor jou nageslag buitengewone plae bring, groot en aanhoudende plae, en kwaadaardige en aanhoudende siektes . . ." Of dit alreeds in die dae van Jeremia gedoen is, weet ons nie. Maar dit is wel seker, dat die geseling 'n vernederende straf was en ons kan daarvan seker wees dat, tydens die proses en by die uitvoering van die straf self, die profeet vir 'n vyand van sy volk en sy God uitgemaak is. Terwyl die pyn deur sy liggaam sny en die bloed uit die strieme spring, hoor die profeet die woorde van spot en gehuigelde verontwaardiging wat sy regters oor hom uitstort.

Na die geseling is die profeet in die *gevangenis* gewerp. Sy wonde is nie versorg nie. Hy word in 'n onderaardse kelder gegooi en moet daar in die duister op die rowwe klipvloer lê. Elke beweging laat die pyne met nuwe krag deur sy gekneusde ledemate skiet. Daar is geen verskil tussen dag en nag nie; 'n enkele keer per dag word die deur oopgemaak en 'n handvol minderwaardige voedsel word hom toegegooi. Koue en honger bring hom tot by die dood. Wat daar buite plaasvind, weet hy nie. Word sy profesie bewaarheid, kom die Babiloniërs terug om die beleg van Jerusalem te hervat? Die profeet weet dat dit

sal gebeur; God het hom opgedra om die ondergang van stad en tempel aan te kondig. Maar self begeer hy dit nie, want hy het sy volk lief, selfs nou nog, noudat hy so behandel word. Nog wil hy waarsku, nog wil hy tot inkeer maan, hoewel dit reeds te laat is. Die ergste van alles is wellig die magteloosheid. Vryheid beteken vir die profeet vryheid om sy taak te verrig, om die Godswoord te laat klink in die ore van die weerspannige volk. Maar hy lê in die kerker, hy kan niks doen nie; hy moet afwag.

Op 'n aand word hy deur 'n paar amptenare gehaal en langs smal straatjies na 'n agterpoort van die koninklike paleis gebring. Die koning wil hom in die geheim ondervra. Nou kan hy miskien, as hy listig optree, die guns van die koning win. Deur 'n gunstige voorspelling kan hy die goeie gesindheid van die koning verwerf. Maar as die vors hom vra: „Is daar 'n woord van die HERE?", dan spreek die profeet dieselfde voorsegging uit as hy al die jare laat hoor het: Jerusalem gaan ten onder, die koning word gevang. Hy wyk nie af van sy opdrag nie, ook al sou hy daardeur sy lewe kon red. Tot eer van koning Sedekia moet ons vermeld dat die koning, onder die indruk van die opregtheid van die profeet, verbetering bring in sy lot; hy win die vryheid nie terug nie, maar word na 'n ander plek oorgebring waar behoorlik vir hom gesorg word en waar hy kontak met sy medemense kan hou.

Daardie kontak is sy vyande 'n doring in die oog. Want hulle weet nou wel: Jeremia sal nie swyg nie. Hy bly deurgaan met sy onheilsboodskap; hy waarsku tot die laaste oomblik toe. Daarom gryp hulle in en dwing die swak koning om aan hulle vryheid van handeling ten aansien van die profeet toe te staan. Digby die plek waar hy bewaar is, bevind hom 'n ou onderaardse watervergaarbak. Sedert baie jare is hy nie meer skoon gemaak nie; tydens die heftige winterreëns is telkens weer 'n dik nuwe laag modder op dié van die vorige jare gelê. In daardie put laat hulle Jeremia sak. Die slyk bied geen steunsel vir sy voete nie; hy sak daarin weg, stadig maar onafwendbaar. Die kille brei suig hom die diepte in. Eers verdwyn sy knieë, dan sy dybene; reeds steek hy tot oor sy middel in die mod-

der. 'n Aaklige dood deur walglike verstikking lyk nou onvermydelik.

Op die laaste oomblik is Jeremia gered: deur die optrede, nie van volgelinge of volksgenote nie, maar van 'n vreemdeling, 'n hofdienaar van Kusitiese d.w.s. Soedanese afkoms: 'n neger wat meer menslikheid en eerbied vir die Godswoord getoon het as die voorgangers van die Godsvolk. As 'n gevangene het Jeremia die laaste stuiptrekkinge van sy verdwaasde volk aanskou. Ten slotte was dit die veroweraars van die stad, die Babiloniërs, wat hom in vryheid gestel het.

Daarmee was die beproewings van die profeet egter nog nie ten einde nie. Sy vriend Gedalja, wat met toestemming van die Babiloniërs geprobeer het om die laaste reste van die volk by mekaar te hou, is vermoor. Teen die raad van die profeet, wat na tien dae van gebed hulle van Godsweë beveel het om in die land te bly, het die armsalige res van die Judese volk besluit om na Egipte te trek. Jeremia het geweet dat hulle daar geen toekoms het nie; maar hy is deur hulle gedwing om saam met hulle te gaan. Nog in Egipte moes die profeet getuig teen die afgodediens wat weer onder sy volksgenote opgeleef he Die laaste woord wat ons van Jeremia het, is nog 'n on eilswoord: „Al die manne van Juda wat in Egipteland is, al deur die swaard en die hongersnood omkom totdat dit met hulle gedaan is" (Jer. 44 : 27). 'n Ou oorlewering wat vermoedelik wel betroubaar is, sê dat hy toe deur sy volksgenote gestenig is. Dit is opmerklik dat die vers wat in Hebr. 11 op ons teks volg, begin met die woorde: „Hulle is gestenig". Daar is meer profete wat deur hul eie volksgenote so doodgemaak is; ons kan bv. wys op Sagaria, die seun van Jojada, wat in die voorhof van die huis van die Here gestenig is (II Kron. 24 : 20—22, vgl. Matt. 23 : 35). Maar ook al sou Jeremia se einde 'n ander gewees het, sy lewe was een groot martelgang. Omring deur vyande, inwendig verskeur deur die teenstelling tussen sy liefde vir sy volk en sy deur God hom opgelegde taak, het hy volgehou tot die einde toe, omdat hy in sy God geglo het.

XXVIII. JESAJA

Jes. 9 : 1–6
Hebr. 11 : 37. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor.

By ons bespreking van Jeremia se lydingsgang het ons die woorde „hulle is gestenig" in die besonder op die profeet van Anatot betrek, en ook vermeld hoe die profeet Uria, 'n tydgenoot van Jeremia, deur toedoen van koning Jojakim die dood deur die swaard ondergaan het. Die vermelding „hulle is versoek" geld van alle martelaars; dit beteken naamlik nie dat hulle verleidings in die gewone sin van die woord afgewys het nie, maar dat hulle, soos in 'n voorafgaande vers staan, „geen bevryding wou aanneem nie" omdat daardie bevryding met die verloëning van God gekoop moes word. Daar bly dus vir ons oor 'n bespreking van die woorde: „Hulle is in stukke gesaag."

Dit sal miskien heelwat lesers verwonder dat ons die naam van die profeet Jesaja bo hierdie afdeling geskrywe het. Ons vind in die boek wat sy naam dra, heelwat besonderhede omtrent die lewe van die profeet; ons hoor van sy vrou, wat self ook 'n profetes was (Jes. 8 : 3) en ons ken die name van twee van sy seuns (7 : 3; 8 : 3). Ons weet in watter gespanne verhouding die profeet tot Agas gestaan het (7 : 1—13) en hoe Jesaja die volgende koning, Hiskia, in sy nood bygestaan en bemoedig het (36—39). Maar nêrens lees ons iets oor die dood van Jesaja nie, ook nie in die Boeke van die Konings nie. Ons is ook nie in staat om die sterfjaar van die profeet aan te gee nie.

Waarom betrek ons daardie woorde dan tog op Jesaja? Omdat daar 'n ou oorlewering bestaan dat daardie profeet onder die regering van Hiskia se seun Manasse die gruwelike dood ondergaan het wat met: „in stukke gesaag" aangedui is. Ons het uit die oudheid verskillende berigte oor die toepassing van 'n dergelike afskuwelike pyniging. Die mens in sy haat en verblinding deins vir geen enkele wreedheid terug nie. Miskien het ons daarvan ook 'n spoor in die Ou Testament. In II Sam. 12 : 31 lees ons dat Dawid die onderworpe Ammoniete „aan die werk gesit het by

die saag en by ysterpenne en ysterbyle." Soos in die Afrikaanse Bybel met verklarende aantekeninge op hierdie plek gesien kan word, is daar ander wat vertaal dat Dawid die krysgevangenes met die verskillende werktuie doodgemartel het. Dit is moeilik om agter die presiese betekenis van die teks te kom. In I Kron. 20 : 3, waar dieselfde gebeurtenis beskrywe word, lyk dit of werklik bedoel is dat die ongelukkige Ammoniete daardie marteling ondergaan het. Terwyl ons Afrikaanse Bybel ook hier vertaal asof hulle dwangarbeid moes verrig, het die nuwe Nederlandse vertaling hier: „Haar bevolking liet hij naar buiten brengen en in stukken delen met zagen, ijzeren klingen en bijlen." Daar bly verskil van mening moontlik wat hierdie teks betref, maar ons kan sekerlik nie sê dat dergelike wreedhede nie aan Dawid toegeskryf kan word nie. Deur die eeue heen tref ons telkens weer voorbeelde van barbaarsheid aan by mense en volke van wie ons dit nooit sou verwag het nie.

Maar hoe dit ook mag wees, die aangehaalde tekste spreek van Ammoniete, nie van profete of geloofsgetuies nie. Die marteldood van Jesaja word nie in die Ou Testament beskryf nie. Maar sowel Christelike as ou Joodse skrywers vermeld dit, en daar is 'n ou geskrif, waarvan die kern vermoedelik tot die eerste eeu voor die geboorte van Christus teruggaan, met die titel: „Die marteldood van Jesaja". Daarin vertel die onbekende skrywer hoe, na die dood van koning Hiskia, sy seun en opvolger Manasse die gebooie en vermanings van sy vader vergeet het en in plaas van die God van Israel die duiwels gaan dien het. Alle ongeregtigheid is deur die koning bevorder. Jesaja het vir die vervolging uitgewyk, eers na Betlehem, en vandaar na die woestyn ten ooste daarvan. Na twee jaar het 'n sekere valse profeet, Belgira, die profeet se skuilplek ontdek en aan koning Manasse verraai. Die koning het die profeet, wat nie opgehou het om sy afgodery aan die kaak te stel nie, tot die dood deur die saag veroordeel. Toe die vonnis uitgevoer sou word, het Belgira die profeet die vryheid en hoë eer aan die hof belowe as Jesaja sy woorde teen die koning wou intrek. Maar die profeet het geweier

en die straf ondergaan. „Maar Jesaja het nie gegil of geween toe hy in stukke gesaag is nie, want sy mond het met die Heilige Gees gepraat tot hy in twee stukke gesaag was."

Is dit 'n ware geskiedenis? Ons het nie die kennis wat nodig is om hierdie vraag met 'n duidelike ja of nee te beantwoord nie. In II Kon. 21 : 16 lees ons: „En Manasse het ook vreeslik baie onskuldige bloed vergiet totdat hy Jerusalem van end tot end daarmee gevul het." Ons kan aanneem dat onder die onskuldiges wie se bloed gestort is, ook profete van die Here was, en dat Jesaja, as hy toe nog gelewe het, sekerlik een van die eerstes sou wees om deur Manasse vervolg te word. Geen profeet was bekender as hy nie. Daarby kom dat die woorde van ons teks „hulle is in stukke gesaag" in ieder geval op geloofsgetuies uit die tydperk van die Ou Verbond moet slaan, en as ons hulle nie op die marteldood van Jesaja betrek nie, weet ons nie wie anders daarmee bedoel kan wees nie. Terwyl ons allerlei besonderhede soos vertel in die boekie „Die marteldood van Jesaja" as legendes beskou, wil ons tog graag aan die kern daarvan vashou, en die kern daarvan is dat Jesaja die dood gevind het onder die vervolging wat op bevel van Manasse losgebreek het.

Die optrede van Manasse was 'n bittere teleurstelling vir almal wat saam met Jesaja vasgehou het aan die diens van die God van Israel alleen. Hoe bitter die teleurstelling was, kan ons vermoed as ons langs die berig van die vervolging die lied lê wat ons in Jes. 9 vind, die lied van die koningskind wie se geboorte met hooggestemde jubel verkondig word. Uit die Joodse geskiedskrywer Flavius Josefus weet ons dat Hiskia vir 'n lang tyd geen manlike nageslag gekry het nie. Die Assiriese vyand van Hiskia, Sanherib, vermeld in sy verslag van sy veldtog teen Jerusalem in die jaar 701 wel die dogters van die Judese koning, maar noem geen seun van hom nie. Die wanhoop van die koning oor die voorsegging van sy nabye dood (Jes. 38, vgl. II Kon. 20 en II Kron. 32 : 24) kan ook die beste so verklaar word dat die koning veral getreur het omdat hy geen seuns gehad het nie en die Messiaanse belofte daardeur

skynbaar afgesny is. Tydens die vyftien jaar wat aan die lewe van Hiskia toegevoeg is, het Manasse die lewenslig gesien, want hy was twaalf jaar oud toe hy koning geword het (II Kon. 21 : 1).

Dit was een en al gejubel aan die koninklike hof en groot vreugde het geheers op die strate van Jerusalem toe die tyding bekend geword het: Die koning het 'n seun gekry! Die staatkundiges was bly omdat daarmee 'n opvolger van die koning gebore is; anders kon stryd om die troon en baie bloedvergieting verwag word. Die vromes was bly omdat die Messiaanse lyn, die belofte aan Dawid en sy nageslag, voortgeset is. Hulle het groot dinge van die jonge kind verwag. Hy was die seun van die vroomste koning wat Jerusalem na die dood van Dawid geken het. As die seun van die kleingelowige, weifelmoedige Agas reeds so 'n geloofsheld was as Hiskia hom betoon het, wat kon dan nie van die seun van Hiskia verwag word nie? Hy sou natuurlik 'n uitstekende opvoeding kry, en deurdring word met die oortuiging waardeur sy vader besiel was: dat die enigste heil vir Jerusalem en Juda lê in die diens van die Here alleen. Die grootste profeet wat Jerusalem geken het, Jesaja, sou met die koning saam waak oor die opvoeding van die kind.

Ons kan ons goed voorstel dat baie inwoners van Jerusalem gedink het aan die profetiese lied wat Jesaja nie so lank tevore aangehef het: „Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors — tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid." As hulle Jesaja in die strate van die feesvierende Jerusalem teenkom, roep hulle hom toe: „Nou verstaan ons wat u bedoel het toe u die lied van die koningskind gesing het! Nou is die kind gebore, en u het dit reeds van te vore besing!"

Wat het Jesaja daarop geantwoord? Het hy ingestem met dié wat sy profesie op Manasse betrek het? Op sigself

is dit nie onmoontlik nie. Die profete het nie altyd self die volle draagwydte van hul profesieë besef nie. Juis omdat hulle profesieë Godswoorde was, woorde wat die Heilige Gees aan hulle ingegee het, kon die betekenis van daardie woorde altans gedeeltelik aan hulle onbekend bly. Die menslike verstand van 'n profeet reik lank nie so ver as die Goddelike ingewing nie. Daarby kom dat 'n profetiese woord nie altyd net op een enkele gebeurtenis betrek hoef te word nie. Dit kan 'n voorlopige vervulling kry in die nabye toekoms, en 'n definitiewe in die verre. Die belofte aan Dawid in II Sam. 7 is ten dele en voorlopig in Salomo vervul, maar ten volle en definitief eers in Christus. Daar hoef dus op sigself geen teenspraak te wees nie tussen die opvatting wat Jes. 9 in Christus vervul sien en dié wat dit op die geboorte van Manasse wil betrek nie.

Ons moet egter in hierdie verband ook rekening hou met wat die apostel Petrus geskrywe het (I Petrus 1 : 10): „Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur die wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is." Die apostel sê hier dat die profete, nie deur eie oorleggings nie, maar deur openbaring van Godsweë, geweet het dat hul Messiaanse profesieë op 'n verre toekoms gesien het. 'n Paar keer word dit ook uitdruklik gesê. Bileam roep uit (Num. 24 : 17): „Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op." Netso begin die vredevisioen van Jes. 2 met die woorde „En aan die einde van die dae . . ."

Daarom is dit nie seker dat Jesaja self ingestem het met dié wat sy woorde oor die geboorte van die Goddelike kind in Manasse vervul wou sien nie. Wellig het hy sy eie waarskuwing in ag geneem: „Hy wat glo, sal nie haastig

wees nie" (Jes. 28 : 16). Dit behoort tot die wese van die geloof om rustig af te wag en nie te gou in die gebeurtenisse van die hede 'n vervulling van die belofte te sien nie. Hy wat oorhaastig 'n verbindingslyn tussen profesie en geskiedenis trek, sal bitterlik teleurgestel word. Die manne wat geglo het dat in Manasse die profesie van Jesaja vervul is, was sekerlik nie dié wat die beste volhard het onder die vervolgings wat daardie koning later teen die dienaars van die waaragtige God begin het nie.

Van Jesaja geld dus wat die brief aan die Hebreërs in die algemeen sê: „In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry" (11 : 13) en: „En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie" (11 : 39). Hulle het 'n belofte gekry; maar hulle het daardie belofte nie verkry nie: die vervulling van die belofte het hulle hier op aarde nie aanskou nie. Hulle moes lewe van 'n woord alleen; maar hulle het geglo dat daardie woord 'n Godswoord was, en terwyl 'n mens nie van mensewoorde kan leef nie, leef en sterf die gelowige deur en by en in die Woord van God.

Daardie Woord van God, wat Jesaja en al die profete ontvang het, is onverganklik en onoorwinlik. 'n Koning kan die liggaam van Jesaja aan stukke laat saag, maar die Woord van God bly onaantasbaar. Ook al is ons nie seker daarvan of die geskrif oor die marteldood van Jesaja in alle onderdele histories juis is nie, die slotsin daarvan het in ieder geval 'n diepe betekenis: „sy mond het met die Heilige Gees gepraat, tot hy in twee stukke gesaag was." Onder die martelinge het die profeet hom gerig tot die Gees van God, wat hom in sy ampsvervulling gelei het. Die einde van die lewe van Jesaja op aarde was 'n gesprek met die Heilige Gees. Die geloof bring sy dank, die Gees sterk in die laaste pyn. Voordat die profeet dit weet, is die stryd volstry, die oorwinning behaal. Met Ps. 56 : 5 kon die goeie en getroue dienaar uitroep: „Deur God sal ek sy woord prys; ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan vlees my doen?"

XXIX. IN DIE WOESTYN

Psalm 10
Hebr. 11 : 37, 38. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel — die wêreld was hulle nie werd nie — hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.

Die vermelding van die uiters primitiewe kleding van party gelowiges in ons vers het dikwels die herinnering aan Elia wakkergeroep. Maar ten onregte. Van die profeet uit Tisbe lees ons in II Kon. 1 : 8 dat hy 'n harige mantel gedra het en om sy heupe met 'n leergord omgord was. Dit was die profetedrag; valse profete het dit ook gedra (Sag. 13 : 4). In die Nuwe Testament vind ons 'n beskrywing van die gewaad van Johannes die Doper, die tweede Elia, wat ook deur sy kleding getoon het dat hy die ou tradisie moes volg, en daar word uitdruklik gesê dat hierdie profetemantel van kameelhare gemaak was (Matt. 3 : 4). Maar ons teks praat nie van kameelhaar nie maar van velle van skape en bokke. By die profetemantel kom die weefkuns nog te pas; die skape- en bokvelle is die primitiefste kleding, soos deur Adam en sy vrou gedra (Gen. 3 : 21) voor die menslike vernuf die weefkuns uitgevind het. In later tyd is dit net gedra deur mense wat hul dae ver van die bewoonde wêreld moes deurbring.

Wie bedoel die skrywer van die brief aan die Hebreërs met hierdie laaste groep van geloofsgetuies? Wat verder volg: „Hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel," laat ons dink aan 'n opvallende trek in die boek van die Psalms. Dikwels sê die digters van die psalms dat hulle behoort tot die armes en ellendiges. Ons kry die indruk dat daar 'n groep in Israel was wat homself by voorkeur „die armes" genoem het. „Die HERE is 'n rotsvesting vir die verdrukte" sê Ps. 9 : 10; „Hy vergeet die geroep van die ellendiges nie" heet dit 'n paar verse verder, en weer 'n endjie verder word gesê: „Want die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word, die verwagting van die ellendiges nie vir ewig verlore gaan nie." In die tiende psalm, wat oor-

spronklik met die negende een geheel uitgemaak het, word hierdie groep tien keer genoem. Dit is die klas van die ellendiges, wat hier ook die ongelukkiges genoem word, die verdruktes, wat tegelyk ook die ootmoediges is. Hulle ly onder die druk van die rykes wat in hul hoogmoed die weerloses verag en uitbuit, hul van hul laaste besittings beroof en uit hul erfdeel verdrywe. Die eerste saligspreking in die vorm waarin dit by Lukas verskyn (6 : 20): „Salig is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God", het dieselfde klas in die oog, en ons weet dat die ou Christelike gemeente in Palestina in die tweede eeu homself die Ebioniete, dit wil sê „die armes" genoem het.

Miskien bedoel ons teks hierdie verdrukte laag in die samelewing. Hier is die godsdiens van Israel beter bewaar as onder die rykes, ook beter as onder die ryk priesterstand. Maar dan is tog nog nie duidelik hoe van hulle gesê kan word nie: „hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond." Want ons lees in die psalms tog nie dikwels dat die digters in die woestyn vertoef nie. 'n Paar keer kom so 'n opmerking voor. In Ps. 61 : 3 lees ons: „Van die einde van die aarde af roep ek U aan"; in Ps. 63 : 2: „My siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water." Maar in hierdie psalms kom geen vermelding van die armes en ellendiges voor nie.

Daarom lyk dit waarskynliker dat ons teks aan 'n ander groep gedink het wat ons eers die laaste jare leer ken het. In 1948 het die eerste berigte in die dagblaaie verskyn oor ou geskrifte wat in die woestyn van Juda gevind is. In die daaropvolgende jare is nader ondersoek ingestel en 'n oorweldigende aantal skrifstukke uit Bybelse tyd is gevind en deur die druk aan die wêreld bekend gemaak. Dis die Dooie Seehandskrifte, so genoem omdat die vindplek nie ver van die Dooie See af lê nie, naamlik naby die noordwestelike hoekpunt van daardie groot meer. Dis inderdaad 'n woestyn, dor en uitgedroog; egter nie 'n sandvlakte nie, maar 'n berg- en klipwoestyn, ontoeganklik en warm, trouens een van die warmste plekke van die aarde

waar die laaste agtien eeue geen mense meer gewoon het nie.

Deur die opgrawers is vasgestel dat op daardie plek 'n Joodse gemeenskap gedurende die eerste eeu voor die geboorte van ons Heiland en in die eerste agt-en-sestig jaar van ons jaartelling, sy sentrum gehad het. Daar was 'n soort van gemeenskapshuis met sale vir vergaderings, studie en maaltye. Maar die groot aantal graftes in die gemeenskaplike kerkhof maak dit wel waarskynlik dat die meeste lede van die gemeenskap nie in daardie huis kon gewoon het nie, maar dat hulle in die omtrek daarvan, in hutjies en in die spelonke in die nabyheid, skuiling moes gesoek het. Dis ook juis in die spelonke dat die merkwaardigste vondste gedoen is. Daar is vir die eerste keer in die geskiedenis van die Bybelwetenskap Bybelse handskrifte uit Bybelse tyd ontdek: 'n tweetal rolle met die boek Jesaja, grotere en kleinere stukke uit al die boeke van die Ou Testament, fragmente uit die Apokriewe Boeke, uitleggings van Bybelboeke, vrye weergawes van Bybelse geskiedenisse en so meer. Daarlangs is ook die grondwet van die gemeenskap ontdek, versamelinge van gesange en alles wat tot die literatuur van 'n godsdienstige gemeenskap behoort.

Nêrens word in al hierdie geskrifte gesê wat die naam van hierdie gemeenskap was nie; maar daar is baie aanwysings dat hulle die groep is wat in die geskrifte van daardie tyd die Essene genoem word. Oor die oorsprong van daardie gemeenskap word deur geleerdes verskillende menings gehuldig. Die groep het met die leiers van die priesterskap in Jerusalem in botsing gekom; ons weet nie noukeurig wat eintlik die punte van geskil was nie; vermoedelik was dit dinge waarvan ons die belang nie meer goed kan besef nie: sake van die feeskalender, van uitlegging van wetsbepalings oor wat rein en onrein is en dergelike dinge meer. Maar wat vir ons van veel meer betekenis is, is die opregte vroomheid wat in daardie kringe geheers het.

Hulle was bereid om ter wille van hul oortuiging in die woestyn te lewe, in 'n klimaat wat die grootste deel van die jaar ondraaglik warm was. Deur sy lae ligging, tot 900 voet onder die oppervlak van die Middellandse See, is die

omgewing van die Dooie See die warmste plek op aarde. Deur elke druppel soetwater op te vang en te bewaar, kon hulle met groot moeite klein akkers bebou. Dit was 'n lewe sonder enige weelde wat die gemeenskap gelei het. Geen enkele vorm van wêreldse vermaak is toegelaat nie; strenge reëls het daarvoor gewaak dat die erns van die onderlinge samesyn altyd bewaar is. Die hele gemeenskap het net een doel geken: om in hul afsondering van die wêreld die God van Israel te dien met hul hele siel, hul hele verstand en al hul kragte. Niks kon hul van daardie doel aflei nie; om hul heen het die oë niks anders gesien as net die strenge majesteit van die berge en die onbewoë vlak van die Soutsee; om hul heen het die ore niks anders verneem as net die lofsange wat opstyg tot eer van God. Wêreldse sorge en begeertes is soveel as moontlik uitgeskakel; die wat as volwaardige lede van die gemeenskap aangeneem is, het al hul aardse besittings in die gemeenskaplike kas van die gemeente gestort.

Uit die geskrifte van die gemeenskap leer ons die toekomsverwagtings van hierdie gelowiges ken. Ons verneem daaruit dat in hierdie tyd, omtrent die tyd waarin ons Heiland gebore is, altans by hierdie groep 'n sterk verlange na die verskyning van die beloofde Messias bestaan het. Of eintlik moet ons sê: die Messiasse. Want hul kan die beloftes van die Ou Testament nie tot een geheel verenig, soos ons dit op grond van die evangelie wel kan doen nie. Daar was 'n verwagting van 'n profeet, soos deur Moses belowe in Deut. 18 : 15: „'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister." Daar was egter daarlangs ook die verwagting van wat deur hulle „die Messias uit Aäron" genoem is: 'n priesterlike figuur wat sy volk in die ware diens van God sou voorgaan. Aan hom was volgens hul voorstelling 'n tweede Messias, die „Messias uit Israel" ondergeskik: hy sou die toekomstige koning wees, maar omdat die geestelike oor die stoflike behoort te heers, sou die Messias uit Aäron ook bo die Messias uit Israel staan.

Toe Johannes die Doper by die Jordaan op 'n afstand

van nie meer as drie uur van die gemeenskapshuis van die Essene, sy roepstem verhef het, is aan hom drie vrae gestel: Is u die Christus? Is u Elia? Is u die profeet? Hierdie drie vrae dui miskien op die drievoudige Messiasverwagting soos dit in die gemeenskap by die Dooie See gelewe het. „Christus" staan vir die Messias uit Israel, die koning; „Elia" vir die Messias uit Aäron, die priester; „die profeet" vir die leraar wat as voorloper van die twee Messiasse gedink is. Dit is wel merkwaardig om te sien hoe dig hierdie verwagting dus gekom het by die leer van die drievoudige amp van Christus wat ons bely: koning, priester en profeet; maar niemand het verstaan dat daar nie drie figure sou wees nie, dog net een gestalte wat daardie drie ampte in sy persoon sou verenig. Slegs deur die verskyning van Jesus Christus het ons die eenheid van al die beloftes van die Ou Testament verstaan.

Op die gemeenskap van die Dooie See, met al sy vroomheid en lewenserns, is dus ook wel van toepassing wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs in die laaste verse van ons hoofstuk uitspreek: „Alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie." Volmaak word 'n mens nie deur die strengste lewenswyse of die fynsinnigste vroomheid nie; volmaak word die mens net deur die soenverdienste van die Heiland Jesus Christus. „Sonder ons", dit wil sê buite die heil wat aan ons deur die evangelie geskenk is om, word die vroomste van die Ou Verbond nie volmaak nie. Maar alhoewel die Essene geen duidelike voorstelling gehad het van die manier waarop God sy beloftes sou vervul nie, het hulle tog in die geloof na daardie beloftes gelewe. Die geloof hoef nie alles te deurgrond om tog opregte geloof te wees nie.

Dit kan ons duidelik opmerk as ons kennis neem van die gebede en versugtinge wat een van hul leraars vir ons nagelaat het in wat ons gewoonlik „die rol van die lofprysings" noem. Daar sê hy bv.: „En wat my betref, bewing en siddering het my aangegryp, en al my bene het geskud en my hart het gesmelt soos was by vuur, en my knieë het weg-

gevloei soos water wat langs 'n helling afstroom, toe ek aan my skuld gedink het, saam met die afval van my vaders, toe goddeloses teen u verbond opgestaan het en rampsaliges teen u woord; en ek het gesê: „Om my oortreding is ek uit u verbond uitgelaat." Maar as ek dan die mag van u hand saam met die veelheid van u ontferminge oordink, rig ek my weer op en bly staande, en onder die beproewing hou my gees vas aan sy amp, want ek steun op u goedertierenhede en die menigte van u barmhartighede, want U versoen die sonde en U beklee die sterweling in u regverdigheid teenoor die skuld."

Hier het ons 'n getuienis waarin elkeen wat deur die Reformasie tot die Heilige Skrif gebring is, iets van eie sielsbelewenisse kan terugvind: die verslaenheid oor die sonde waarin ons gebore is en wat ons deur ons eie dade vermeerder; die vrees dat ons verworpenes is wat geen deel meer het aan die verbond van God nie; die oplewing van die hart as ons dink aan die almag en genade van God wat 'n sondaar kan red; die rus van die siel wat die kleed van Gods geregtigheid ontvang het. Tot die mens wat dit geskrywe het, sou die Here soos tot 'n skrifgeleerde kon sê (Mark. 12 : 34): „Jy is nie ver van die koninkryk van God nie." Daar ontbreek net een ding, maar dit is essensiëel: die kennis van Hom deur wie God die skuld versoen het, deur wie die geregtigheid van God ons deel word, die kennis van ons Heiland Jesus Christus. Hulle het Hom verwag, maar Hom nie geken nie. Daarin is hulle gelyk aan al die geloofsgetuies van die Ou Verbond: hulle kon nie volmaak word sonder die heil wat aan ons in die Evangelie van Jesus Christus geskenk is nie. Maar dit is tog iets dat hulle gelewe het in die verwagting van die heil wat in Christus openbaar sou word; hulle lewe was op Christus gerig en Hy is 'n beloner van die wat Hom soek.

INHOUD

		Bls.
I.	Abel	9
II.	Henog	15
III.	Noag	22
IV.	Abraham se trek	29
V.	Abraham se familielewe	35
VI.	Die offer van Abraham	42
VII.	Isak seën sy seuns	48
VIII.	Jakob seën die seuns van Josef	55
IX.	Josef op sy sterfbed	61
X.	Die geloof van Jogébed	68
XI.	Die geloofskeuse van Moses	74
XII.	Geloof in ballingskap	81
XIII.	Die Pasga	87
XIV.	Die deurtog deur die Rooisee	93
XV.	Die muur van Jerigo	99
XVI.	Ragab	105
XVII.	Gideon	112
XVIII.	Barak	117
XIX.	Simson	124
XX.	Jefta	130
XXI.	Dawid	136
XXII.	Samuel	142
XXIII.	Daniël	148
XXIV.	Die drie vriende in die vuuroond	154
XXV.	Opwekking van dodes	161
XXVI.	Die martelaars	167
XXVII.	Jeremia	174
XXVIII.	Jesaja	179
XXIX.	In die woestyn	185

H.A.U.M.

GELOOFSHELDE ONDER DIE OU VERBOND